

HOOFSTUK 3

DIE MOEDERKERK REIK DIE HAND VAN HULP

Na sy terugkoms in 1904, het ds. L.P. Vorster predikant van die Gereformeerde Kerk in Burgersdorp, 'n reeks artikels gepubliseer oor die Afrikaners in Argentinië. Hierdeur het die omstandighede van die mense in Suid-Afrika bekend geword en is die aandag van die N.G. Kerk in Suid-Afrika op Argentinië gevestig.¹⁾ Reaksie op hierdie artikels het nie uitgebly nie en dit was ds. A.G.T. Schoevers van Upton wat eerste die pen opgeneem het. Hy het vurig gepleit vir planne om 'n Evangeliedienaar daarheen te stuur: „mijns insiens is de tijd daar dat onse Kerk het oog 'n zeil houden moet om die menschen zoo spoedig mogelijk van de Kerklike voorrechten te voorzien".²⁾

Die Kerkbode het in hierdie tyd 'n artikel oorgeneem uit „De Vereeniging" waarin ook gepleit is vir bearbeiding van die Afrikaners in Argentinië: „de roeping der Kerk is duidelik: Zij moet zorgen dat die menschen bearbeid worden. Mogen stappe dadelijk genomen worden".³⁾

Nieteenstaande die dringende oproepe tot pligsvervulling, is die aangeleentheid deur geen meerdere vergadering ter tafel geneem nie.

1. Pogings aangewend om bediening te verkry

Dat die kerklike toestand in Argentinië reeds allertreurigs was, spreek uit die volgende brief wat uit Argen-

1) Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.18.

2) Die Kerkbode, 18 Februarie 1904.

3) Ibid., 4 Augustus 1904.

tinie ontvang is en in die Kerkbode gepubliseer is:

„U vraagt mij omtrent een predikant, maar het spyt mij te zeggen, dat de Afrikaanders, die hierheen gekomen zijn geestelijk dood zijn. De kinderen in deze kolonie groeien als heidenen op en van al de huizen waarin ik al was, is er slechts een waarin huisgodsdiensit gehoudens word. Ik het al de zaak met verscheidene van de oudere menschen besproken, maar al antwoord dat zijn geven is — „Ons is te min en te zwak om een predikant te onderhou" .. Maar instede van plannen te maken klagen zij„de geld is so min" en tog hebben zij altyd geld over voor sports, danspartijen en drank. Toch zijn zij niet slecht van harte, maar o, wij hebben een leeraar zoo hoogst nodig... Ik heb sooveel zijmpathie met sommigen der moeders. Zij gevoelen de noodsakelijkheid van en de behoefte aan een predikant, maar wanneer zij er over spreken dan is er altyd een of ander bezwaar". Die brief eindig met 'n gesprek wat die skrywer met die moeder gehad het en hy vra: „Is je nou heeltemaal tevrede in die nieuwe land Mrs.? „Neen". „Waarom niet?" „Kyk naar mijn kinders. Hier groei hul net zoo als heidenen op — zonder godsdiensit zonder school - en mijn jongste is al een jaar oud en nog niet gedoopt!" „Sal uw man dan niet moeite doen om te helpen een predikant hier te krijgen?" „Ik weet niet. Dit lijk ver mij net als of hy glad nie meer om godsdiensit geef van de oorlog af".⁴⁾

Ons het die brief redelik in sy geheel weergegee om aan te toon dat die geestelike toestand onder die mense luid om hulp geroep het.

4) Die Kerkbode, 1 Februarie 1906.

Wat egter tref, is dat dit slegs individuele stemme is wat opgegaan het, en dat daar geen daadwerklike poging van die kant van die kerkraad van die „Gemeente Chubut” aangewend is om bediening te verkry nie. Dit het o.a. daartoe bygedra dat Conradie geskryf het: „De stigting had absoluut geen voordeel gebring nie, want sedert 1903 tot 1907 by aankoms van ds. Jacobs was én „Gemeente Chubut” en haar kerkraad ’n dooie letter”.⁵⁾

Vanuit Argentinië was die stemme met die oog op geestelike bediening maar skraal. Van die kant van die kerkraad is altans niks gedoen nie. Vanuit Suid-Afrika het daar egter duidelike stemme opgegaan om voorsiening in die geestelike behoeftes van die uitgewekenes. In ’n skrywe van ds. D.J. le R. Marchand het hy die nood van die „Commissie voor Hulpbehoevende Gemeenten” met die oog op voorsiening van bediening, bekend gemaak. Tref-fend is, dat net gebiede in Afrika genoem word. Van die nood en die moontlikheid van bediening in Argentinië is in die skrywe nie ’n woord gerep nie.⁶⁾

Onder die rubriek „Predikanten Correspondentie” reageer ’n skrywer wat sy naam verswyg, op die genoemde skrywe van ds. Marchand. Hierdie skrywer het wyer as ds. Marchand gedink. Hy het ook aan die uitgewekenes in „Duitsch Oost Afrika” en in Amerika gedink:

„Wie zal gaan? Wie zal naar hen omzien? Zal er niet een der proponenten wezen die gewillig is om te gaan, al was't ook naar Argentina? Al beschouwen wij die

5) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., Deel II, p.18.

6) Die Kerkbode, 4 Januarie 1906.

Trekkers naar Argentina als verloren voor ons als een volk, wij mogen niet anders dan ons hun zieleheil aantrekken. Wat een zaak om onder de aandacht van de gemeenten te brengen? En mogelijk, wie weet wellicht alzo ook onder de aandacht van de hoogst geplaatsten in onze Kerk, want 't lijkt mij soms of onze „aan de groene tafel zittenden" weinig aggressief in zich hebben⁷⁾ By die „hoogst geplaatsten" het hy heel waarskynlik die Moderatuur in die oog gehad. Maar dit sou veral „Die Kerkbode" wees wat dit ten behoeve van die uitgewekenes na Argentinië opgeneem het.

1.1. Pogings van die Redakteur van die Kerkbode

In sy rubriek „Blikken in het Rond" het die redakteur ds. J. du Plessis, die bearbeiding van die Afrikaners, geweldig aangehelp. Nadat hy oor die geestelike nood elders uitgewy het, gaan hy voort:

„En hoeveel meer gewestes is daar nie waar ons landgenoten 'n karige bestaan gaan soek het en waar de verstands — en zielenood veel grooter is nog dan de lichamelijke. Wij denken aan Argentinië Moeten onze geloofsgenooten, ons vleesch en bloed ook daarby, steeds klagen: niemand zorgt voor onze ziele? Op niemand anders — op geen ander Kerkgenootschap zeker — kan de verantwoordelijkheid voor hun verstands - en zieleheil worden geworpen. In art. 4 van de Kerkwet verklaart onze Kerk aangaande al haar leden en aanhangers: „Deze allen blijven tot de N.G. Kerk van Zuid-Afrika behooren, zoo lang zij niet door woord of daad ten duidelikste toonen zich van haar af te scheiden of van

7) Die Kerkbode, 11 Januarie 1906, Predikanten Correspondentie.

hun betrekking tot de Kerk vervallen zijn verklaard". De uitgewekenen van wie wij spreken hebben zich niet van de N.G. Kerk afgescheid Inteendeel, zij toonen door het verlangen waaraan zij telkens lucht geven dat zij innerlijk verkleefd zijn aan de Kerk hunner vadersen".⁸⁾

Dit is baie duidelik dat hy die aandag van die Moderatuur hierdeur op die mense wou vestig en hulle van hulle taak en roeping t.o.v. dié mense wou oortuig.

In 'n volgende uitgawe het hy onder dieselfde rubriek, nadat hy 'n brief uit Argentinië onder oë gehad het waarin daar gepleit word vir geestelike bediening aldaar, met nog groter vuur gepleit vir daadwerklike optrede. Die genoemde brief, het hy gesê, moet gewis tot kragtige optrede beweeg:

„De honderden familiën in Zuid-Amerika mogen niet een maand langer onverzorg worden gelaten. Zal dan niet de Moderatuur terstond zich van de diensten van een of ander Proponent verzekeren die its over heeft voor zijn volk en Kerk? Dat had reeds moeten geschieden want de meeste proponenten ontvangen dadelijk na hun legitimatie — soms ook wel voor — een beroep tot leraar of hulpprediker. Zal er niet een of ander proponent zijn by wien liefde tot Kerk en volk niet een bloote „flatus vocis" is maar een drangreden tot zelfopofferenden arbeid? Meer dan een biedt zich aan om voor vijf jaren op zijn minst naar Nyasaland te gaan ten einde aldaar de Banier des Kruises te ontplooiën. Wie biedt zich aan om voor zegge slechts drie jaren naar Argentinië te gaan en onze stamverwanten voor zedelijken ondergang

8) Die Kerkbode, 25 Januarie 1906, Blikken in het Rond.

te helpen bewaren? De zaak is immers dringend" Daar moet dadelik gehandel word, so het hy verder gepleit.⁹⁾

Met luider stem het hy die Moderatuur probeer motiveer tot optrede t.b.v. die uitgewekenes na Argentinië. Eintlik het hulle reeds te lank gewag. Die geleentheid om 'n proponent te bekom word al skraler. Dit wil lyk asof die stelling van die onbekende skrywer: „want't lijkt mij soms of onze „aan de groen tafel zittenden" weinig aggressiefs in zich hebben"¹⁰⁾, 'n element van waarheid bevat het. Dit het inderdaad gelyk of die suggesties van die redakteur op dowe ore bly val.

En daar die redakteur oortuig was dat dit kan gebeur dat hierdie jaar weer verby kan gaan sonder dat daar iets gedoen is t.o.v. die voorsiening in die geestelike nood van die Afrikaners in Argentinië, gaan hy self oor tot 'n beroep op een van die proponente vir die werk in Argentinië.¹¹⁾

Hierdeur is die deur, met die oog op die bediening van die mense in Argentinië, oopgemaak. In spanning is daar nou gewag op die aanbod van een van die proponente.

In die tussentyd is verneem dat die Moderatuur wel iets gedoen het t.b.v. die uitgewekenes na „Angra Pequena". Dit het die redakteur van Die Kerkbode opnuut weer die geleentheid gebied om die saak nl. die bearbeiding van die Afrikaners in Argentinië, onder die aandag te bring: „Nu vragen wij nog slechts of er reeds iets is gedaan in

9) Die Kerkbode, 1 Februarie 1906, Blikken in het Rond.

10) Ibid., 11 Januarie 1906.

11) Ibid., 1 Februarie 1906, Blikken in het Rond.

zake de uitgewekenen naar Argentinië. Wij vertrouwen derhalve dat de Moderatuur reeds in correspondentie is met eenigen der jonge broeders en dat een of ander weldra gereed zal zijn om naar Zuid-Amerika te gaan. Laat onze Kerk toonen dat zij voor haar leden waakt, ook voor hen die zich buiten de grenzen der Kerk hebben begeven".¹²⁾

Dat die saak van o.a. die voorsiening in die geestelike nood van die Afrikaners in Argentinië hom swaar op die hart gedruk het, blyk daaruit dat hy by herhaling op die saak teruggekom het. Byna twee maande het verloop sedert hy op 1 Februarie 1906 'n baie duidelike oproep op die jong proponente gedoen het, om hulle tog beskikbaar te stel vir die werk onder die Afrikaners in Argentinië. Tot en met 22 Maart 1906 was daar nog geen reaksie nie.¹³⁾ Dit noop hom om weer die saak onder die aandag te bring. Hy wys op die verskil tussen Rome en die N.G. Kerk t.o.v. die plasing van werkskragte. Rome plaas sy biskoppe uit. Ons sê hy, moet wag totdat iemand hom vrywillig aanbied en dan gebeur dit soms dat 'n vakante gemeente nie gevul word nie met groter geestelike skade as gevolg. En dan, heelwaarskynlik om die aandag te trek, gaan hy oor tot die volgende uitsonderlike kennisgewing: „Dringend vereischt, de volgende Bisschoppen in partibus:

Een predikant voor Argentinië

Een predikant voor

waar zijn de jonge broeders en zusters om die te besetten?"¹⁴⁾

12) Die Kerkbode, 15 Maart 1906, p.129.

Blikken in het Rond.

13) Die Kerkbode, 22 Maart 1906, p.143.

14) Ibid.

So het hy weer eens 'n baie ernstige oproep gedoen in die verwagting dat iemand tog na vore sal kom.

1.1.1. Nie te vergeefs

Die hoop het nie beskaam nie. Sy pleitredes het die oog en hart van die jong proponent A.J. Jacobs geraak. Op 19 April 1906 kon die redakteur met blydschap bekend maak dat een van die proponente aangebied het om vir enige jare na Argentinië te gaan en daar te arbeid.¹⁵⁾

Proponent Jacobs het, sedert hy sy studies voltooi het, tydelik as hulp vir ds. S.P. Naude in Queenstown, diens gedoen.¹⁶⁾ In die tussentyd het hy ook 'n beroep na „Pietermaritzburg" ontvang, maar daarvoor bedank.¹⁷⁾

Die reaksie van die redakteur op die aanbod van proponent A.J. Jacobs was:

„Wij vertrouwen dat de Moderatuur, of de Commissie over het Hulpbehoevende Gemeente fonds, of wat lichaam zich ook met deze zaak heeft in te laten, dadelijk van het aanbod van den jongen Proponent gebruik zal maken. Wij twyfel en er niet aan of het geld voor zulk een zending zal spoedig gevonden worden"¹⁸⁾ Ds. D.J. le R.

Marchand het tog gesê dat vir die „verwaarloosden in Namaqualand en Rhodesia honderden ponden byeen gebragt" is.¹⁹⁾ In die geval van die „verwaarloosdes" in Argentinië, sal 'n spesiale fondsinsameling seer sekerlik nie minder geslaagd wees nie. Min het hy vermoed dat die poging om fondsinsameling nie so geslaagd sou wees

15) Die Kerkbode, 19 April 1906, Blikken in het Rond, p.193.

16) Die Kerkbode, 8 Maart 1906, p.115.

17) Die Kerkbode, 31 Mei 1906, p.264.

18) Die Kerkbode, 19 April 1907, Blikken in het Rond, p.193.

19) Die Kerkbode, 4 Januarie 1906.

nie,²⁰⁾ en dat gebrek aan fondse inderdaad sou verhoed dat die werk na behore gedoen kon word.²¹⁾

In elk geval, die pogings van die redakteur om in die geestelike behoeftes van die uitgewekenes na Argentinië te voorsien, was nie sonder sukses nie. Dat die sending van ds. A.J. Jacobs 'n direkte gevolg was van die oproep deur die redakteur in Die Kerkbode gedoen, sê ds. Jacobs self „Die Kerkbode” het 'n beroep op die proponente van 1906 gedoen om hulle die lot van die mense in die afgeleë dele aan te trek: „Ik bood me aan voor het werk onder de Boeren Immigranten in Patagonië”.²²⁾ Die inisiatief met die oog op die bearbeiding van die Afrikaners in Argentinië het dus nie van die Kommissie vir Hulpbehoewende Gemeentes van die Kaapse Kerk in oorleg met die Moderatuur uitgegaan soos Lückhoff beweer nie.²³⁾ Die feit dat in die geestelike behoeftes van die Afrikaners in Argentinië uiteindelik voorsien is, is feitlik geheel en al te danke aan die ywer wat deur die redakteur van Die Kerkbode, ds. J. du Plessis aan die dag gelê is.

2. Die Sending van ds. A.J. Jacobs

Die aanbod van proponent Jacobs is voorlopig deur die Moderatuur en die Kommissie vir Hulpbehoewende Gemeentes aangeneem.²⁴⁾ Die uitgawes in verband met die

20) Handeling van die een-en-twintigste Vergadering van die Synode der Ned. Ger. Kerk in Z.A. gehou te Kaapstad op den 18den October 1906 e.v.d.

21) Handeling van die twee-en-twintigste Vergadering van die Synode der Ned. Ger. Kerk in Z.A. gehou te Kaapstad, Veertiende Sitting IV.

22) Die Kerkbode, 23 Maart 1911.

23) Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.20.

24) Die Kerkbode, 26 April 1906, „Kennisgewings” p.202.

sending sal voorlopig uit die fonds vir Hulpbehoewende Gemeentes gedek word.²⁵⁾

Proponent Jacobs is deur die Moderatuur en die Kommissie vir Hulpbehoewende Gemeentes gevra om vir minstens een jaar na Argentinië te gaan vir die behartiging van die geestelike werk onder die Afrikaners aldaar.²⁶⁾

Die Moderatuur en die Kommissie vir Hulpbehoewende Gemeentes was egter baie bekommerd dat die fonds binne afsienbare tyd uitgeput sal wees. Daarom het hulle 'n beroep op die gemeentes gedoen om spesiale bydraes vir die saak. Bydraes moes die Saakgelastigde so spoedig moontlik bereik.²⁷⁾ Hierdie oproep is vir 'n paar weke na mekaar in Die Kerkbode herhaal.²⁸⁾ Die redakteur van Die Kerkbode het hierdie poging tot fondsinsameling natuurlik heelhartig gesteun. Hy was selfs baie optimisties dat geld vir die doel maklik en spoedig gevind sou word.²⁹⁾

So het die saak van die bediening van die Afrikaners in Argentinië uiteindelik op dreef gekom en het dit die goedkeuring van baie weggedra: „De Sinode heeft wel gedaan met uiteindelijk een predikant te zenden naar Argentinië. Aan waarschuwingen voor den Trek heeft het niet ontbroken. Nu is het lot beslist. Ons landgenooten zijn er, en zij hebben ze te verzorgen. De Kerk vervult hierin haar roeping”.³⁰⁾

25) Die Kerkbode, 26 April 1906, p.202.

26) Die Kerkbode, 26 April 1906, Blikken in het Rond, p.206, ook Die Kerkbode, 23 Maart 1911.

27) Die Kerkbode, 26 April 1906, „Kennisgewings”, p.202.

28) Ibid., 3 Mei 1906.

29) Die Kerkbode, 19 April 1906, p.193. Sien ook Die Kerkbode, 26 April 1906, p.206.

30) Die Kerkbode, 19 Julie 1906, p.351. Berig oorgeneem uit: „Het Gereformeerde Maandblad”.

2.1. Proponent Jacobs georden

Op 7 Junie 1906 kon ds. J.P. van Heerden, voorsitter van die Kaapstadse Ring, kennis gee dat proponent A.J. Jacobs op Maandagaand, 18 Junie 1906 om 7.30 nm. in die Groote Kerk Kaapstad georden sou word. Die ordeningsrede sou deur prof. Marais waargeneem word.³¹⁾ Die bepaalde aand het dit gereën en dit het daartoe bygedra dat die opkoms nie so goed was nie. Tog was daar 'n hele aantal predikante teenwoordig t.w. di. D. Bosman, B. en D. Marchand, Z.J. de Beer, J.G. de Bruyn, F.X. Roon, B.J. Haarhoff, N.J. Brummer, J. du Plessis, Eerw. B. Pienaar en F.N. van Niekerk, asook prof. Marais. Nadat ds. B. Marchand die byeenkoms geopen het deur te lees uit Hand. 16, te laat sing en voor te gaan in gebed, het prof. Marais die ordeningsrede gelewer. As teksvers het hy Hand. 16 : 9 gekies.³²⁾

2.1.1. Die rede

Die hoof trekke van sy rede was: „Wij hebben te doen met den droom van een bekeerden Jood, maar in den droom is de gansche geschiedenis van Europa begrepen. Een nieuwe bladzijde word omgeslagen in de geschiedenis der mensheid. Zoo worden ook wij geroepen om het eerste deel van een nieuwe geschiedenis te schrijven. Evenals God Azië schijnbaar verliet om het Evangelie op den bodem van Europa over te planten, zoo kan het zijn dat God nu een plan heeft voor het zoozeer verwaarloosde Zuid-Amerika. Paulus aanvaardt zijn taak in volkomen afhankelijkheid van den Heilige Geest met de

31) Die Kerkbode, 7 Junie 1906, „Kennissgewings“, p.274.

32) Ibid., 21 Junie 1906.

onmiskenbare tegenwoordigheid van Jesus door zich de keuze des Heilige Geest beslist te laten welgevalen." Nadat ds. D. Bosman die formulier gelees het, is proponent Jacobs die hande opgelê deur die aanwesige predikante. Vanaf die preekstoel het hy toe enkele bedankings gedoen en „drukte den aanwezigen op het hart dat hij bij het aanvaarden van het gewichtig werk dat hij ging doen, zich vooral ook afhankelijk gevoelde van hun gebeden".³³⁾

2.2. Sy opdrag

Die opdrag van die Moderatuur was o.a. dat hy: „het Evangeliewerk in al deszelfs delen van prediken, catechiseeren, bedienen van den doop en't avondmaal aan de Boeren Immigranten in Patagonië zou verrichten — Scholen en andere inrigtingen die ten doel hadden de verstandelijke en geestelijke opbouwing van jong en oud, moesten natuurlik ook worden opgericht — Voorts moest de leeraar werkzaam zijn in't belang van het Koninkrijk Gods zonder aanziens des persoons en zijne diensten desnoods ook uitstrekken tot leden van andere Protestantsche Genootschappen buiten onze Kerk om".³⁴⁾

2.3. Ds. Jacobs vertrek

Op 11 Julie 1906 het hy Kaapstad verlaat met die stoomboot „Saxon" na Madeira. Van daar af is hy met die „Aragon" via Brasilië, na Argentinië.³⁵⁾ Die dag so skryf hy, was vir hom 'n dag van droefheid en van vreugde: „die droefheid wat mens se hart vervul, as jy vir lang tyd jou land gaan verlaat, en die blydschap wat jy ondervind as jy iets goeds aan 'n deel van jou volk mag doen".³⁶⁾

33) Die Kerkbode, 21 Junie 1906, p.301.

34) Ibid., 23 Maart 1911, Verslag van geestelik werk onder de Boeren Immigranten in Patagonia.

35) 'n Dominé, a.w., p.13. Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.21.

36) Ibid., p.13.

Twee van sy kollega-vriende, t.w. Heine Gerdener en T.A.T. Louw, het hom tot op die skip vergesel.³⁷⁾

Vriende van die gemeentes Robinson en Swellendam het aan hom ekstra reisgeld gegee om te reis soos reeds genoem is.³⁸⁾

2.3.1. Aankoms in Buenos Aires

Op Saterdag, 18 Augustus 1906, het ds. Jacobs in Buenos Aires aangekom. Daar het sy werksaamhede byna onmiddellik 'n aanvang geneem.³⁹⁾ Reeds die eerste dag het hy 'n aantal van sy landgenote ontmoet. Dit was 'n groepie wat die land al gesien het, maar wat ontevrede was en op pad om na Suid-Afrika terug te keer.⁴⁰⁾ In totaal was hulle 24 persone.⁴¹⁾

Die 22ste Augustus het hulle 'n groep immigrante uit Suid-Afrika onder leiding van mnr. Piet Visser, wat toe pas in Buenos Aires aangekom het, ontvang. Hierdie groep het uit 40 persone bestaan onder wie daar ook „Engelsche Afrikaners" was.⁴²⁾ Sondagmiddag, die 26ste Augustus, het hy vir hierdie Trekkers en die terugtrekkers, 'n diens gehou in die groot kerk van dr. Maclaughlin, wat hy goedwillig vir die geleentheid afgestaan het.⁴³⁾ Dr. Maclaughlin was hoof van die American Methodist Episcopal Church in Argentinië.⁴⁴⁾ Almal kon die diens

37) 'n Dominé, a.w., p.13.

38) Die Kerkbode, 12 Julie 1906, p.336.

39) Ibid., 28 Augustus 1906, Skrywe ds. A.J. Jacobs.

40) 'n Dominé, a.w., p.66.

41) Die Kerkbode, 28 Augustus 1906.

42) Ibid., 27 September 1906, p.469.

43) 'n Dominé, a.w., p.66.

44) Ibid., p.80.

egter nie bywoon nie. Nogtans was sy gehoor om en by die 70 persone: „het was waarlik voor ons een verkwikking om weer eens luidkeels Ps. 146 te zingen en voor de eerste maal als een deel van de „Gemeente Argentina" te vergaderen."⁴⁵⁾ „Die ou Voortrekkers Psalm en Gesang, so het ds. Jacobs verder geskryf, het vreemd op so 'n bodem geklink. Dit was miskien die gedagte, naamlik dat ons in die hart van die Roomse stad aanbid, dat die godsdiens oefening van Boere in die vreemde seer inspirerend was".⁴⁶⁾

Dit moes aangrypende oomblikke gewees het en dit moes hulle tot ernstige nadenke gestem het soos ds. Jacobs dan ook inderdaad geskryf het: „We spraken en boden erover, dat de Heer de lotgevallen van deze zonen van de Hugonoten zoo bestieren mocht, dat de overplanting van't Gereformeerde geloof ook in dit land mocht zijn tot verheerlijking van Zijnen naam en tot zegen voor de inwoners van't land"⁴⁷⁾

Wat 'n heeg verhewe doel het hulle nie vir hulleself in die land gesien nie! Waarlik, ds. Jacobs was die eerste „Gereformeerde" predikant wat Argentinië betree het om ook hier die gereformeerde geloof soos hy gesê het, oor te plant.

Dat hierdie mense bly was om 'n predikant te sien, het nie veel motivering nodig nie. In Buenos Aires was ook reeds 'n klompie seuns en dogters, Vissers en Venters, wat daar skool gegaan het.⁴⁸⁾ Hy het dit as een van sy

45) Die Kerkbode, 27 September 1906, p.469.

46) 'n Dominé, a.w., p.66.

47) Die Kerkbode, 27 September 1906, p.469.

48) 'n Dominé, a.w., p.66.

take beskou om hulle op te soek: „Men is zeer verlangend geweest naar een leeraar! Dit was zeer gemakkelijk te zien, en de gereedelijke ondersteuning, die wij op alle mogelijke wijze ontvangen, is een bemoedigend bewijs hiervan”.⁴⁹⁾ Dr. Maclaughlin was die Boere ook baie goedgesind en het ds. Jacobs en nog 'n paar van hulle een Sondagmôre na sy diens uitgenooi. Daar het hy hulle baie hartlik verwelkom as mede-Protestante.

Die dominee het hom (vir ds. Jacobs) toegang verskaf tot die goewerment: „zoodat ik gauw op den hoogte zal zijn wat wij volgens 's lands wette en gewoonten al of niet mogen doen op Kerk en schoolgebied”.⁵⁰⁾

Ds. Jacobs het verder drie sake van groot betekenis hier afgehandel, wat ons kortliks wil aanstip. In die eerste plek het hy vergesel van dr. Drees, „Elder” van die A.M.E. Kerk van Buenos Aires, die direkteur van onderwys, dr. Diaz gaan spreek oor onderwysaangeleenthede. Hier-oor sal ons later breedvoerig handel onder die hoof: „Ds. Jacobs en die Onderwys”.⁵¹⁾ In die tweede plek moet sy besoek aan die kantoor van die Minister van Binnelandse sake vermeld word. Hier het hy 'n vorm gaan teken, wat hom in staat sou stel om sy amp in die land, uit te oefen.⁵²⁾ Die laaste saak wat ons wil noem is: sy registrasie as Engelse onderdaan: „ons moes sorg dat ons name by die Britse Konsul as Engelse onderdane geregistreer word. Mens weet nooit wanneer dit sou nodig wees om soos Paulus jou op die

49) Die Kerkbode, 27 September 1906, p.469.

50) Ibid., p.470.

51) 'n Dominé, a.w., p.78.

52) Ibid., p.83.

Keiser te beroep nie. Ons was almal onderdane van Koning Eduard maar die feit moes by die Konsulaat Generaal aangeteken wees, anders kon ons wanneer dit nodig is, nie aanspraak maak op die beskerming en respek wat ons as Engelse onderdane toekom nie".⁵³⁾

2.4. Ds. Jacobs vertrek na Comodoro Rivadavia

Die Trekkers onder leiding van Piet Visser, het op 27 Augustus 1906 na Comodoro Rivadavia vertrek.⁵⁴⁾ Ds. Jacobs is egter nie met hulle saam nie aangesien daar nog sake was wat hy in Buenos Aires moes afhandel. Hy was op die stadium ook nog nie seker of hy per skip of oor land na die verafgeleë Chubut sou gaan nie.⁵⁵⁾

„Eindelik so het hy geskryf, was dit by my 'n uitgemaakte saak, ek sou nie oor see maar oor land gaan" ⁵⁶⁾ Hy wou eers die Boerefamilies van die Bresler-trek, wat hulle in die Cordilleras (die Andes-gebergtes is so genoem) gevestig het, gaan besoek om dan van daar te perd oor die berge na Chubut gaan.⁵⁷⁾

2.4.1. D. Bresler en sy Kolonie

In 1904 het Daniël M. Bresler, 'n neef van generaal J.C. Smuts,⁵⁸⁾ van die Argentynse Regering 50 plase onder konsessie vir Boerefamilies gekry. Hy kon die vyftig plase of in Patagonië, Rio Negro of in die provinsie Neuquen kry.⁵⁹⁾ Sy keuse het op die plase in die provinsie Neuquen geval. Ruicachoroy,

53) 'n Dominé, a.w., p.84.

54) Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.21.

55) 'n Dominé, a.w., p.84.

56) Ibid., p.85.

57) Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.21.

58) Macdonald Kurina, woonagtig te Buenos Aires, Brief in my besit.

59) Ibid.

was die deel se naam. Dit was ongeveer 90 myl noord van „San Martin de Los Andes", 'n militêre stasie,⁶⁰⁾ geleë aan die Alumene-rivier. Bresler was 'n kommandant in die Tweede Vryheidsoorlog en is ook „Commandante Boer" deur die Argentyners genoem.⁶¹⁾ Hy was uit die Transvaal afkomstig, vroeër van Hermon in die Kaap Provinsie.⁶²⁾ Hy het in die omgewing van San Martin gewoon en het ook 'n huis op die dorp gehad.⁶³⁾ Sy vier kinders het aan die private Duitse skool in Valdivia, Chili, skoolgegaan.⁶⁴⁾ In die onmiddellike omgewing van San Martin, het daar ook 'n aantal Boerefamilies gewoon⁶⁵⁾ maar die gebied wat aan Bresler toegesê was vir kolonisasie, was soos ons reeds gesien het, ± 90 myl noord van San Martin. Bresler kon egter nie genoeg mense kry om die kolonie te bewoon nie,⁶⁶⁾ nieteenstaande die feit dat hy aan generaal J.C. Smuts geskryf het om vir hom mense vir die plase te werf.⁶⁷⁾

So het ander nasionaliteite hulle dan ook in die kolonie gevestig. Dit moes egter mense wees wat „Hollands" of 'n bietjie Hollands geken het, want die plase moes deur „Boere" geokkupeer word. 'n Aantal Hollanders uit Transvaal het hulle hier by die Boere kom aansluit. Dit was mense wat in president Kruger se tyd in die Transvaalse Republiek gewoon het as amptenare van „De Zuid-Afri-

-
- 60) 'n Dominé, a.w., p.145, ook p.140. Sien ook C.P. Bresler, QC., „Lineage of Conflict", apb Publishers, (1952).
 61) 'n Dominé, a.w., p.144.
 62) Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.12.
 63) 'n Dominé, a.w., p.141.
 64) Ibid., p.184.
 65) Ibid., p.141.
 66) Ibid., p.142.
 67) Macdonald Kurina, woonagtig te Buenos Aires, Brief in my besit.

kaansche Spoorweg Maatschappij". Hierdie mense was baie welkom in die kolonie, behalwe „Nasionale Skouts", het kommandant Bresler gesê.⁶⁸⁾

Die wêreld was uiters geskik vir grootvee. Lusern het daar wild tussen die berge gegroei soos in Switzerland. Die kolonie is verder beskryf as pragtig, „daar is niks in Suid-Afrika wat kan dien as 'n vergelyking nie", ook uiters geskik vir saaiery, met orals wilde appelboorde.⁶⁹⁾ Dit was die deel waarmee ds. L.P. Vorster die mense in Suid-Afrika by sy terugkoms betower het. Oor waarom die Trekkers uit Suid-Afrika nie almal in die eerste plek hierheen gekom het nie, lig Bresler die sluier effens as hy sê: „party van die Boere-leiers wou die mense na die suide in Patagonië lok en ander wou hulle weer na die weste in Chili neem". Hieroor was daar 'n bietjie wrywing in die begin.⁷⁰⁾

2.4.2. Die dominee vertrek

So het ds. A.J. Jacobs dan uit Buenos Aires vertrek om eers hierdie mense te gaan besoek. Ongeveer aan die begin van September het hy Buenos Aires per trein verlaat.⁷¹⁾ By Las Flores, 'n klein dorpie, het hy eers sy reis onderbreek om 'n Baptistiese sendingstasie te besoek. So ook by Tandil en Tres Arroyos.⁷²⁾ In Tres Arroyos het hy 'n hele rukkie vertoef aangesien daar baie Hollanders gewoon het en hy hulle graag wou besoek.⁷³⁾ Soos hy verneem het, het hulle almal tot

68) 'n Dominé, a.w., p.142, 147.

69) Ibid., p.142, 145.

70) Ibid., p.142.

71) Ibid., p.95.

72) Ibid., p.96, 97.

73) Ibid., p.97.

die „Christelike Gereformeerde Kerk" behoort. Bewus van sy opdrag van die Moderatuur, kon hy hierdie mense nie sommer so verbygaan nie: „Ek het toe ook alle moontlike middels aangewend om met hul lotgevalle bekend te raak en hier en daar 'n vertroostende of waarskuwende woord spreek".⁷⁴⁾

Maar dan vind ons tog 'n baie eenaardige optrede van ds. Jacobs onder die mense. Die Baptistiese sendeling, eerw. Hercus by wie hy tuis was, het aan hom meegedeel dat hy van die begin af probeer het om die mense te wen, maar dat dit hom nie geluk het nie.⁷⁵⁾ Toe ds. Jacobs die mense besoek, het hy hulle egter aangemoedig om by die Baptiste aan te sluit: „Ek het my goedkeuring daaraan geheg en dit later in die Kerk publiek uitgespreek. Die wat nog in twyfel was, het ek aangemoedig."⁷⁶⁾ Hierdie daad getuig van 'n gebrek aan perspektief en helder omlynde beginselbesef. Pas drie weke vantevore, nadat hy 'n diens vir die Boere in Buenos Aires gehou het, het hy geskryf: „we spraken en baden erover dat de Heer de lotgevallen van deze zonen van de Hugenoten zoo bestieren mocht, dat de overplanting van't Gereformeerde geloof ook in dit land mocht zijn tot verheerlijking van Zijnen naam en tot zegen voor de inwoners van't land"⁷⁷⁾ Hier tref hy nou mense aan, wel nie seuns van die Hugenote nie, maar van die Geuse wat in Nederland aan die Christelike Gereformeerde Kerk behoort het, maar wat nog nie in 'n gemeente georganiseer was nie. En die opdrag van die Moderatuur het gelui: „Voorts moest de leeraar

74) 'n Dominé, a.w., p.98.

75) Ibid., p.98.

76) Ibid., p.99.

77) Die Kerkbode, 27 September 1906.

werkzaam zijn in't belang van het Koninkrijk Gods zonder aanziens des persoons en zynen dienste desnoods ook uitstrekken tot lede van ander Protestantse Genootschappen buiten onze Kerk om".⁷⁸⁾ Watter mooi diens kon dit nie wees om hierdie mense in 'n gemeente te organiseer, met wie die gemeente in Chubut later in verband kon tree nie? Vergelyk hiermee die optrede van ds. L.P. Vorster:

„Om nu die mense (die Boere aan boord van die S.S. Cornwall) sonder eenige Kerkelike organisasie te laten, zou voor hulle geestelike en voor hulle maatschappelike welzijn hoogst nadeelig wezen. Ek besloot daarom in overleg met die broeders, hulle tot een Gemeente te stichten, vooreerst sonder eenig Kerkelik verband en het dan aan hulle selfen over te laten om verband te soeken ..."⁷⁹⁾ Hoe sou hulle gebed in Buenos Aires nie hierdeur reeds in vervulling gegaan het nie! Maar dit blyk duidelik dat hy hom deur eerw. Hercus laat gebruik het om sy Baptiste-gemeente uit te brei.

Saam met Dirk Zylstra, wat beskryf is as „'n Moses van ouds wat seer bekommer was oor die toestand van sy volk", het hy by feitlik al die Hollanders besoek afgelê.⁸⁰⁾ Ds. Jacobs se aanmoediging om by die Baptiste aan te sluit, het blykbaar geen uitwerking gehad nie, want die verskil tussen die Baptiste en die Christelike Gereformeerde Kerk is, soos hy self gesê het, te groot.⁸¹⁾ Daarom moes daar 'n ander plan gemaak word. Hy was reeds 10 dae onder die Hollanders „en nog het

78) Die Kerkbode, 23 Maart 1911.

79) Vorster, ds. L.P., artikel in „Ons Land", 26 Januarie 1904.

80) 'n Dominé, a.w., p.98, 99.

81) Ibid., p.98.

ek hulle nie kon deurgrond nie".⁸²⁾ Die Sondag het hy 'n preek gehou oor die teks: „Dit zeg ik, dat een iegelijk van u zegt: Ik ben van Paulus, en ik van Apollos, en ik van Cefas, en ik van Christus".⁸³⁾ Hy het met 'n bepaalde doel die teks geneem omdat daar in Nederland „hedendaags zovele richtingen in een en dezelfde Kerrek is", en hy die verskynsel ook onder die Hollanders hier bemerk.⁸⁴⁾

Na die diens het hulle 'n vergadering gehou. Die doel was om 'n plan te beraam om 'n brief aan een of ander kerkgenootskap in Holland te rig, om te wys op die behoefte aan 'n leraar vir die immigrante alhier.⁸⁵⁾ Ds. Jacobs sou onderneem om die brief te skryf as die vergadering daartoe opdrag gee. Ds. Jacobs het die saak ingelei waarop Dirk Zylstra toe die volgende voorstel gemaak het:

„Hierdie vergadering van Nederlandse chacareros wil sy opreg gevoelde erkentenis uitspreek vir die belangstelling wat die voorsitter in ons gestel het en dra voorts aan hom op om aan die „Kristelike Gereformeerde Kerk" in Holland 'n brief te rig, ten einde die Kerk in die moederland op die groot behoefte te wys wat daar onder ons bestaan, wat die geestelike bearbeiding aanbetref". Oor die eintlike in die voorstel is nie gepraat nie. daar is meer uitgewy oor hoedanig so 'n leraar, wat die Gereformeerde Kerk miskien sou stuur, moet wees.⁸⁶⁾ Die vergadering is later verdaag sonder dat oor die voorstel gestem is.⁸⁷⁾ In 'n latere skrywe vermeld hy

82) 'n Dominé, a.w., p.100.

83) Ibid., p.100.

84) Ibid., p.101.

85) Ibid., p.100.

86) Ibid., p.101.

87) Ibid., p.102.

dat daar baie kinders onder hierdie Hollanders was wat nie gedoop was nie, asook vele wat „aangeneem” moet word.⁸⁸⁾ Dit verbaas ’n mens werklik dat hy nie die kinders gedoop het soos hy later wel die kindjie van ’n Roomse Vader en ’n Protestantse moeder in San Martin gedoop het nie. Ds. Jacobs berig dat hy tog later na Holland geskrywe het, en dat nie lank daarna nie dr. J. van Lonkhuijzen van die Christelike Gereformeerde Kerk daar ’n besoek kom aflê het.⁸⁹⁾ Hierdie berig skep die indruk asof dr. Van Lonkhuijzen hoofsaaklik gekom het n.a.v. hierdie skrywe van Jacobs. Maar tussen die Christelike Gereformeerde Kerk van Noord-Amerika en die Susterskerk in Nederland was daar vir jare reeds korrespondensie aan die gang oor die bearbeiding van die Hollanders in Argentinië. „In 1908 ging het eindelijk gebeuren. Nederland greep in en zond zijn „ambassadeur”, een man met byna onbeperkte volmachten gezien zijn activiteiten: Dr. J. van Lonkhuijzen”.⁹⁰⁾

Dat die skrywe van ds. Jacobs kon bygedra het tot die sending van dr. J. van Lonkhuijzen, mag wees maar met sekerheid kan dit nie aangedui word nie. Van hier het hy sy reis verder voortgesit, maar dit is opmerklik dat sy kontak met die Baptiste intiemer was as met die geesen stamgenote, die Hollanders van Tres Arroyos: „Van my sending vriende neem ek afskeid om na Bahia Blanca verder my reis voort te sit. Ons sal altoos aangename

88) Die Kerkbode, 21 Februarie 1907.

89) ’n Dominê, a.w., p.102.

90) Rullmann, sr. ds. J.A.C., „Een geslaagde mislukking”, Zendingcentrum, Baarn p.29. Ook „Ontstaan en Ontwikkeling van die Iglesias Reformadas in Argentina (Vertroulik) — G.K.A. Buenos Aires.

herinnerings van mekaar by ons omdra".⁹¹⁾ In Bahia Blanca het hy weer eens by 'n Baptis tuisgegaan.⁹²⁾ Van hier is hy verder per trein na Neuquen. Hier het die spoorlyn opgehou en sou hy sy reis op ander 'n wyse moes voortsit. Die einde van die spoorlyn het in werklikheid die einde van die wêreld beteken.⁹³⁾ In Neuquen het hy verneem van 'n militêre konvooi wat onder bevel van luit. Teniente Philippi, na „San Martin de los Andes" sou vertrek. Dit moes teen die einde van September gewees het. Deur bemiddeling van 'n Chilener, Don Santiago Faz, is hy aan die luitenant voorgestel en 'as gas van die luitenant sou hy dan met die konvooi saamgaan na San Martin.⁹⁴⁾

In totaal was hulle ± 309 persone wat die tog sou mee-maak. Drie honderd hiervan was soldate en drywers van die waens en karre.⁹⁵⁾ Buiten die waens en die karre was daar byna 200 perderuiters.⁹⁶⁾ Hierdie reis vanaf Neuquen na San Martin het 'n paar weke geduur. Hy vermeld elders dat hulle alreeds twee weke op reis was en toe nog ver van hulle bestemming af.⁹⁷⁾ Na baie ontberings, het die konvooi omstreeks die einde van Oktober in San Martin de los Andes aangekom.⁹⁸⁾ 'n Reis van om en by 1100 myl waarvan hy 800 myl per trein en 300 myl per poskar en perd afgelê het!⁹⁹⁾

91) 'n Dominé, a.w., p.102.

92) Ibid., p.109.

93) Ibid., p.117.

94) Ibid., p.124.

95) Ibid., p.124.

96) Ibid., p.125.

97) Ibid., p.128.

98) Ibid., p.140.

99) Die Kerkbode, 21 Februarie 1907.

2.4.3. Ds. Jacobs doen huisbesoek in die Kolonie

Aangekom, het ds. Jacobs sy intrek in die enigste hotel geneem. In groot spanning het hy gewag of hy nie dalk een van die Boere raakloop nie. Die middag van sy aankoms het hy reeds 'n sekere Jan Botha ontmoet wat hom toe na kommandant Bresler se huis op die dorp vergesel het. 'n Paar dae na sy aankoms op San Martin het hy met huisbesoek in die nabyheid van die dorp begin.¹⁰⁰⁾ Die mense wat hy hier aangetref het, was nie onverskillige of roekelose mense nie, maar vroom en godsdienstig, daarom: „Dat men bly was een leraar te ontmoeten en gewillig naar het voorlezen van Gods Woord luisterde, behoeft bijna niet gesezd te worden”.¹⁰¹⁾ Dat kommandant Bresler self 'n ernstige en diep gelowige man was, getuig ook die feit dat hy in 1913 'n brief na die S.A.P.-Kongres gestuur het: "begging that a series of appropriate verses from the Psalms should be sung at the Congress". Dat die kerklike vooruitsigte van hierdie mense duister was, is wis en seker, want in hierdie geweste was daar geen Protestantse leraar of sendeling nie. Dit het hulle blydskap by die aankoms van ds. Jacobs vergroot.¹⁰²⁾

Na die terugkoms van kommandant Bresler wat tydens die aankoms van ds. Jacobs in Buenos Aires was, is ds. Jacobs eers na die kommandant se plaas,¹⁰³⁾ saam met Martin, die oudste seun van die kommandant.¹⁰⁴⁾ Die plaas genaamd Quechuquina, het aan 'n groot meer Lago Lacar, gegrens en was ongeveer 12 myl van San Martin.¹⁰⁵⁾

100) 'n Dominé, a.w., p.141.

101) Die Kerkbode, 21 Febr.1907,no.8 Deel 24, p.94.

102) Ibid., 21 Februarie 1907, p.94.

103) Ibid.

104) 'n Dominé, a.w., p.151.

105) Ibid.

Van hier is hy nog verder wes in die rigting van Chili om 'n paar Hollanders en 'n familie wat almal gedeel het in die voorregte van die Kolonie van Bresler, te besoek.¹⁰⁶⁾ Hierna is hy met veel moeite, en blootgestel aan veel gevare na Chili.¹⁰⁷⁾ Wat die doel van hierdie besoek was, is nie duidelik nie. Hy het hier geen kerklike werk verrig nie, behalwe miskien om die vier kinders van Bresler te besoek wat in die private Duitse skool in Valdivia was.¹⁰⁸⁾ Hy het verder hier 'n diens bygewoon wat deur pastor Linke, 'n Duitser, gelei is.¹⁰⁹⁾ Die naaste bekende wat hy op die tog ontmoet het, was die kaptein van die boot waarmee hy oor die Pangquipulli-meer gevaar het. Die kaptein was "in the good days of Oom Paul", lank in Transvaal en wel in die kapasiteit van kroegman in die Royal Hotel op Potchefstroom.¹¹⁰⁾

Terug in San Martin, het Bresler reeds al die voorbereidings agter mekaar gehad sodat ds. Jacobs sy kolonie kon gaan besoek. Die kolonie, genaamd Ruicachoroy, was ongeveer 90 myl noord van San Martin. Met 'n half dosyn perde en as gids 'n sekere jong Boer, Liebenberg, het hy na die genoemde kolonie vertrek.

In die gebied noem hy die name van Steenkamps, vroeër van Burgersdorp, twee Durands en die Jouberts van Kimberley.¹¹¹⁾ In verband met hierdie besoek skryf hy later dat hy vir die mense nie meer kon doen as om hulle te besoek en uit te vind wat vir hulle in die

106) Die Kerkbode, 21 Februarie 1907, p.94.

107) Die Kerkbode, 21 Februarie 1907. Sien ook

'n Dominé, a.w., p.167 - 189.

108) 'n Dominé, a.w., p.184.

109) Ibid., p.187.

110) Ibid., p.179.

111) Ibid., p.144, 145.

toekoms gedoen kon word nie. 'n Wesentlike probleem is dat hulle baie verspreid woon.¹¹²⁾ Die inwoners van die kolonie self het gekla omdat hulle so min is en dat hulle in geen kerklike voorregte kon deel nie.¹¹³⁾ Wat ons tog ietwat verbaas, is waarom hy hierdie mense nie in 'n gemeente georganiseer het nie! Indien dit gebeur het, 'n kerkraad gekies en bevestig is, dan was daar immers in 'n behoefte voorsien en kon hulle onder leiding van die ampsdraers van tyd tot tyd, so dikwels moontlik saamkom in eredienste. Daar kon dan later verband gesoek word met òf Buenos Aires, Tres Arroyos òf Comodoro Rivadavia. Die enigste rede waarom hy die mense nie in 'n gemeente georganiseer het nie kan wees dat hy van die gedagte uitgegaan het dat die mense te min was en in die tweede plek dat hulle te verspreid gewoon het. Wat verder opmerklik is t.o.v. sy besoek aan die mense, is dat hy geen kinders gedoop het en ook niemand „aangeneem" het nie. Die enigste konklusie wat ons hieruit kan trek is dat daar geen klein kindertjies was wat gedoop moes word nie en dat daar ook geen jongelinge was wat „aangeneem" moes word nie. Wel het ds. Jacobs in San Martin 'n kindjie gedoop, maar dit was nie 'n kindjie van een van die Boerefamilies nie.

2.4.4. Ds. Jacobs doop 'n kindjie

'n Sekere Italiaan Santiago Bassin (hy was Rooms en sy Switsers gebore vrou, Feliza Mahieu, Protestants) het deur bemiddeling van 'n vriend van hulle ds. Jacobs versoek om hul 7-jarige dogtertjie Maria te doop.¹¹⁴⁾

112) Die Kerkbode, 21 Februarie 1907.

113) Ibid.

114) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,3/1. Ook 'n Dominé, a.w., p.165.

Ds. Jacobs het ingewillig en die datum vir die plegtigheid is vasgestel vir die 5de Desember 1906.¹¹⁵⁾ Die aanwesiges het die ruim eetkamer van die huis vol gesit: „Marietjie was soos 'n bruid in 'n wit tabbertjie gekleed met 'n blou lint in haar goue hare. Die doopouers het natuurlik nat Spaans verstaan, dus moes Don Guillermo (die vriend van die doopouers), wat ek uit die doopformulier in Engels oorsit, in Spaans, sin voor sin oortolk. Hy het dit ook op bekwame wyse gedoen. Die dogtertjie het, met haar onskuldige blou ogies na die hemel opgeslaan, ewe ernstig bly staan toe die water op haar voorhoof afrol. Al die ander mense het in daardie oomblik opgestaan, en kruise gemaak op hul bors. Terwyl ons na die plegtigheid druk besig was koek en wyn te gebruik, kom Maria en oorhandig my 'n vyftig daler stuk (£5). Dit kon nie hoër of laer, ek moet dit neem".⁽¹¹⁶⁾ So het ds. Jacobs die eerste kind in sy bediening gedoop, sonder dat die Woord vooraf verkondig is en 'n kerkraad teenwoordig was.

Helena Bassin soos haar naam oorspronklik was, het die eer dat sy die eerste ingeskrewe dooplidmaat van die later gestigte of herstigte „Gemeente Kolonia Boera" geword het.¹¹⁷⁾ 'n Regverdiging vir hierdie optrede het ds. Jacobs daarin gevind dat die moeder van die kind volgens haar doopseel gebore is in Molines, 'n klein dorpie in die Dauphine-provinsie in die suidooste van Frankryk: „Sy is 'n Frans-Waldense, dus

115) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,3/1.

116) 'n Dominé, a.w., p.166.

117) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,3/1.

afkomstig van die sogenaamde Vandois wat die reputasie dra dat hulle die eerste protestante in Frankryk was. Selfs voor Luther het die Waldense sommige stellings van die Pous verwerp. Hulle het ook die langste teenstand gebied aan die vervolgings teen alle Protestante".¹¹⁸⁾ Die lyn van die verbond kon dus volgens Jacobs eeue teruggevoer word.

2.4.5. Ds. Jacobs se ontmoeting met Lombaard

In die omgewing van San Martin het daar ook 'n sekere Lombaard gewoon. Hy was 'n lidmaat van 'n Gereformeerde gemeente in Suid-Afrika. Treffend is ds. Jacobs se beskrywing van sy ontmoeting met hierdie Lombaard. Ds. Jacobs begin deur te sê dat die gesprek dadelik op kerksake oorgegaan het: „Broeder Lombaard is 'n heel ander sienswyse toegedaan as ons. Hy wil hê ons moet ons eie Kerk stig, onafhanklik van die N.G. Kerk van Suid-Afrika. „Dit moet ons doen", sê hy, „om 'n behoorlike kerklike status te kan hê, want soos dit nou is, kan ons nie êrens in 'n Presbyteriaanse kerkstelsel inpas nie. Onder watter Ring sou ons gemeente moet sorteer? In watter verband tot die Kerk as geheel sal ons staan? Veral met die oog op die twee gesindtes wat hier verteenwoordig is, meen hy dat ons vireers maar so sonder enige verband moet bly!" Toe ek hom vra of hy meen dat ons 'n Independent Kerk hier moes oprig, het hy daarteen ook geobjekteer. Dit het my gelyk of die vriend van opinie was dat ons 'n soort Biskoplike Kerk hier moes in die lewe roep en dat ek dan, as die enigste leraar, die status sal moet hê van

118) 'n Dominé, a.w., p.165.

Episcopus in partibus infidelium!"¹¹⁹⁾ Hier is ds. Jacobs vir die eerste keer gekonfronteer met sekere probleme wat op hom sou wag in Chubut, waar daar meer Gereformeerdes was. Uit hierdie aanhaling is dit baie duidelik dat Lombaard en Jacobs uit twee verskillende wêrelde kom. Dit is baie duidelik dat hy die „taal" van Lombaard nie verstaan het nie. Wat Lombaard voor oë gehad het was baie nader aan 'n oplossing as die pad wat Jacobs voor oë gehad het. Dit is duidelik dat ds. Jacobs hom sou hou by sy opdrag en hom hoofsaaklik by die lidmate van die N.G. Kerk sou bepaal. Wil die lidmate van die Gereformeerde Kerk, kerklike bediening hê, is hulle gedwonge om by die N.G. Kerk aan te sluit. En kon hulle as dit van die staanspoor af geblyk het dat die kerkbegrip van ds. Jacobs radikaal verskil van die aanvaarde Gereformeerde belydenis? Dat die plaaslike kerk 'n selfstandige openbaring van die liggaam van Christus is, was vir ds. Jacobs nie so 'n algemeen bekende gedagte nie. En dat die kerk nie geregeer word deur 'n Sinode nie, maar deur die kerkraad, was vreemd aan sy opleiding. Daarom interpreteer hy Lombaard se gedagte as sou hy „'n soort Biskoplike Kerk hier in die lewe wil roep en dat ek dan as enigste leraar die status sal moet hê van Episcopus in partibus infidelium!"¹²⁰⁾

Dit was duidelik dat Lombaard die kerklike verdeeldheid soos dit in Suid-Afrika bestaan het, nie hier wou voortsit nie, maar dat hy aan die ander kant ook nie bereid was om onder die N.G. Kerk van die Kaapprovinsie ingeskaal te word nie. Sou dit nie wys wees om „vireers maar

¹¹⁹⁾ 'n Dominé, a.w., p.165.

¹²⁰⁾ Ibid., p.144.

sonder verband" te bly soos Lombaard gesê het en dan later of by die Christelike Geref. Kerk van Noord-Amerika of by die Gereformeerde Kerk van Nederland in te skakel nie? Sou sy bede nl. dat „die Gereformeerde geloof tot zegen mocht zijn voor de inwoners van't land"¹²¹⁾, nie hierdeur in 'n groot mate sy vervulling gevind het nie?

2.4.6. Tussen San Martin en Comodoro Rivadavia — ds. Jacobs te perd

Dit was 'n koue en reënagtige dag toe ds. Jacobs die 10de Desember 1906 vanaf San Martin na die Boerekolonie in Patagonië vertrek het.¹²²⁾ Dit was 'n lang en gevaarlike tog, + 500 myl, wat hy te perd moes aflê.¹²³⁾ Sy grootste probleem was om 'n geskikte persoon as gids deur daardie woeste wêrelddeel te vind.¹²⁴⁾ „Niemand van onze landgenooten kon door omstandigheden mij op deze reiz vergesellen".¹²⁵⁾ 'n Sekere Liebenberg sou miskien kon saamgaan, maar a.g.v. die feit dat hy 'n plaas in Rucachoroy moes gaan okkupeer, kon hy dit nie doen nie.¹²⁶⁾ So is besluit dat 'n sekere Juan Figueroa, wat as 'n kneg diens gedoen het en diep in die skuld by kommandant Bresler was, as gids met ds. Jacobs sou saamgaan.¹²⁷⁾ 'n Kontrak is met Juan voor die plaaslike kommandant aangegaan en so het hulle voorsien van dik ponchos, gewapen met rewolwers en 'n geweer vertrek.¹²⁸⁾ Sy verwagting was dat hy „bij leven en gezondheid binne een maand of minder"

121) Die Kerkbode, 28 Augustus 1906.

122) Ibid., 21 Februarie 1907, Deel 24, p.94. Sien ook 'n Dominé, a.w., p.191, 192.

123) Ibid., 21 Februarie 1907, p.94.

124) 'n Dominé, a.w., p.191.

125) Die Kerkbode, 21 Februarie 1907.

126) 'n Dominé, a.w., p.191.

127) Ibid.

128) Ibid., p.191, 192.

daar sou wees.¹²⁹⁾ Vir hierdie tog het hulle agt perde gehad. Nadat hulle 13 dae op pad was, het ds. Jacobs een môre, toe hy wakker word, die ontstellende ontdekking gemaak dat Juan die nag spoorloos verdwyn het. Hy het vyf perde met hom saamgeneem.¹³⁰⁾ Ds. Jacobs het hom nooit weer gesien nie en moes sy reis toe verder alleen voortsit. Hy het nog ± 297 myl gehad om af te lê.¹³¹⁾

Op Oujaarsdagmôre het die afstand reeds gekrimp tot ongeveer 120 myl.¹³²⁾ Soms moes hy myle loop omdat die perde toe te moeg was.¹³³⁾ Byna in Comodoro Rivadavia, raak sy perde weg en „met die toom oor die rug loop ek kloue deur en berge oor".¹³⁴⁾ Laat die middag het hy op hulle afgekom. Twee uur later het hy op 'n gallop Comodoro Rivadavia binne gery: „Voor die Cosmos Hotel loop 'n man by my verby, dit was Johannes Visser. Die-selfde aand het mev. Visser my verwelkom „in ons nuwe republiek", en die lang reis was op 'n ent".¹³⁵⁾ So het ds. Jacobs uiteindelik, in Januarie 1907, by sy bestemming uitgekom en kon hy verder uitvoering aan sy opdrag gee.

2.4.7. Die Sinode van N.G. Kerk in Suid-Afrika

In die tussentyd het die saak i.v.m. die sending van ds. A.J. Jacobs reeds voor die Sinode gedien: „Na 30 Junie 1906 heeft uwe Commissie ook in overleg met de

129) Die Kerkbode, 21 Februarie 1907.

130) 'n Dominé, a.w., p.237.

131) Ibid., p.237.

132) Ibid., p.248.

133) Ibid., p.261.

134) Ibid., p.264.

135) Ibid., p.264.

Moderatuur, besloten de zending van Eerw. Prop. A. Jacobs naar Argentinië aanvankelik te bekostigen uit dit fonds. En daarvoor is reeds de som van £57-19-4 uitbetaald.¹³⁶⁾ Die kommissie waarna hier verwys word, is natuurlik die Kommissie vir Hulpbehoewende Gemeentes. Die Kommissie vermeld verder in sy verslag dat daar nog net £37-8-0 ingekom het na die spesiale oproep wat gedoen is op gemeentes om fondse met die oog op die sending van ds. Jacobs.¹³⁷⁾ Die verwagting van die Redakteur van die Kerkbode, „dat geld voor zulk een zending spoedig gevonden zal worden“, blyk dus nie so in vervulling te gaan nie.¹³⁸⁾

In elk geval, ds. Jacobs het veilig in Comodoro Rivadavia aangekom en hy kon met sy werksaamhede daar begin.

3. Die Stigting van die „Gemeente Kolonia Boera“

Aan die begin van Januarie 1907 het ds. A.J. Jacobs in Chubut aangekom. Dit was in elk geval voor die 20e Januarie 1907, want op 20 Januarie het ds. Jacobs die eerste kind, te wete Johannes Jacobus Norval, hier gedoop.¹³⁹⁾ Onder wie se leiding die erediens plaasgevind het, en waar en of daar 'n erediens gehou is, word nêrens vermeld nie. As dit onder leiding van 'n kerkraad plaasgevind het, dan was dit die kerkraad van

136) Handelingte der een-en-twintigste Vergadering v/d Synode der Ned. Geref. Kerk in Z.A., gehouden te Kaapstad op den 18den October 1906 e.v.d.: Verslag Commissie voor het Hulpbehoevende Gemeentes.

137) Ibid.

138) Die Kerkbode, 19 April 1906, p.193, Blikken in het Rond.

139) N.G.K.A. - Kaapstad : Doopregister G.80,3/1.

die „Gemeente Chubut“, gestig op die S.S. Cornwall deur ds. L.P. Vorster en is dit ook die eerste optrede van die kerkraad waarvan ons weet sedert die stigting van die gemeente op 13 September 1903. Wat egter van belang is, is dat ds. Jacobs met sy werksaamhede onder die Boere van Argentinië, begin het.

Wat was hierdie mense se geestestoestand en hulle instelling teenoor geestelike sake? Ons het reeds daarop gewys dat sommige van hulle 'n onverskillige houding teenoor kerksake aangeneem het.¹⁴⁰⁾ Heelparty van hulle het die ellende van die oorlog deurgemaak. En, so som Conradie hulle op:

„die nadelige ingrypende effekte en die verstomping op die gemoed van die mens deur 'n langdurig en verbitterende oorlog word gekonstateer deur die ondervinding en ook deur die wêreld geskiedenis In watter gemoedstoestand is 'n nasie na so 'n bloedige verwoesting waar alle gevoeligheid verdoof word, waar onverskilligheid die losse teuels kry, en 'n onverstaanbare neiging en begeerte gebore word om die vrye loop te gee aan gedagte en handelswyse in weerwil van gesond verstand, dissipline en Reg! Dis 'n daargestelde onweerlegbare feit wat ons nie uit die oog moet en kan verloor nie in ons behandeling van die kerklike sake hier in Patagonië soos die aangetref was in die vroeë dae van die volksplanting hier! Die worstelstryd, die verwoesting, die gevangenis, die ruinasie, die vergiftigde militêre vervolging, onder die duiwelkünstige militêre wet, die onreg, die gevolglike haat

140) Sien Hoofstuk I p. 29 en 30. Ook brief ds. T. Hamersma, 31 Julie 1928 aan ds. Sonneveldt.

en nyd teen die Rower-mag, en die treurige ontrou van sommige — alles het meegewerk vir losbandigheid en baldadigheid toe ons mense hier kom, en figuurlik die halter van die kop gehaal is!

Met gemoeds- en liggaamswonde nog vars, pas van die kommandos, pas uit die gevangenis, ja selfs uit die hande van die beule en militêre tiranne word die Afrikaners hier letterlik losgelaat op die vryë, wyë, Patagoniese veld! Patagonië onbewoond, onbekend, ru, verafgeleë van die naaste skyn van beskawing: Patagonië, „die huilende woestyn van Darwin“, sonder opvoeding, sonder Godsdiens! Siedaar, die Tafereel!! Waarlik, dis Gods bestierende hand, dis die diep ingeskerpte Protestantse beginsels wat ons bewaar het, en dat ons vandag nog is wat ons is”.¹⁴¹⁾

Daarby kom nog dat baie van ons mense daar te geheg geraak het aan sterk drank. Drank was volop en goedkoop. Nadat 'n sekere Dirk Boshoff daar besoek afgelê het, skryf hy: „Toe die skrywer eerst voet aan wal sette te Comodoro Rivadavia, werd hem verteld dat als hij die pad wou weet naar die boere kolonie, moest hij maar net die lege bottels volg die sal hom wel daar breng. En in sekere mate is dit ook waar”¹⁴²⁾

Treffend het ds. Jacobs self die omstandighede van die mense omskrywe: „Men gevoelt zich hier soover van de heilzame tucht van Kerk en Staat dat sommigen denken

141) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.74, 75, 76.

142) Die Staatsbiblioteek, Pretoria: De Volkstem 17 September 1912, „De Boer in Argentinië“, deur Dirk Boshoff.

dat zij hier ongestraft kunnen voortleven".¹⁴³⁾

Daar was natuurlik ook pragtige uitsonderings, mense van hoogstaande karakter, vroom, diep godsdienstig, maar helaas, hulle skyn die minderheid te wees.¹⁴⁴⁾

Dan moet ons ook nog onthou dat hierdie mense nie almal aan dieselfde kerkverband in Suid-Afrika behoort het nie. Daar was byna net soveel lidmate van die Gereformeerde Kerk as van die N.G. Kerk.¹⁴⁵⁾ En, sê Conradie, „Die Kerkgeskiedenis vanaf 1859 bewys net een onweerleëbare feit: „Die Gereformeerde element is 'n onversoenbaar element" ¹⁴⁶⁾ In die lig, het dit nie veel goeds vir ds. Jacobs voorspel nie. En so konkludeer hy: „onder die omstandighede, in die toestand, en met die verwaarloosde Afrikaners kom ds. A.J. Jacobs in Februarie 1906/7 in aanraking en moet hy, sonder enige ondervinding, sy byna onmoontlike taak 'n begin gee".¹⁴⁷⁾

3.1. 'n Gemeentevergadering word opgeroep

Op die 14de Februarie 1907 is daar 'n gemeentevergadering belê op die plaas „Cañadon Grande" van die heer W. Cook.¹⁴⁸⁾ Heel bo aan die notule staan: „Tegenwoordig zijn 27 personen", terwyl die notule slegs die name van 23 persone vermeld, ds. Jacobs s'n

143) Die Kerkbode, 4 Julie 1907, p.342.

144) Die Staatsbiblioteek, Pretoria: De Volkstem 17 September 1912, p.3. Sien ook Kerkblad voor Zuid-Amerika Jrg.4, no.44, Okt.1930, p.4. „Na 25 Jaren".

145) Die Kerkbode, 30 Maart 1911.

146) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.27.

147) Ibid., p.76.

148) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1.

ingesluit. 'n Naskrif in potlood onderaan die notule, vermeld dat daar later nog mense bygekom het: „goed 'n twintig man”.¹⁴⁹⁾

Om 'n goeie begrip te kry van wat op hierdie vergadering gebeur het en van die besluite wat hier geneem is, gee ons die notule nou so saaklik maar tog so volledig moontlik weer.¹⁵⁰⁾

Tot Voorsitter van die vergadering is die heer C.J.N. Visser verkies en as „sekretaris” de heer Piet Visser. Die vergadering is hierna geopen deur die sing van Ps. 146 : 1 en 'n gebed deur ds. Jacobs. Op versoek van die voorsitter het ds. Jacobs sy opdrag van die Moderatuur voorgelees waarna dit deur die vergadering goedgekeur en aanvaar is. Hierna het ds. Jacobs eers 'n voordrag gelewer „waarin hij zijn bevindingen in Zuid-Amerika, vooral wat Godsdienstige zaken betreft uitdrukt. Voorts melding makende van wat hy meende Gods doel met de Boeren immigranten in Zuid-Amerika is, als ook hen wijsende op de wenselijkheid van eensgesindheid en beslissend te zijn waar het Godsdienst geldt”. By wyse van opstaan het die vergadering ds. Jacobs bedank vir sy voordrag. Onder die hoof: „Punte ter Bespreking”, het die voorsitter die vraag gestel: „of deze vergadering de stichting van een Gemeente aan boord de Cornwall in 1903 in aanmerking gaat nemen by de bespreking van het eerste punt nl. „De organizering van de Gemeente in Chubut”. Die volgende voorstel is toe

149) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1.

150) Ons gee die notule so volledig moontlik weer omdat die weë van die Gereformeerdes en die N.G.-lidmate by hierdie vergadering uiteen gegaan het.

deur die heer C.P.H. Myburgh ingedien: „Deze vergadering van Boeren immigranten in de Territorio del Chubut is van gevoel dat de tijd gekomen is om een gemeente te stichten. De reeds bestaande kern van een gemeente op de Stoomboot Cornwall in de Atlantiese Oseaan in 1903 gesticht, worde tevens beschouwd als een Kern van deze gemeente, uitgebreid en toegepast op de Boeren Kolonie alhier”.

„De hele vergadering was eenparig voor de stichting van een gemeente, uitgesonderd twee die buite stemming gebly het”. In potlood is hiernaas vermeld dat dit Gert Kruger en Adriaan Venter was. Genoemde twee here was in Suid-Afrika onderskeidelik lidmate van die Gereformeerde Kerk in Venterstad en Barkley-Oos.¹⁵¹⁾ Die volgende punt onder bespreking was nou die naam van die gemeente. Op advies van C.J.N. Visser is voorgestel dat die naam van die gemeente: „Gemeente Kolonia Boera” moet wees. Hierna is die punt „affiliاسie” bespreek. Volledigheidsalwe gee ons die notule hier woordeliks weer: „De heer C.P.H. Myburgh stelde voor: „Deze vergadering bestaande uit leden van de Gereformeerde en Ned. Gereformeerde Kerken van Zuid-Afrika, wenst te affilieren aan de N.G. Kerk van de Kaap Kolonie Zuid-Afrika”. Sekondant de heer M. Visser. Hiertegen bracht de heer F. Venter een contra voorstel in nl.: „Deze vergadering bestaande uit leden van de Geref. en Ned. Geref. Kerken Zuid-Afrika, besluit met het oog op eensgezindheid een selfstandige Kerk hier te lande te stichten — zuiver Gereformeerde, d.i. in de algemene zin van het woord — zonder konnektie, met die verstande zo spoedig mooglik

151) Die Kerkblad, 1 Julie 1907.

verband te zoeken by de een of ander zuiver Gereformeerde Kerk". Sekondant W. Cook. Voorstel van mnr. P. Henning: „Daar er hier te lande vrees bestaat, dat by ons alle Gereformeerde beginselen kunnen uitsterven besluit deze vergadering, eenparig leden te worden van de gestichte gemeente alhier en de punte van verskil tussen N. Geref. en Geref. uit te stellen tot later". Sekondant Van der Walt.

Besprekingen

Ds. Jacobs dacht dat twee elementen zo as de Geref. en Ned. Geref. hier zijn niet zo maar met eens in een kunt smelten 't zou dus goed zijn de tyd af te wachten en dan later van affilieeren te spreken. Hennings: Lichtte zijn voorstel toe door op't gevaar te wijzen van zich van de gemeente alhier 't onttrekken. De heer F. Venter: Lichtte zijn voorstel toe door op't gevaar te wijzen van zich van de gemeente alhier 't onttrekken. De heer F. Venter: Lichtte zijn voorstel toe door op't gewicht van de zaak te wijzen. Voorstel van mnr. C.P.H. Myburgh aangenomen met een meerderheid van 16 stemme".

Hierna het die vergadering oorgegaan tot die „kiezing en herkiezing" van kerkraadslede. Die volgende vraag is nou in die midde van die vergadering gelê: „of men als lid van de Geref. Kerk in de Ned. Geref. Kerk kan dienst doen als ouderling of diaken. Ds. Jacobs en P. Hennings wezen op het feit dat de Gereformeerden zedelik verplicht warn zich aan het oordeel van die vergadering te onderwerpen en gerechtigd warn in die Kerk (N.G.) te dienen onder de omstandigheden waarin wij verkeren".

Tot ouderlinge is toe verkies: C.P.H. Myburgh (N.G.), P. Hennings (Ger. Kerk), C.J.N. Visser (N.G.), Chart van der Walt (Ger. Kerk).

Daar was eers 'n voorstel dat daar agt diakens gekies moet word, maar uiteindelik is besluit om net ses te kies. Die volgende broeders is toe verkies: Tom Vorster, Theunis Bester, A. Greyling, C. Yeats, W. Cook (snr.) en D. Venter (Ger. Kerk).

Opmerklik is dat P. Greyling en L. le Grange wat op die S.S. Cornwall tot diakens verkies is, nie nou herkies is nie. Nog slegs een saak sou die aandag van die vergadering geniet nl. die bou van 'n kerk en 'n plek waar so 'n kerk gebou kon word. 'n Kommissie bestaande uit ds. Jacobs, M.M. Venter, L. le Grange, Lewis Baumann en F. Venter is benoem om ondersoek in te stel of 'n bouverseel gevind kan word en ook een vir 'n skool. Daar sal dadelik begin word om te kollekteer vir die saak.

En dan volg die slotvoorstel: „Eindelik was er een motie van dank: „Deze vergadering wenscht haar diep gevoelde verschuldiging aan de moeder Kerk in Zuid-Afrika uit te drukken en haar oprechte dank voor de hulp en opoffering van de zij van de Synode in Zuid-Afrika te betonen door ons ds. A.J. Jacobs als leeraar af te zenden". Hierdie mosie is eenparig aangeneem. Hierna het die vergadering verdaag, maar wat 'n mens opval, is dat die geskied het sonder die gebruikelike afsluitingsgebed.¹⁵²⁾

152) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, Notule
14 Februarie 1907.

3.2. Die stigting 'n misgissing?

Ons het nou breedvoerig stilgestaan by hierdie eerste kerklike vergadering onder die Boere op Argentinse bodem, maar kan nie anders as om tog terug te kom op verskillende van die besluite wat op hierdie vergadering geneem is nie. Vooraf eers dit: in Chubut het daar reeds 'n gemeente bestaan, 'n gemeente met die on-offisiële naam: „Gemeente Chubut”,¹⁵³⁾ deur ds. L.P. Vorster in 1903 gestig aan boord van die S.S. Cornwall.¹⁵⁴⁾ Ds. Vorster het die gemeente gestig: „vooreerst zonder eenig Kerkelijk verband”¹⁵⁵⁾ In 1928 skryf ds. J.J. Wasserfall egter: „Ons moet ook tergelykertyd daarop wys dat hierdie eerste gemeente 'n Ned. Geref. Gemeente was”.¹⁵⁶⁾ Ds. Vorster het dit natuurlik ten sterkste ontken: „'n Gemeente van die Ned. Ger. Kerk van Suid-Afrika kan ek nie stig nie, om die eenvoudige rede dat ek daartoe van die Kerk geen opdrag had nie!”¹⁵⁷⁾ Dat dit 'n N.G. Gemeente was, het ds. Wasserfall natuurlik gegrond op art. 4 van die Ned. Geref. Kerkwet wat aangaande al haar lede en aahangers verklaar: „Deze allen blijven tot de N.G. Kerk van Zuid-Afrika behooren, zoo lang zij niet door woord of daad ten duidelijke toonen zich van haar af te scheiden of van hun betrekking tot de Kerk vervallen zijn verklaard”. En hierdie uitgewekenes het hulle nie van die N.G. Kerk afgeskei nie. Dit was die algemene opvatting in N.G.-kringe in Suid-Afrika.¹⁵⁸⁾

153) „Ons Land”, 26 Jan. 1904, Ds. L.P. Vorster.

154) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80, 1/1.

155) „Ons Land”, 26 Jan. 1904, art. ds. L.P. Vorster.

156) Het Zoeklicht, Febr. 1928, p.36 : Wasserfall ds. J.J. Die Afrikaners in Chubut (Argentinië).

157) Die Kerkblad, 20 Maart 1928, p.480: ds. L.P. Vorster - Die Afrikaners in Chubut.

158) Die Kerkbode, 25 Jan. 1906, Blikken in het Rond.

Hoe dit ook al sy, daar het reeds 'n gemeente bestaan. Ds. Vorster noem dit die „Gemeente Chubut“, sonder verband maar ds. J.J. Wasserfall praat van 'n „gestigte“ N.G.-gemeente.¹⁵⁹⁾ Ons wil die aandag tog daarop vestig dat wanneer hy praat van die stigting van die gemeente in 1903, hy die woord „stigting“ altyd tussen aanhalings plaas.¹⁶⁰⁾ Hierdie stigting is dus vir hom 'n twyfelagtige saak. Conradie het ook die wettigheid van die stigting van die gemeente deur ds. Vorster betwyfel.¹⁶¹⁾ Daarom praat ds. J.J. Wasserfall van: „'n aantal jare na hierdie „stigting“ van die N.G. Gemeente, het daar plaasgevind wat ons sou kon noem die herstigting van dieselfde gemeente, met die aankoms in Chubut, van hul eerste predikant ds. A.J. Jacobs in die begin van 1907“.¹⁶²⁾

Die bestaan van die „Gemeente Chubut“ is in Argentinië wel deeglik erken. Dit blyk baie duidelik uit die Voorzitter se vraag: „of deze vergadering de stichting van een Gemeente aan boord de „Cornwall“ in 1903 in aanmerking gaat nemen by de bespreking van het eerste punt nl. De organisering van de Gemeente in Chubut?“¹⁶³⁾ Die organisering of stigting van 'n gemeente in Chubut was blykbaar die eerste punt op die agenda van die vergadering, en dit nieteenstaande die feit dat hulle reeds

159) Het Zoeklicht, Februarie 1928, Die Afrikaners in Argentinië, p.36.

160) Het Zoeklicht, Februarie 1928, p.36.

161) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.18, Deel II.

162) Het Zoeklicht, Februarie 1928, p.36.

163) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1.

die bestaan van die gemeente in Chubut erken het. Immers die opskrif bokant die notule lui: „Gemeente Vergadering”¹⁶⁴⁾ en wat beteken dit anders as dat dit ’n vergadering is wat deur die Kerkraad van die „Gemeente Chubut” opgeroep is? Opvallend is dan ook dat van die 22 name wat genoem word as teenwoordig, 11 lidmate was van die „Gemeente Chubut”, 6 was lidmate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die ander 5 was lidmate van die N.G. Kerk in Suid-Afrika.¹⁶⁵⁾ Dit was dus baie duidelik ’n gemeentevergadering van die reeds bestaande gemeente „Gemeente Chubut”. Tog word daar voorgestel „Deze vergadering is van gevoel dat de tijd gekomen is om een Gemeente te stichten”.¹⁶⁶⁾ Begaan ds. Jacobs hier sy eerste taktiese flater wat sou bydra tot die aanstondse vervreemding tussen hom en C.J.N. Visser? Het ds. Jacobs dan nie van die stigting van die gemeente geweet nie?¹⁶⁷⁾ Die eerste gemeente is wel sover in berekening gebring dat dit as ’n „Kern” van die gemeente beskou is, „uitgebreid en toegepast op de Boeren Kolonie alhier”.¹⁶⁸⁾ Ons sien dus dat die stigting van ’n gemeente aanboord van die „Cornwall” na 3 jaar en 5 maande ’n „Kern-Gemeente” geword het.¹⁶⁹⁾ Die hele vergadering was eenparig, „voor de stichting van een Gemeente, uitgesonderd twee die

164) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1.

165) Ibid. - Kaapstad, 3/2.

166) Ibid. - Kaapstad, G.80,1/1.

167) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.49, ook Deel II p.18. Sien ook: notule Kerkraadsvergadering 21 Des.1907 : G.80,1/1 - Kwessie Br. Visser teen ds. Jacobs. Dit het gegaan daaroor dat ds. Jacobs nie die stigting v/d gemeente erken het nie.

168) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1.

169) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.42.

buiten stemming bleven".¹⁷⁰⁾ In potlood word dit aan die kant vermeld dat dit Gert Kruger en A. Venter, dus twee Gereformeerdes was.¹⁷¹⁾ Dat almal nou eenparig vir die stigting van 'n gemeente was, kan psigologies verklaar word. Dit was 'n nuwe dominee, hy het by die geleentheid eintlik sy debuut gemaak en uit agting en respek vir die nuwe predikant en gesien teen die agtergrond van hulle geestelike nood, wou hulle nie van die staanspoor af stroomop wees nie.

Hierdie gemeente het nou die naam: „Gemeente Kolonia Boera" ontvang op advies van die voorsitter, C.J.N. Visser.¹⁷²⁾ Conradie se beswaar hierteen is dat die naam „offisieel en prima facie nie sê wat die gemeente is nie"¹⁷³⁾ Dat die naam van die gemeente 'n ontevredenheid by sommige teweeggebring het, blyk daaruit dat die kerkraadsvergadering van 27 November 1907 op die saak terug gekom het.¹⁷⁴⁾ Die notule is egter kort en saaklik en gee slegs die twee voorstelle wat uiteindelik ingedien is weer t.w. die van die heer Le Grange wat voorgestel het dat die gemeente sy naam van „Boer" moet behou en die van die heer T. van der Walt wat voorgestel het dat die naam van die gemeente verander moes word na „Gemeente van Colonia Escalante".¹⁷⁵⁾ Die status quo is egter gehandhaaf. Die rede waarom die gemeente nie „gedenomineer was nie", is volgens Conradie „omdat hier weer vreemde elemente in betrokke was —

170) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1.

171) Ibid.

172) Ibid.

173) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.44.

174) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1.

175) Ibid.

elemente van twee kerkgenootskappe".¹⁷⁶⁾ Maar al het die gemeente nie 'n „naam" gehad nie, so skryf Conradie, „nogtans het ds. Jacobs altyd opgetree en gehandel as Ned. Geref. leraar en alger die hy aangeneem't was Ned. Geref."¹⁷⁷⁾ Daar was nie so iets „as 'n Ned. Geref. Predikant bou 'n Gereformeerde Gemeente op nie".¹⁷⁸⁾ Die „Gemeente Kolonia Boera" moet dus gesien word as deur en deur 'n N.G.-gemeente, veral as ons verder let op die besluit „om te affilieeren aan de N.G. Kerk van de Kaap Kolonie Zuid-Afrika".¹⁷⁹⁾ Ook ds. L.P. Vorster het dit onomwonde erken wanneer hy skryf: „dit is duidelik dat hierdeur 'n verandering in die status van die gemeente gekom het en ek kan heel goed begryp in watter moeilike posisie die lidmate van die Gereformeerde Kerk hulle bevind het".¹⁸⁰⁾

3.3. Die posisie van die Gereformeerdes

Wat was die posisie van die lidmate van die Gereformeerde Kerk nou, en wat was op hierdie vergadering beoog? Op die vergadering was die gedagte blykbaar dat die Gereformeerdes nou naas die N.G.-lidmate 'n plek in die gemeente sou hê. Hulle sou dus as Gereformeerdes hulle identiteit bly behou het. Daarvan getuig die vraag wat voor die vergadering gedien het, nl.: „of men als lid van de Gereformeerde Kerk in de Ned. Geref. Kerk kan dienst doen als ouderling of diaken".¹⁸¹⁾ Hierop het ds. Jacobs en P. Henning geantwoord dat dit wel

176) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.18, Deel II.

177) Ibid., p.77.

178) Ibid., p.77.

179) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1.

180) Die Kerkblad, 20 Maart 1928, Vorster ds. L.P. „Die Afrikaners in Chubut".

181) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1.

„gerechtigd waren in de Kerk (N.G.) te dienen onder de omstandigheden waarin wij verkeren”.¹⁸²⁾ By die verkiesing van ampsdraers is daar toe ook drie broeders van die Gereformeerde Kerk verkies, t.w. broeders Tj. van der Walt¹⁸³⁾ en P. Henning as ouderlinge, en br. D. Venter as diaken.¹⁸⁴⁾ Wat was die posisie van die drie broeders nou? Het hulle ’n aparte Kerkraad gevorm of sou genoemde drie persone volwaardige lede van die N.G.-kerkraad wees? Wat die beoogde praktyk ook al was, die kerklike situasie het soos volg ontwikkel: van die verkose kerkraadslede het diakens D. Venter en A. Greyling onmiddellik „bedank”,¹⁸⁵⁾ en die twee ouderlinge, P. Henning en Tj. van der Walt het by die N.G. Kerk aangesluit.¹⁸⁶⁾ Dit was wat eintlik deur die N.G. broeders en ds. Jacobs beoog was. Op ’n fyn beplande wyse wou hulle die Gereformeerdes na die N.G. Kerk oorbring. Dit het egter nie geslaag nie.

In ’n brief uit Argentinië gedateer 22 Februarie 1907 vermeld die skrywer dat die res van die Gereformeerdes weier om aan te sluit.¹⁸⁷⁾ Die Gereformeerdes het hulle teruggetrek,¹⁸⁸⁾ en die „Gemeente Kolonia Boera” het as

182) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1.

183) Br. Tj. v/d Walt het bekend gestaan as lidmaat v/d Geref.Kerk, maar uit ’n openlike verklaring deur hom te Comodoro Rivadavia het dit geblyk dat hy alreeds in 1900 die band met die Geref. Kerk gebreek het. Sien Hoofstuk I, p.30, 31.

184) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1.

185) Ibid.

186) Die Kerkblad, 1 Julie 1907. Sien ook N.G.K.A. - lidmaatregister 3/2, Ook Conradie, a.w., p.43.

187) Die Kerkblad, 1 Julie 1907, Briewe ged. 22 Febr. 1907 en 10 April 1907.

188) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.42, 56. Sien ook Die Kerkblad, 1 Jan.1908.

'n N.G. Kerk hier bestaan tot en met 1910 toe ds. Jacobs terug geroep is. Wel het 'n aantal van die Gereformeerdes, 34 in totaal, hulle gedurende die bedieningstyd van ds. Jacobs by die N.G. Kerk gevoeg.¹⁸⁹⁾¹⁹⁰⁾

4. Ds. Jacobs pak sy werk in die Gemeente aan

Ds. Jacobs het aanvanklik sy intrek by C.J.N. Visser geneem.¹⁹¹⁾ In 'n brief in „Die Kerkbode“ skryf hy dat hy nou al vier maande daar is (dus in Argentinië) en nog het hy geen huis nie. As verskoning wend hy aan „omdat er geen kans is, meer dan 2 of 3 dagen op dezelfde plaats te blyven“.¹⁹²⁾ Nie lank daarna nie, het hy by die heer P.H. Henning ingetrek. Die Kerkraad sou egter vir sy losies wat 'n bedrag van 60 pesos¹⁹³⁾ per maand behoort te betaal.¹⁹⁴⁾

In 'n skrywe van ds. A.J. Jacobs aan die Moderatuur, sê hy dat hy van mening is dat dit noodsaaklik is vir sy werk om in die stad Comodoro Rivadavia te woon. „Tans, so het hy vervolg, woon hy nog op 'n plaas“¹⁹⁵⁾

In die tussentyd het ds. Jacobs grond in Comodoro Rivadavia op sy naam bekom.¹⁹⁶⁾ Op hierdie grond het hy vir hom 'n huisie gebou.¹⁹⁷⁾ Dit blyk dat ds. Jacobs reeds in Februarie 1908 in Comodoro Rivadavia gewoon het.¹⁹⁸⁾

189) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,3/4. Sien ook Het Zoeklicht, Febr.1928, Die Afrikaners in Chubut.

190) Oor die verhouding tussen die Geref. en die N.G. Kerk in Chubut word later breedvoerig gehandel.

191) 'n Dominë, a.w., p.273.

192) Die Kerkbode, 4 Julie 1907.

193) 1 peso = 20 Suid-Afrikaanse sent.

194) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1. Notule 13 April 1907.

195) Die Kerkbode, 28 November 1907, p.628.

196) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.69, 70.

197) Ibid., p.70.

198) Ibid., p.47.

Vanuit Comodoro Rivadavia sou hy dan voortaan die Boerekolonie, verder noord bearbei. Daar kan baie moeilik oor die handelswyse van ds. Jacobs geoordeel word, maar een saak staan vas: hierdeur is die kontak met die gemeente verswak. Dit is ook die mening van Dirk Boshoff. Hy sê: „Die predikant had sij woning in Comodoro Rivadavia, die havestadje, wat geheel buite die boere kolonie gelege is, en had dus nie dikwels in aanraking met sy gemeente kon kom nie”.¹⁹⁹⁾ In die tussentyd, op 15 Mei 1907, is ds. Jacobs getroud met Magdalena Elizabeth Henning, dogter van ouderling P.H. Henning.²⁰⁰⁾ Dit was heelwaarskynlik ook een van sy beweegredes om in die stad te gaan woon. Sy vrou kon dan haar voete vind buite die onmiddellike bereiking van die Boerefamilies met wie sy voorheen ten nouste saamgeleef het.

In elk geval, sy werk het 'n aanvang geneem deurdat hy moes begin om die huisgesinne te besoek.²⁰¹⁾ Dat die vervoerkwessie van ds. Jacobs in die gemeente 'n knelpunt was gedurende sy dienstermyn aldaar, is spoedig opsigtelik.²⁰²⁾

4.1. Die Gemeente georganiseer

Op die eerste „voorlopige” kerkraadsvergadering wat direk na afloop van die stigtingsvergadering gehou

199) Die Staatsbiblioteek, Pretoria. „Die Volkstem”, 17 September 1912, p.3.

200) N.G.K.A. - Kaapstad, 3/3. Hy sou deur Rev. Lloyd Jones in die huwelik bevestig word, 'n predikant v/d Welse, sien 'n Dominé, a.w., p.252. Die predikant is egter nog in daardie week oorlede. Die troue het deurgegaan. Oud. P.H. Henning het die formulier „in afwesigheid van een leraar” gelees. Ds. Jacobs het die formulier egter as huweliks-beampte geteken (Huweliksregister 3/3.)

201) 'n Dominé, a.w., p.273.

202) Later sal onder die afdeling: „Ds. Jacobs stuit voor probleme” breër hierby stilgestaan word.

is, is besluit om die gemeente in 4 wyke in te deel.²⁰³⁾ Wyk I was in die suide van Colonia Escalante, Wyk II was in die middel van die kolonie. Om presies te wees, 7 uur²⁰⁴⁾ te perd vanaf wyk I. Wyk III was die gebied Salamanca of „Noorder-Boerekolonie“. Van Wyk II na Wyk III is dit weer eens 'n afstand van 7 uur te perd. Wyk IV is aan die Rio Chico geleë en is 8 uur te perd van Wyk III. In die gebied het die mense ver uitmekaar gewoon. 'n Onbewoonde en onbewoonbare deel het Wyk IV van Wyk II en III geskei. Agt onbewoonde plase het weer skeiding tussen Wyk II en Wyk III gemaak, sodat alleen Wyk I en Wyk II aanmekaar gegrens het.²⁰⁵⁾ Elders het ds. Jacobs geskryf dat die gemeente omtrent 15 uur te perd lank is en 10 uur te perd breed is.²⁰⁶⁾ Dit was dus 'n geweldige gebied wat hy kruis en dwars moes deur-reis om die geestelike werk onder die Boere te verrig.

Ds. Jacobs is aanvanklik deur die Moderatuur net vir een jaar na Argentinië gestuur.²⁰⁷⁾ Op die eerste „voorlopige“ kerkraadsvergadering gehou op 14 Februarie 1907, is besluit om die Moderatuur van die N.G. Kerk in Suid-Afrika om verlenging van die verblyf van ds. A.J. Jacobs te vra.²⁰⁸⁾ Een jaar sou geldverspilling wees.²⁰⁹⁾ Die Moderatuur het die versoek goedgegunstig oorweeg en op die vergadering van 21 Desember 1907 kon berig word dat die Moderatuur ds. Jacobs se verblyf alhier verleng het.²¹⁰⁾

203) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1. Sien notule Eerste Kerkraadsvergadering 14 Februarie 1907.

204) Een uur te perd is ongeveer 6 myl.

205) Die Kerkbode, 22 Julie 1909, p.345. Verslag ds. Jacobs oor sy werk in Argentinië.

206) Die Kerkbode, 4 Julie 1907, p.342.

207) Ibid., 26 April 1906. Blikken in het Rond.

208) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1.

209) Die Kerkbode, 23 Maart 1911.

210) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1.

Die program vir Maart se werksaamhede is soos volg deur die Kerkraad bepaal:

- 1ste Sondag van Maart : Kerk op Baumann se plaas.
- 2de Sondag van Maart : Doop op F. Venter se plaas.
- 3de Sondag van Maart : Doop en „aanneming“ mnr. Myburgh se plaas.
- 4de Sondag van Maart : Doop en „aanneming“ in Grand Kañedon.
- 5de Sondag van Maart : „Aanneming“ op plaas P. Henning.²¹¹⁾

4.2. Ds. Jacobs reis te perd

So het die werksaamhede 'n aanvang geneem en moes hy saam met die onderskeie ouderlinge te perd die wyke deurgaen.²¹²⁾ Hierdie reise het, so het hy geskryf, agt maande geduur aler hulle besluit het om die werk meer te sentraliseer.²¹³⁾ Aangesien daar nie telefoniese verbindings tussen die plase bestaan het nie, is 'n briefie vooruit gestuur waarin die nodige inligting oor huisbesoek, doop, nagmaal, ens. bekend gestel is. Die leser is dan op sy beurt weer gevra om dit na die bure te stuur.²¹⁴⁾ Hierdie reise kon slegs in die somermaande geskied, aangesien die winters te koud en gevaarlik was. Hy kon dus nie veel werk in die gemeente gedurende die wintermaande doen nie.²¹⁵⁾ Tog wil hy poog om die lidmate almal een keer per jaar te besoek met die oog op huisbesoek.²¹⁶⁾ Soms het die perde beswyk voordat hy die helfte van die kolonie deurreis het.²¹⁷⁾ Dit word egter altyd moeiliker, want so het hy geskryf, die voor-

211) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80, 1/1.

212) 'n Dominé, a.w., p.273.

213) Ibid., p.273.

214) Ibid., p.283.

215) Die Kerkbode, 4 Julie 1907, p.343.

216) Ibid., 22 Julie 1909, p.345.

217) Ibid.

punt van die boere woon nou reeds 20 uur te perd van die dorp af en dan nog verspreid in alle rigtings.²¹⁸⁾

Tydens hierdie reise het hy dan die name en ander gegevens opgeneem om te sien hoeveel lidmate daar is, en uit watter gemeentes hulle afkomstig was. Hy berig dat hy al 4 maande hiermee besig is en dat hy nog nie almal kon besoek nie.²¹⁹⁾ Hierdie reise het, so het hy geskryf, uitputting en onvergenoegdheid te weeg gebring. Hy het in 1909 meer as 943 myl gery en kon maar agt buitendienste hou. Die laaste reis, so skryf hy, het op 13 Desember geëindig en het 2 maande en drie dae geduur.²²⁰⁾ Sy ontberings gedurende die reise kan byna nie beskryf word nie.

4.3. Hoe groot was die Gemeente

Hoeveel mense moes nou op hierdie manier bearbei word? Volgens die Register van die „Gemeente Kolonia Boera“, het die gemeente uit 195 belydende lidmate bestaan. Hiervan was 34 van die Gereformeerdes afkomstig.²²¹⁾ Ds. Jacobs skryf later: „Er waren bijna evenveel van de Geref. als van die N.G. Kerk. Van die 84 leden der Geref. Kerk sloten zich 34 aan by die N.G. Kerk, sodat wij met 180 leden begonnen“. ²²²⁾ Ds. Jacobs het 'n lidmaatregister aangelê, waarin nie slegs N.G.-lidmate nie, maar ook Gereformeerdes eiehandig hul name ingeskryf het.²²³⁾ Telkens is daar geskryf

218) Die Kerkbode, 30 Maart 1911.

219) Ibid., 4 Julie 1907.

220) Ibid., Jaarverslag van Geestelike werk in Chubut, Z.A. - Januarie - Desember 1910.

221) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,3/4.

222) Die Kerkbode, 30 Maart 1911.

223) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.45. Dit het slegs 36 lidmate, sien G.80,3/2 - Lidmaatregister.

dat 'n „sieleetal van 500" aan sy sorg toevertrou is.²²⁴⁾ Met sieleetal is dan natuurlik bedoel belydende en dooplidmate. As die belydende lidmate 180 was dan was die dooplidmate $\pm$ 320. Aan hierdie mense moes ds. Jacobs nou verder die Woord bedien en kerkisasie vir die kinders hou! Hy moes hulle trou en die wat sou sterwe, moes hy begrawe. In 1907 skryf ds. Jacobs: „Ons het elke Sondag kerk, maar weens die uitgestrektheid van die kolonie, gaan daar soms 'n maand om voordat ons weer die eerste plaas bereik".²²⁵⁾ Hierdie „Kerk" is nie op een bepaalde plek gehou nie, maar in elke wyk. Die plekke is vooraf deur die kerkraad bepaal.²²⁶⁾ Elke Sondag is daar ook 'n diens in Comodoro Rivadavia gehou, behalwe wanneer die leraar in 'n buitewyk 'n diens moes hou.²²⁷⁾ In Comodoro Rivadavia het hy ook in Engels gepreek „omdat bij die geleentheid de meerderheid daar (Comodoro Rivadavia) Spaanscsprekenden en Wallischen zijn".²²⁸⁾

4.4. Met vele opofferings

In verband met die opkomste na die eredienste, skryf hy dat dit verbasend goed was. Die goeie ou Afrikaanse gewoonte van kerk toe gaan, vind 'n mens nog onder die immigrante-boere hier — die meeste dienste op die boereplase word bygewoon deur 50 persone. Sommige kom te perd met die baba voorop! T.o.v. die opkomende geslag is hy egter nie so optimisties nie,

224) Die Kerkbode, 23 Maart 1911. Sien ook Lückhoff, a.w., p.24.

225) Die Kerkbode, 4 Julie 1907, p.342.

226) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1. Sien notule Kerkraad Maart 1909.

227) Die Kerkbode, 22 Julie 1909, p.345.

228) Ibid., 4 Julie 1907, p.342.

maar bekommerd en hy bemerk spore van agteruitgang.²²⁹⁾
 In sy verslag aan die Moderatuur in 1909 is die prentjie
 nie meer so mooi nie. Hy skryf: „wat 'n onderskeid
 tussen Kakamas en hier — waar de meesten nog nooit
 in een samekomst waren”²³⁰⁾ Nadat hy twaalf dae
 te perd gery het, 6 nagte agtereën buite geslaap het,
 en toe eers weer by 'n boerehuis uitgekom het, het hy daar
 'n diens gehou: „Die opkoms, so skryf hy, was nege
 siele”.²³¹⁾ Sy sienswyse was dat dit nie 'n samekoms
 was waar daar net vir die lede van een huisgesin ge-
 preek word nie.²³²⁾ Van slegs twee buitendienste, sê
 hy, kon 'n mens van 'n samekoms van 'n gemeente spreek.
 Daar was ongeveer 50 of 60 bymekaar.²³³⁾ Van sy besoek
 in 1908 aan Wyk IV skryf hy: „Die opkoms in Wyk IV is
 skraal, daar word geen nagmaal gevier nie, omdat daar
 geen wyn te vinde was nie. Die diens is ook nie byge-
 woon omdat die boere met hulle vee moes trek”.²³⁴⁾

Die situasie het hom by 'n ander geleentheid weer voor-
 gedoen dat daar geen wyn was nie. By hierdie geleent-
 heid is daar egter 'n plan gemaak. Daar was wel jener
 in die huis, maar hiervoor het die dominee nie kans
 gesien nie. Met behulp van die huisvrou is gou 'n plan
 beraam. Met 'n bottel asyn en heelwat skoon water en 'n
 groot hoeveelheid bruinsuiker, was daar gou genoeg asyn
 in wyn verander om die vergaderde gemeente te versadig.²³⁵⁾

229) Die Kerkbode, 4 Julie 1907.

230) Die Kerkbode, Jaarverslag van Geestelike werk in
 Chubut, Z.A. - Januarie - Desember 1909.

231) Die Kerkbode, Jaarverslag - ds. Jacobs -
 Januarie - Desember 1909.

232) Ibid. 1909.

233) Ibid. 1909.

234) Die Kerkbode, 22 Julie 1909, p.345.

235) Die Staatsbiblioteek, Pretoria: „Die Volkstem”,
 17 September 1912, p.3.

Die kerkraad het aanvanklik besluit dat die Nagmaal net in drie wyke bedien sal word.²³⁶⁾ Nêrens is in die notules hierop terug gekom nie, tog blyk dit dat in al 4 wyke die Nagmaal bedien is en wel vier keer per jaar.²³⁷⁾

Op een saak t.o.v. die viering van die Nagmaal, wil ons nog let en dit is dat 'n voorstel aanvaar is: „dat wij om de meerdere stichting der Avondmaal, het Avondsmaals formulier in sij drie onderscheidende dele te lees. D.w.z. voorbereidingsdeel by die Voorbereiding tot het Avondmaal, 2de deel by die Avondmaal zelf, derde deel by die dankzeggen”.²³⁸⁾ Dan is daar verder hierdie belangrike voorstel ingedien nl.: „Dat en(in) gevolg voor elke Avondmaalsviering daar een „Zun Zuur Amorum” gehouden worden”.²³⁹⁾ Interessantheidshalwe wil ons hier vermeld dat die voorstel deur Tj. van der Walt wat vroeër ouderling in die Gereformeerde Kerk was, ingedien is.²⁴⁰⁾ Hierdie besluit het egter nie maar net in letters in die notuleboek gestaan nie, maar die tug is ook behoorlik uitgeoefen.²⁴¹⁾ In die notule van 27 Februarie 1909, lees ons: „Besluit om lid Freda Smit onder Zun Zuur te plaas vir 'n onbepaalde tyd oor haar onsedelike gedrag. Ook David de Klerk vir sy onsedelike gedrag”.²⁴²⁾ Genoemde broeder en suster het later die Kerkraad versoek om weer opgeneem te word.²⁴³⁾

236) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1.

237) Die Kerkbode, 23 Maart 1911.

238) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1. Sien notule Kerkraad 13 April 1912, art. 5.

239) Ibid., art. 7. Die invloed van die Gereformeerdes is hier aanwysbaar wat gewoond aan die D.K.O. was.

240) N.G.K.A. - Kaapstad 3/2.

241) Die geval van D. de Klerk, kyk notule 21/3/1908.

242) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1.

243) Ibid. - 23 April 1910.

4.5. Net een Erediens

Van die staanspoor af is daar net een erediens op 'n Sondag gehou. Die rede hiervoor was dat die kerk-gangers onmiddellik na hulle boerderye moes teruggaan, aangesien daar geen bediendes op die plase was wat 'n oog oor die boerderie kon hou nie.²⁴⁴⁾ Hierdie praktyk het so inslag gevind, dat daar vandag nog net een erediens op 'n Sondag gehou word.

Ds. Jacobs het met behulp van 'n kerkraad wat deur die gemeente verkies is, sy werk aangepak.²⁴⁵⁾ Op die kerkraadsvergadering van 21 Maart 1908, het die heer C.J.N. Visser voorgestel „dat as huishoudelike reël aanvaar word, dat die kerkraadslede deur die gemeentelede gekies sal worden”.²⁴⁶⁾ By hierdie bepaling het die kerkraadslede hulle gehou gedurende die bedieningstyd van ds. Jacobs. 'n Verdere bepaling wat deur die Kerkraad neergelê is, was dat die Kerkraad om die beurt tydelik moet aftree. Dit was weer eens Tj. van der Walt wat hierdie voorstel ingedien het. By wyse van lotsbeslissing is toe bepaal dat as ouderlinge sal aftree broeders Tj. van der Walt en C.P.H. Myburgh en as diakens broeders P.H.G. van Wyk, P.J. Niemand en C. Yeats.²⁴⁷⁾

Die kerkraadsvergaderings is gewoonlik op verskillende plekke soos vooraf bepaal, in die kolonie gehou. Die meeste vergaderings is op die plaas „Grand Cañadon” van

244) Die Kerkbode, 22 Julie 1909, p.345.

245) Ibid., 23 Maart 1911. Later is egter van bg. reël afgewyk.

246) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1.

247) Ibid. Weer is hier met die D.K.O. gewerk en wel met art. 27.

W. Cook (snr.) gehou. Dan is daar ook vergaderings gehou te Bahia Salono, Huwelijks Rust en Voorspoed, die plaas van C.J.N. Visser.²⁴⁸⁾ In 1907, het die kerkraad 7 keer vergader, in 1908, 4 keer, in 1909, 2 keer en in 1910 ook 2 keer. Aan die begin het die kerkraadslede redelik getrou die vergaderings bygewoon, maar later het dit al swakker geword.²⁴⁹⁾ In 1909 het die kerkraad vir die laaste keer in Maart vergader. Meer as 'n jaar later, nl. op 23 April 1910, het die Kerkraad weer vir die eerste keer bymekaar gekom.²⁵⁰⁾

Dat daar geweldige spanning en stryd onder die geledere van die kerkraad was, kon as rede vir die onreëlmatige hou van die vergaderings van die kerkraad aangevoer word.²⁵¹⁾

As skriba/kassier van die kerkraad, is broeder Tom Vorster verkies. Ouditeure is in Maart 1909 aangestel in die persone van M. Visser (jnr.) en F.M. Kokot.²⁵²⁾

4.6. Finansies

Wat die finansiële sake van die „Boera Gemeente" betref, is dit moeilik om enige begrip te kry. Dit het maar broekskeur gegaan om die 60 pesos per maand losies vir die predikant te betaal.²⁵³⁾ En dit blyk

248) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1.

249) Ibid.

250) Ibid.

251) Oor die spanning in en onder die kerkraadslede, handel ons breedvoerig onder die hoof: „ds. Jacobs stuit voor probleme".

252) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1.

253) Sien kerkraadsvergadering notule Maart 1909, „Dat de kerkraadsleden evenvrediglijk de som van honderd en tagtig pesos uit hunnen zaken aan de Kerk voorschieten ten einde de logies van ds. Jacobs te betalen by br. oud. Henning.

dat die 86 pesos²⁵⁴⁾ wat hulle as afskeidsgeskenk aan ds. Jacobs gegee het, al was wat daar nog in die kas was. Die 86 pesos was uit fondse wat spesiaal vir die kerkgebou ingesamel was.²⁵⁵⁾ Geen finansiële state van die gemeente is egter beskikbaar nie en daarom verkeer 'n mens absoluut in die duister oor die geldsake van die gemeente. Uit 'n finansiële verslag gelewer op die kerkraadsvergadering van 4 Februarie 1908, blyk dit dat die volgende gekollekteer is: kontant 164 pesos, 45 skape en aan geld 3267.75 pesos. Of lg. slegs beloftes was kan nie uitgemaak word nie. Daar is besluit om die skape teen $4\frac{1}{2}$ pesos stuk te verkoop wat ons 'n bedrag van 652,50 pesos gee.²⁵⁶⁾ Die vraag kom by 'n mens op: wat het van al die bates geword? Die finansiële beheer van die gemeente bly eenvoudig vir die nageslagte 'n onverklaarbare raaisel.

4.7. Sondagskole

In sy eerste verslag aan die Moderatuur skryf ds. Jacobs dat hy bekommerd is oor die godsdienstige posisie van die mense en dat hy spore van agteruitgang bemerk. „Wij vreezen voor't opkomend geslacht", het hy geskryf.²⁵⁷⁾ Op die eerste „voorlopige" kerkraadsvergadering²⁵⁸⁾ is besluit dat „aanneming" sal plaasvind op die 3de, 4de en 5de Sondag van Maart 1907.²⁵⁹⁾ Wie die voorbereidende werk t.o.v. die

254) + R15.

255) N.G.K.A. - Kaapstad, notule 15 Oktober 1910.

256) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule 4 Februarie 1908.

257) Die Kerkbode, 4 Julie 1907, p.342.

258) Die kerkraadsvergadering is „voorlopig" genoem omdat die verkose ampsdraers nog nie in hulle ampte bevestig was nie.

259) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule 14 Febr.1907.

katkisanter gedoen het, is onbekend. Dit sou heelwaarskynlik in hierdie gevalle maar die gesinshoof gewees het. Die helfte van die jong mense wat hulle wou laat „aanneem“ kon egter nie kom nie omdat die boerdery kort voor die winter baie werk meebring. Negentien jong mans en meisies is wel „aangeneem“. ²⁶⁰⁾ Aan die verbondsonderrig van die kinders moes die kerkraad inderdaad die nodige aandag skenk. Immers, dit was opdrag dat ds. Jacobs „het Evangeliewerk in al deszelfs delen van prediken, catechiseeren aan de Boeren Immigranten in Patagonië zou verrichten.“ ²⁶¹⁾ So het die kerkraad dan ook besluit „dat Sondagskool katekisasie en dienst sal gehouden worden een maal in den maand in elke wijk, door de ouderling van dien wijk“. ²⁶²⁾ Van die besluit het daar in die praktyk nie veel tereg gekom nie. Wel kon ds. Jacobs in 1908 rapporteer dat daar 3 Sondagskole is: een in Comodoro Rivadavia, een in die middel van die Boerekolonie en een af en toe deur 'n ouderling in een van die wyke. Hierdie Sondagskole is in totaal deur ongeveer 30 kinders besoek. ²⁶³⁾ Van die Sondagskool in Comodoro Rivadavia skryf ds. Jacobs dat dit „uit Spaanse, Welse en Boer kinders bestaan het en gevolglik was die taalmedium, Spaans, Engels en Hollands, dus moes daar drie onderwysers vir nog geen twintig kinders wees“. ²⁶⁴⁾ By die Sondagskool is hy

260) Die Kerkbode, 4 Julie 1907, p.342.

261) Ibid., 23 Maart 1911.

262) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule 2 Nov. 1907.

263) Die Kerkbode, 22 Julie 1909, p.345.

264) 'n Dominé, a.w., p.288.

gehelp deur „twee Welschen, een om de Welsche kinderen in't Engelsch en een om de Spaansche kinderen in't Spaansch godsdienstonderwys te geven. In een klein kamertjie kan men drie talen gelijk hooren spreken. Geen wonder dat de kinderen weldra niet meer kwamen in de school tot niet is gegaan".²⁶⁵⁾

In 1909 het hy vir 3 maande op die plaas van ouderling C.J.N. Visser skoolgehou en dan Sondae daar diens en Sondagskool gehou. Oor die algemeen word Sondagskole slegs gehou wanneer daar buitendienste plaasvind.²⁶⁶⁾

Ons bemerk dus dat die kerkraadsbesluit van 2 November 1907 nie uitgevoer word nie nl. dat Sondagskool een keer per maand deur die ouderling van die bepaalde wyk gehou moet word.²⁶⁷⁾ En so moes ds. Jacobs kla: „De meeste kinderen kunnen geen liederen, Psalmen of Gezangen meer zingen".²⁶⁸⁾ Dit blyk dat hierdie uiters belangrike werk besig is om skipbreuk te ly. Ook kon die Sondagskole deur weinig bygewoon word. Om die waarheid te sê: „de groote meerderheid is nog nooit in Zondag of dagschool gewees".²⁶⁹⁾

Ds. Jacobs het van wyk tot wyk jonge broeders en susters „aangeneem". Gedurende sy verblyf aldaar is 63 „aangeneem".²⁷⁰⁾ Later is daar blykbaar 'n reël vasgelê, nl. dat „aanneming" slegs in November sal plaasvind. Kandidate moes hulle dan 6 maande voor die vasgestelde „aanneming" by een van die ouderlinge

265) Die Kerkbode, 23 Maart 1911.

266) Ibid., 18 Januarie 1910.

267) Sien verwysing nr.

268) Die Kerkbode, 18 Januarie 1910.

269) Ibid., 30 Maart 1911.

270) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,3/2. Uit die lidmaatregister kon slegs die name van 63 afgelei word.

aanmeld. Die ouderling moes die leraar dan weer op sy beurt kennis gee.²⁷¹⁾

Op die kerkraadsvergadering van 23 April 1910 is daar 'n klag deur 'n sekere broeder Viviers teen die predikant ingedien aangesien hy geweier het om genoemde broeder se kinders „aan te neem“. Die praktyk was: „De leeraar had nl. getuigskrifte gevraag van alle kandidaten en waar hij geen getuigskrifte kreeg, nam hy de kinders voor dit maal ook nog maar aan. In dit geval, echter, heeft hij, volgens de heer Viviers geweigerg de kinderen van de heer Viviers zonder getuigskrifte tot de aanneming toe te laten“.²⁷²⁾ Die rede waarom hy die kinders nie wou „aanneem“ nie, word nêrens vermeld nie behalwe die feit dat hulle geen getuigskrifte gehad het nie. In die verlede het die dominee ook reeds uitsonderings gemaak. Ons dink aan die geval van Henry Fillmore (Weslians). In die notule lees ons: „hij word aangeneem als lidmaat van onze Kerk op zijn geloofsbelijdenis, en dat men dus afstappe van de gewone regel in dit verband“.²⁷³⁾

Ons bemerk dus dat sake t.o.v. die Kategetiese onderwys aan die verbondsjeug van die kerk nie reg geloop het nie! Ds. Jacobs wat behep was met 'n kerkgebou in Comodoro Rivadavia, sê natuurlik dat: „al onze arbeid ging verloren of leed schipbreuk omdat wij geen Kerk en schoolgebouwen hadden“.²⁷⁴⁾ 'n Kerkgebou op 'n sentrale plek, bv. in Comodoro Rivadavia, sou kerklike

271) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule April 1910, art.6.

272) Ibid., notule 23 April 1910.

273) Ibid., notule 24 Maart 1907.

274) Die Kerkbode, 23 Maart 1911.

sake beredder.²⁷⁵⁾ In Suid-Afrika was dit egter praktyk en kon kerklike organisasie maklik rondom die praktyk gereël word, maar in Suid-Amerika was dit anders en sou sodanige praktyk op daardie stadium nie slaag nie. Die feit dat die boer al sy werk self moes doen, die feit dat die plase nie afgekamp was nie en dat hy steeds teen veediefstalle moes waak, het hom eenvoudig geen tyd gegun om sy plaas te verlaat nie. Die feit dat hy onmiddellik na die oggenddiens vertrek het, elkeen na sy eie plaas of vee, was reeds 'n bewys dat so 'n praktyk nie sou slaag nie.

4.8. Ook ander sake

Op nog slegs enkele van die werksaamhede van die kerkraad wil ons die aandag vestig. Op die kerkraadsvergadering van 4 Februarie 1908, het 'n brief uit Suid-Afrika gedien waarin bydraes vir die Vrouemonument te Bloemfontein gevra is. Die hele aangeleentheid is na 'n kommissie bestaande uit broeders C.P.H. Myburgh, C.J.N. Visser en Joubert verwys wat kollektelyste sou uitstuur.²⁷⁶⁾ 'n Bedrag egter is vir die doel ingesamel en na Suid-Afrika gestuur.²⁷⁷⁾

Interessant is dat die kerkraad besluit het om die Sondag die naaste aan Kersfees Nagmaal te vier, op die plek waar die kerk gebou sal word.²⁷⁸⁾ Of die Nagmaal wel gehou is, weet ons nie, want daar het toe al soveel rusie ontstaan oor waar die kerk uiteindelik gebou moet word dat die kerkbou vir 'n onbepaalde tyd uitgestel

275) Die Kerkbode, 23 Maart 1911.

276) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule 4 Febr.1908.

277) G.K.A. - Buenos Aires.

278) N.G.K.A. - Kaapstad, notule 2 November 1907.

is.²⁷⁹⁾ Een geval is vir ons in die notule opgeteken waar die kerkraad die diens van barmhartigheid beoefen het. Daar is besluit om 20 pesos²⁸⁰⁾ per maand aan diaken Bester uit die armkas te oorhandig vir die familie Norval.²⁸¹⁾ Die diakens het dus nie afsonderlik vergader en gehandel nie. Die volle kerkraad het oor die geval besluit.²⁸²⁾

5. Ds. Jacobs en die Onderwys

In 'n brief uit Argentinië spreek 'n sekere skryfster haar ontevredenheid met die land en die omstandighede aldaar uit. Sy verwys na haar kinders en sê: „hier groei hul net zoo als heidenen op — sonder godsdiens, sonder school“²⁸³⁾ Daar is een saak, so skryf ds. Lückhoff, wat 'n mens met diepe bekommernis en selfs vrees vervul, wat hom snags wakker hou en wat sy keel laat toetrek. Dis die kwessie van die onderwys²⁸⁴⁾ Dat die saak inderdaad ernstig was in 'n land met 'n vreemde taal, vreemde gewoontes en waar die Roomse geloof feitlik die enigste geloof is, het nie meer motivering nodig nie. Pragtig is die erns van die saak saamgevat deur ds. Lückhoff as hy sê: „dat dit ook die hart van die kerk geld, en dat dit feitelik hierop neerkom, dat, tensy die onderwysprobleem beetgepak en opgelos word, op die kerk deur van die Afrikaner Ikabod gekrywe staan“.²⁸⁵⁾ Daarom dat die Moderatuur van ds. A.J. Jacobs verlang het dat

279) N.G.K.A. - Kaapstad, notule 15 November 1910.

280) 20 pesos is + R4.

281) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80, 1/1.

282) Oor die kerkbou en kerkerf-kwessie handel ons in 'n aparte afdeling. So ook oor die onderwys-aangeleenthede.

283) Die Kerkbode, 1 Februarie 1906, p.61.

284) Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.49.

285) Ibid.

hy, soos hy skryf: „scholen en andere inrigtingen die ten doel hadden de verstandelijke en geestelijke opbouwing van jong en oud moesten natuurlik ook worden opgericht".²⁸⁶⁾

5.1. Van die staanspoor af

Vanuit Buenos Aires skryf ds. Jacobs aan die Moderatuur, en vra hy raad oor die onderwysaangeleenthede. Hy skryf dat hy gehoor het dat daar wel „een Goewernments school in Chubut is, maar dat er alleen Spaansch onderwezen wordt, en de onderwyzers natuurlik Roomschen zijn Wat mogen wij aan de menschen daar voorstellen? 't Kan zoo toch niet voortgaan. Selfs de kinderen die alhier te Buenos Aires ter school gaan, leeren geen Hollandsch. Ik zal uit vinden in den tusschen tyd of't Gouvernement ons't salaris van een Hollandschen onderwyzer zal geven en indien zoo, zou ik graag zien dat een Afrikaner hierheen kome voor dit werk".²⁸⁷⁾

Wat was die onderwyssituasie op daardie stadium in Argentinië? Skoolbesoek was verpligtend. Die medium van onderwys was Spaans. Die logiese konsekwensie hiervan was dat die kinders van die immigrante die nuwe taal baie gou sou aanleer. Dit sou egter daartoe bydra dat die vreemdelinge se voormalige identiteit spoedig in die nuwe land verdwyn.²⁸⁸⁾ Ds. Jacobs het egter sy beloftes nagekom en hy het probeer om toe-

286) Die Kerkbode, 23 Maart 1911.

287) Die Kerkbode, 27 September 1906, p.470.
Jacobs, ds. A.J. - 'n Brief.

288) 'n Dominé, a.w., p.78.

stemming van die regering te verkry dat daar in die geval van die Boere in Patagonië 'n uitsondering gemaak word. Vergesel van dr. Drees, „Elder" van die A.M.E. Kerk van Buenos Aires, het hy dr. Diaz, die direkteur van onderwys gaan spreek. In die onderhoud het ds. Jacobs hulle omstandighede in die vreemde land 'n bietjie uitgelê en gevra of die regering 'n skool waar hulle self die onderwyser voorsien, sou subsidieer. Toe dit nie kan nie aangesien dit teen 'n sekere beginsel ingedruis het, het ds. Jacobs hom versoek of hulle naas die Spaanssprekende onderwyser, ook 'n Hollandssprekende onderwyser kon aanstel in die skool. Want, so het ds. Jacobs verder geredeneer:

„dan kan die boerekinders deur middel van Hollands hul onderwys ontvang en die Spaanse taal kan geleidelik ingevoer word. Ons wis dat hulle uiteindelik met die Argentyners moes ineen smelt, maar die oorgang moes geleidelik wees. Hulle moes eers leer om in eie taal en sedes teen die vreemde invloede te staan. Die man se antwoord was beleefd maar beslis: neen. In die godsdienst laat die geëerbiedigde regering ieder een vry, wat die geloof ook al is wat 'n mens wil aanhang of verkondig. Die regering beoog die welvaart van alle seksies van die bevolking, maar deur ondervinding het hulle geleer dat om die eenheid van die nasionale lewe van die volk as 'n geheel te bevorder, moet net een taal gehandhaaf word".²⁸⁹⁾ So het ds. Jacobs dan onverrigtersake van die direkteur af teruggekeer.

289) 'n Dominé, a.w., p.78.

In 'n brief gedateer 26 April 1907 doen hy verslag van sy ontmoeting met die owerheid en gaan hy voort:

„Wij hebben alles gedaan om saam met het Gouvernement scholen voor de Immigranten op te richten, maar wegens de gehechtheid van den Argentijn aan zijn taal, en de voorzichtigheid van den Boer wat zijn geloof betref, is de zaak onmogelijk voor het tegenwoordige, ten minste. De rijken hier kunnen voor zichzelf zorgen, maar de meerderheid zijn de armen en voor hun kinders moeten wij een plan maken. Ik heb de namen van kinders opgenomen en vind dat op 4 plaatsen ten minste zijn er gemiddeld 30 kinders, die nu naar school moeten gaan. Wij zullen later by vrienden in Zuid-Afrika aankloppen om ons in dezen te helpen. De meeste menschen gaan goed vooruit, maar daar ze zeer arm in Zuid-Afrika waren, zal 't nog een paar jaar duren voor zij zelven hun kinders in scholen kunnen plaatsen. Hier is ruim veld voor jonge Afrikaners om hun volksliefde in beoefening te brengen, door als onderwyzers hier heen te komen”.²⁹⁰⁾ Wat 'n bejammeringswaardige toestand, vir sowel hierdie mense as die jong dominee wat die opdrag het om lewe uit die doodsbeendere te skep.

Die rykes hier kan self sorg. Hulle het ook. In Buenos Aires was daar 'n klompie seuns en dogters, Vissers en Venters, op skool.²⁹¹⁾ Sommige is selfs na Noord-Amerika, Skotland en Engeland.²⁹²⁾ Maar wat

290) Die Kerkbode, 4 Julie 1907.

291) 'n Dominé, a.w., p.66.

292) Coenraad Visser het in Noord-Amerika gaan leer, Hendrik Visser in Skotland en Benjamin en Aida Cook in Engeland. Sien ook „De Volkstem”, 1 Oktober 1912, p.9.

van die armes? En hulle is die meerderheid. Hulle lot lê in die hande van „vrienden in Zuid-Afrika”.

5.2. In Comodoro Rivadavia

Toe ds. Jacobs in 1907 in Comodoro Rivadavia aankom, moes hy ontdek dat daar geen skool was nie, behalwe ’n klein privaat skooltjie waar ’n dame in ’n huis aan ’n paar kinders onderrig gegee het.²⁹³⁾ ’n Mens sou verwag dat die saak breedvoerig bespreek sou word op die eerste gemeentevergadering van 14 Februarie 1907. Dit was egter nie die geval nie. Skoolsake is terloops bygesny in ’n voorstel dat daar dadelik vir die bou van ’n kerk gekollekteer moet word. Aan die kommissie wat vir die doel benoem is, is ook opdrag gegee om te kyk of ’n skoolgebou gevind kon word.²⁹⁴⁾ Dit is ook opvallend dat skoolsake nooit deur die kerkraad van die „Gemeente Kolonia Boera” bespreek is nie. Ds. Jacobs het egter ’n reeks vergaderings met die ouers oor skoolsake gehou en die ouers dit sterk op die hart gedruk om hulle kinders nie onopgevoed te laat groot word nie. Die vergaderings was nie vrugteloos nie „en binnen korten tijd waren er zes onderwyzers op verschillende plaatsen bezig, benevens de school door mij (ds. Jacobs) te Comodoro Rivadavia begonnen waar ik zelf in't Hollandsch en't Engelsch aan kinderen van Boeren, Welschen en Spanjaarden onderwijs gaf”.²⁹⁵⁾

293) Die Kerkbode, 23 Maart 1911.

294) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1. Notule 14 Februarie 1907.

295) Die Kerkbode, 23 Maart 1911. Sien ook Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.24.

5.3. n Afwaartse neiging

n Goeie begin, maar dit was van korte duur. Aan die einde van 1907 het ds. Jacobs hulp vir 5 skole vir 30 kinders gevra.²⁹⁶⁾ In sy verslag aan die Moderatuur oor sy werksaamhede gedurende 1908, vermeld hy dat daar 3 skole in die kolonie is en een op die dorp.²⁹⁷⁾

In 1909 is daar nog maar 2 skole in die kolonie. Van die een op die dorp word geen melding meer gemaak nie. Ds. Jacobs het self vir 4 maande skoolgehou, waarvan 3 maande op die plaas van C.J.N. Visser.²⁹⁸⁾ In die twee skole, so skryf ds. Jacobs, „wordt alleen Engelsch of Spaansch geleerd, dat is, in de eene wordt alleen Engelsch, en in de andere alleen Spaansch onderwezen Ik breng nog altyd het mijne in tegen zulk een verkeerd denkbeeld. Ik poog te bewijzen dat't Engelsch noch door boeren noch door Spanjaarden in den omgang hier gebruikt wordt en dat Spaansch wel nodig is, maar dat het kind zonder't Hollandsch onbruikbaar is voor de gemeente”.²⁹⁹⁾ Ds. Jacobs het homself bereid verklaar om die kinders in Hollands te onderrig en as die ouers dan beide tale wil onderhou, ook in Engels.³⁰⁰⁾

In 1910 het die skole in die kolonie verminder tot een.³⁰¹⁾ In 1912 was daar geen skool meer nie.³⁰²⁾

296) Die Kerkbode, 28 November 1907, p.628.

297) Ibid., 22 Julie 1909, p.345.

298) Ibid., 18 Januarie 1910, Jaarverslag van Geestelijke werk in Chubut, Zuid-Amerika, Januarie - Desember 1909.

299) Die Kerkbode, 18 Januarie 1910, p.200.

300) Ibid., 18 Januarie 1910.

301) Ibid., 23 Januarie 1911.

302) Die Staatsargief, Pretoria „Die Volkstem”, 1 Oktober 1912, p.9. „Die Boer in Argentinië”, deur Dirk Boshoff.

Dirk Boshoff³⁰³⁾ maak ook daarvan melding dat welgestelde ouers hulle kinders na Buenos Aires of selfs na Europa stuur om daar hulle opvoeding te ontvang.³⁰⁴⁾ Dan was daar ook ouers wat in die vermoë was „om een of ander jonge dame wat in Suid-Afrika 'n deeglike opvoeding gehad het, als onderwyseres te emploieer vir hulle paar kinders, maar in die eerste plaas is so 'n jonge dame nie gemaklik te krij en in die tweede plaas kan die kinders so moeilik uit die werk gespaar word".³⁰⁵⁾ Daar was wel nog 'n „goevernement skool" op die plaas van mnr. C.J.N. Visser, maar die onderwyser het slegs Spaans geken en die onderrig was natuurlik deur medium Spaans. Dit spreek vanself dat een skool vir die groot Boerekolonie heeltemal ontoereikend was. Net die boere wat in die onmiddellike omgewing gewoon het, kon hierby baat. Koshuise was daar natuurlik nie en a.g.v. die gebrek aan bediendes sou niemand sonder meer kinders as loseerders inneem nie.³⁰⁶⁾ Waarom kon onderwyssake in die kolonie onder die boere dan nie op stoom kom nie? Hierop antwoord ds. Jacobs self: „Onderwijs geven is by ons echter een moeilijke byna een onmogelijke zaak. De ouders moeten de kinderen in de boerderij gebruiken".³⁰⁷⁾ Die toestand was letterlik daar so, dat die kind van moedersknie wegge- neem moes word om vader behulpzaam te wees in die boerdery, want bediendes was daar nie.³⁰⁸⁾ En so was

303) Skrywer van 'n reeks artikels „Die Boer in Argentinië", in „De Volkstem" van 1912.

304) „De Volkstem", 1 Oktober 1912, p.9.

305) Ibid., p.9.

306) Ibid., 1 Oktober 1912.

307) Die Kerkbode, 23 Maart 1911.

308) „De Volkstem", 1 Oktober 1912, Boshoff Dirk, „Die Boer in Argentinië".

daar baie kinders, die grootste meerderheid, wat nog nooit die vreugde van die opvoeding saam met ander gesmaak het nie.³⁰⁹⁾ 'n Tweede faktor was die ouers self. Ds. Jacobs skryf in sy verslag: „De ouders kunnen meer doen, maar ze willen het onderwijs zonder moeite en koste hebben”.³¹⁰⁾ Ook ds. Lückhoff verwys in sy rapport³¹¹⁾ na „die traagheid van ouers ten opsigte van die onderwys van die kinders”. Op die bereidverklaring van ds. Jacobs om die kinders self op die plase te gaan onderrig in Hollands en Engels, het slegs een familie gereageer en hom uitgenooi om gedurende die afwesigheid van die Spaanse onderwyser, vir hulle kinders Godsdiensonderwys, Hollands en Engelse lesse te gee.³¹²⁾

'n Verdere faktor wat ons wil noem, was die gebrek aan leiers. Daar was nie manne wat leiding kon gee en inisiatief kon neem nie. Daarby was ds. Jacobs vir 'n groot persentasie van die mense nie aanvaarbaar nie. Ook vir sommige mense van die N.G. Kerk self was hy nie aanvaarbaar nie.³¹³⁾ Dan moet ons ook nog in gedagte hou dat daar verdeeldheid op kerklike gebied onder die Afrikaners in Argentinië bestaan het,³¹⁴⁾ en dat die onderwyssaak hierdeur ook geweldig benadeel is. Daar was t.o.v. die onderwyssaak geen samewerking tussen die lede van die Gereformeerde Kerk en die N.G. Kerk nie. Die Gereformeerdes was besig om in die

309) Die Kerkbode, 30 Maart 1911, Jacobs ds. A.J. - Verslag.

310) Ibid., 30 Maart 1911.

311) Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.25.

312) Die Kerkbode, 18 Januarie 1910.

313) „De Volkstem”, 17 Sept. 1912, p.7, 8. Ook N.G.K.A. Kaapstad, G.80,1/1, Brief in opdrag van Kerkraadsverg. 28 Febr. 1912, aan Saakgelastigde v/d N.G. Kerk in Suid-Afrika.

314) Die Kerkbode, 30 Maart 1911.

bedieningsperiode van ds. Jacobs hulle eie onderwyssake te reël. In 'n brief aan dr. Van Lonkhuijzen, skryf Gert Kruger dat daar 64 kinders is wat onderwys moet ontvang, maar dat hulle moet wag met 'n onderwyser totdat hulle 'n predikant het. Hulle is ook bevrees as hulle nou aan die saak roer, hulle deur die N.G.-mense teëgewerk sal word omdat hulle die minderheid is. Sodra hulle hier 'n leraar het, kan hulle al die skoolsake d.m.v. die leraar reël.³¹⁵⁾

Ons sien dus dat daar t.o.v. die onderwyssaak gedurende die bedieningsperiode van ds. Jacobs, nie baie vordering gemaak is nie. Die dominee het seker alles in sy vermoë probeer om koers en rigting aan die onderwyssaak te gee, maar dit was 'n hopelose saak. Verskeie faktore wat ons reeds aangetoon het, het bygedra dat die skole nie aan die gang gehou kon word nie en onder die las van groot teleurstelling en moedeloosheid, het ds. Jacobs na Suid-Afrika teruggekeer.³¹⁶⁾

6. Ds. Jacobs en die Kerkbou-kwessie

Die gemeentevergadering van 14 Februarie 1907, het in beginsel besluit dat daar 'n kerkgebou opgerig moet word, dat daar dadelik vir die doel gekollekteer moet word en dat 'n kommissie bestaande uit ds. Jacobs, M.M. Venter, L. le Grange, Lewis Baumann en F. Venter ondersoek moet instel of 'n geskikte kerkplek gevind kon word.³¹⁷⁾ 'n Mens sou verwag dat die gemeente-

315) G.K.A. - Buenos Aires, Gert Kruger, brief aan dr. Van Lonkhuijzen ged. 18 Julie 1908, afskrif ook in my besit.

316) Lütkhoff, ds. A.D., a.w., p.24.

317) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1.

vergadering nie kon afsluit sonder om so 'n besluit te neem nie. 'n Gemeente moet tog 'n sentrale plek hê waar hulle gereeld kan saamkom om eredienste te hou. Na vier maande se verblyf aldaar, en nadat ds. Jacobs reeds hard probeer het om die kerklike lewe op dreef te kry, skryf hy: „Als er eerst op een centrale plaats een kerkgebouw staat, dat wij gauw hopen te hebben, zal't wel beter gaan".³¹⁸⁾ Maar die vraag kom tog by 'n mens op: sou 'n kerkgebou werklik praktiese waarde in die gemeente hê? In 1907 het ds. Jacobs geskryf dat die gemeente 15 uur te perd lank is en 10 uur te perd breed.³¹⁹⁾ In 1908 rapporteer hy dat die gemeente in 4 wyke ingedeel is, dat 'n heeltemal onbewoonde streek Wyk IV van Wyk III en II skei. Agt onbewoonde plase maak weer skeiding tussen Wyke III en II sodat alleen Wyke I en II aanmekeer grens. Binne die wyke, so het hy verder gerapporteer, woon die mense ver uitmekeer.³²⁰⁾ Die gemeente was dus geweldig uitgestrek. In 1910 was die voerpunt van die boere reeds twintig uur te perd van die dorp af en dan nog versprei in alle rigtings.³²¹⁾ Dan moet ons ook nog in gedagte hou dat die boere nie sonder meer hulle plase kon verlaat nie, want daar was nie werkvolk aan wie se sorg hulle die boerdery kon toevertrou nie. Dit was werklik 'n probleem wat 'n sentrale kerkplek heeltemal onprakties sou maak. In sy verslag aan die Moderatuur

318) Die Kerkbode, 4 Julie 1907, p.342.

319) Ibid.

320) Ibid., 22 Julie 1909, p.345.

321) Ibid., 30 Maart 1911.

skryf ds. Jacobs dat hulle in Wyk I geen Voorbereidingsdiens op Saterdag kon hou nie, aangesien die boere nie van hulle plase kon weggaan en Sondag weer kom nie.³²²⁾ Hulle kon selfs nie 'n tweede diens op Sondag hou nie, „want de kerkgangers moet onmiddellik na de boerderij terug”.³²³⁾

6.1. 'n Kerkgebou moet opgerig word!

Tog is die besluit geneem: 'n kerkgebou moet opgerig word, daar moet gekollekteer word en 'n geskikte plek moet gevind word. Uit hierdie besluit sou daar egter baie probleme, ja selfs bitterheid gebore word.

Dat 'n kerkgebou opgerig moet word, daaroor was almal eensgesind, want, so het ds. Jacobs geskryf, „voor den Afrikaner althans zijn kerk en kerkgebouw onafscheide-lijk en kerkgaan onmogelijk zonder de gewijde plaats”.³²⁴⁾ Die probleme het egter vermenigvuldig wanneer daar by die vraag gekom is: wáár moet die kerkgebou opgerig word? So skryf ds. Jacobs: „Vele vergaderingen werden in belang van den kerkbouw by elkaar geroepen. Het scheen dat men't kerkgebouw aan stuk wilde scheuren vóórdat men tot een besluit kwam om te bouwen. Er kan maar een gebou zijn en toch wilde elkeen dat gebouw in zijn nabijheid hebben”.³²⁵⁾ Ons moet verder in gedagte hou, dat die gebied waar die Boere gewoon het ten noorde van die dorpie Comodoro Rivadavia geleë was. Die gedagte onder die Boere was dan ook dat die

322) Die Kerkbode, 22 Julie 1909, p.345.

323) Ibid., 22 Julie 1909.

324) Ibid., 23 Maart 1911.

325) Ibid.

kerkgebou in die kolonie opgerig moes word.³²⁶⁾ Hier-
teenoor was ds. Jacobs van gedagte dat 'n stuk grond
gekoop moes word op die sentraalste punt en dat daarop
'n kerkgebou, skool en predikantswoning opgerig moet
word. In die lig van bogenoemde nl. dat die Boere
nie hulle plase kon verlaat vir langer as 'n dag nie,
het die redenering van ds. Jacobs vir die bou van 'n
kerk op Comodoro Rivadavia geen gewig gedra nie.

Op sy vergadering van 13 April 1907, het die kerkraad
besluit om vyf kollektelyste uit te maak vir die kol-
lekter van 'n kerkgebou. Die kerkraad verwag dat die
helfte van die beloofde bedrag teen die einde van
November 1907 gestort moet word en die ander helfte
teen die einde van Februarie 1908.³²⁷⁾ Entoesiasme
oor die saak het nie ontbreek nie.

6.1.1. Waar?

So besluit die kerkraad om reeds op die 27ste
November 'n gemeentevergadering te belê op die plaas
van T. Bester te „Grand Cañadon” om te besluit waar
die kerk gebou moet word.³²⁸⁾ Die kerkraad het in die
tussentyd twee aanbiedinge van grond vir 'n kerkplek
gekry, en die vergadering moet nou uitmaak „waar de

326) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1. Sien notules van
gemeentevergadering 27 Nov. 1907 en 29 April
1908. Voortrekkersrust, L. Baumann se plaas is
aanbeveel, ook T. Vorster se plaas, asook Puerto
Visser. Puerto Visser was 'n gehuggie aan die see
na C.J.N. Visser vernoem.

327) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1. Notule 13 April '07.

328) Ibid., notule 2 November 1907.

eerste kerkgebouw geplaats zal worden". Die aanbie-
dinge was dié van die here L. Baumann en T. Vorster.³²⁹⁾

Nadat die aanbod van elk van die twee here aangehoor
en bespreek is, is besluit om die aanbod van die heer
T. Vorster te aanvaar. Die aanbod was:

"Ik geef een stuk grond voor kerkgebouw vrij, en vrij
wijding voor kerkgaanende perzonen ze paarden en ossen
vir die paar dagen. En menschen die wensch om huizen
op te zit, kan het maar doen". Punten van vergadering
luid als volg:

- I Hij geeft een hectaria grond vrij voor een kerk-
gebou.
- II Hij geeft een kwart leagu³³⁰⁾ vrij voor wijveld
voor altijd — maar indien de kerk het wil koopen
nadat het zijn eigendom is, kan het voor mark prijs
gekocht worden.
- III Hij is gewillig erven 30 x 30 meters te verkoopen
voor 100 pesos stuk of elk.
- IV De kerkraad kan besluiten hoeveel erven zullen
gehouden worden voor lidmaten rondom de kerkplein
die zullen opengehouden worden totdat de grond
zijns eigendom is.
- V Er zal geloot worden voor een erf wanneer er
desputen voorkomt".³³¹⁾

'n Kommissie van drie lede, t.w. P. Visser, P. Greyling
en L. le Grange (snr.) is benoem om verder met die
heer T. Vorster te onderhandel oor sy kondisies en dit
dan voor die kerkraad te lê op 21 Desember 1907.³³²⁾
Die rapport van die kommissie het slegs t.o.v. IV en V

329) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1. Notule gemeente-
vergadering 27 November 1907.

330) een league = 2500 hektare.

331) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1. Notule gemeente-
vergadering 27 November 1907.

332) Ibid.

van die punte wat voor die gemeentevergadering van 27 November 1907 gedien het, verskil. Punt IV van die kommissie se verslag het gelui dat:

„Gemeenteleden kunnen erven intusschen behouwen en bewonen slechts voor kerkelijke doeleinde". Punt V het die grense van die kwart leaguq vir weiveld nader bepaal: „de lijn van kwart leaguq zal zijn de lijn tusschen de heeren Vorster en Visser (snr.) tot aan het groot pad van Salamanca en van daar met het grootpad tot aan het eerste pad op de Rechtehant en met deze pad in de loop van de Groot Canajadon. Van daar met een regte lijn en de Canajadon af tot bij de eerste groot draai".³³³⁾ Die rapport van die kommissie is deur die kerkraad geodagekeur en daar is verder besluit dat die kommissie die kerkraad behulpzaam sal wees ook om erwe vir lidmate te help afbaken. Die skriba word ook gelas om kollektelyste uit te maak en rond te stuur.³³⁴⁾

Op die vergadering van 13 April is reeds besluit om 5 kollektelyste te laat sirkuleer. Blykbaar het die skriba nog nie die opdrag uitgevoer nie, en word die saak nou weer aangeroei.

Die kerkplek was nou n`uitgemaakte saak. Lidmate het ook reeds toestemming om te bou vir kerkdoeleindes. Dit is nou nog net die kerkgebou wat ontbreek, maar vir die oprigting hiervan sal daar gekollekteer word.

Op die kerkraadsvergadering van 4 Februarie 1908, kon

333) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, Kerkraadsvergadering, 21 Desember 1907.

334) Ibid., notule 21 Desember 1907.

daar oor die opbrengs van die kollektelyste gerapporteer word. Dit blyk dat daar 'n bedrag van 164 pesos³³⁵⁾ in kontant vir die kerkbou ingekom het. Verdere beloofde bydraes is 3267.75 pesos, asook 145 skape. Daar word besluit dat die skape teen 4.5 pesos per stuk verkoop sal word.³³⁶⁾ Die kerkraad was dus verseker van 'n bedrag van nagenoeg 4084.25 pesos.³³⁷⁾ Met hierdie bedrae kon 'n gebou inderdaad reeds gebou word. Tog vind ons op hierdie kerkraadsvergadering geen besluit oor die bou van 'n kerk nie. Die volgende kerkraadsvergadering het die saak egter weer aangeroei, deur 'n gemeentevergadering te belê vir 29 April 1908.³³⁸⁾ Die vergadering was hoofsaaklik belê met die oog daarop dat die gemeentelêde hulle erwe moes kom kry asook die kennisgewing van die voorwaardes wat daaraan verbonde was.³³⁹⁾ Wat daar gedurende die kerkraadsvergadering tot en met die gemeentevergadering gebeur het, kan niemand sê nie, want in die notule van die gemeentevergadering waarop daar 21 lidmate teenwoordig was, staan slegs: „Voorgestel en aangeneem dat die kerkplaats sal wees by Puerto Visser”.³⁴⁰⁾ 'n Kommissie wat bestaan het uit C.P.H. Myburgh, G. van Zyl en P. Greyling het opdrag ontvang om by die regering ondersoek in te stel oor die plek by Puerto Visser.

335) 1 peso = 20^c. 164 pesos is dus ongeveer R32.

336) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1. Kerkraadsvergadering 4 Februarie 1908.

337) Dit is ongeveer R830.

338) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1. Notule 21 Maart 1908.

339) Ibid.

340) Ibid. Notule 29 April 1908.

6.1.2. Probleme duik op

Ons vind nou hier 'n verskuiwing t.o.v. die plek waar die kerk opgerig sou word. Die oorsaak van hierdie verskuiwing was heelwaarskynlik die feit dat die heer T. Vorster geen eiendomsreg op die grond kon kry wat hy geokkupeer het nie.³⁴¹⁾ Puerto Visser was 'n klein dorpie aan die see reg teenoor die plaas van C.J.N. Visser. Die plekkie is ook na hom vernoem. Die moontlikhede vir uitbreidings was hier maar skraal. Daar was ook geen besighede nie. As middelpunt en sentrum vir die Boere sou dit dus ook nie kwalifiseer nie.³⁴²⁾ In die omstandighede was dit miskien die beste besluit wat geneem is. Dat die inisiatief vir die bou van 'n kerk deur die verwickelinge gedemp sou word, spreek haas vanself. Dit was eers weer in September 1908 dat die kerkraad aan die saak aandag gegee het. Ons lees in die notule, dat die kerkkommissie bedank is vir hulle werk en dat verder aan hulle opgedra is om te werk met die oog op die verkryging van grond en indien moontlik, dat 'n voorlopige kerkgebou opgerig word. Die kommissie moet ook verder met die diakens onderhandel.³⁴³⁾

In Maart 1909 bemerk ons dat daar nog nie grond bekom kon word nie. Pogings sal aangewend word om die

-
- 341) In 1907/1908 het die regering op versoek v/d Boere, 'n boor gestuur om vir water te boor. I.p.v. water is daar ryk oliebronne gevind. Hierna kon niemand meer eiendomsreg op grond in die gebied verkry nie. Sien Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.11. Ook Henning, P.H.a.w., p.248,249.
- 342) "Comodoro 70", Volument Editado por el Diario "El Patagonico" 1971 - La Colonia Boers en-Com. Riv. Capitulo III.
- 343) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1. Kerkraadsnotule 12 September 1908.

Landmeter-generaal te spreek met die oog op die verkryging van grond. Vir hierdie doel word die name van ds. Jacobs en ouderling C.J.N. Visser by die bestaande kommissie gevoeg.³⁴⁴⁾ Hierdie poging om grond te bekom het blykbaar ook nie geslaag nie, want op 15 Oktober 1910, by die vertrek van ds. Jacobs, besluit die kerkraad, daar hulle deur omstandighede verhinder is om 'n kerkgebou op te rig: "de zaak voor onbepaalden tijd uit te stellen".³⁴⁴⁾

6.2. Ds. Jacobs tree eiemagtig op

Ons het reeds daarop gewys dat ds. Jacobs van die begin af een gedagte gehad het en dit was dat daar op 'n "sentrale plek" 'n kerkgebou opgerig moes word.³⁴⁵⁾ By verskeie geleenthede het hy op die noodsaaklikheid van 'n kerkgebou gewys.³⁴⁶⁾ Om van plaas tot plaas te reis en Nagmaal te bedien, soms in die buitelug, so skryf hy, stig nie: "Ons het etlike pogings aangewend om verandering hierin te bring, maar te vergeefs".³⁴⁷⁾ T.o.v. die plek waar die kerkgebou opgerig moes word, het hy dan ook van die kerkraad verskil. Hy was van mening dat die mees "sentrale plek" om so 'n kerkgebou op te rig, Comodoro Rivadavia was want, "hierheen moeten toch allen komen ten einde hun zaken te verichten precies als in Zuid-Afrika waar men Vrijdag en Zaterdag zijn koopjes doet en dan Zondag overblijft om ter Kerk te gaan".³⁴⁸⁾

In die tussentyd het iets gebeur wat 'n verwydering

344) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1. Notule 15/10/1910.

345) Die Kerkbode, 4 Julie 1907, p.342.

346) Ibid., 22 Julie 1909, p.345.

347) Ibid., 22 Julie 1909.

348) Ibid., 23 Maart 1911.

tussen ds. Jacobs en ouderling C.J.N. Visser teweeggebring het.³⁴⁹⁾ Daarby kom dat die kerkraad ook nie veel moeite gedoen het i.v.m. die losies van ds. Jacobs nie. Hy het nog steeds by sy skoonvader br. P. Henning (snr.), ingewoon teen 'n vergoeding aan lg. vir 60 pesos per maand. Hiermee was die kerkraad 3 maande agterstallig.³⁵⁰⁾ Hierdie twee sake, saam met blykbare teleurstelling oor die stadige vordering met die oprigting van 'n kerkgebou, het ds. Jacobs tot eiemagtige optrede gedwing t.o.v. die verkryging van kerkgrond en die oprigting van 'n kerkgebou.

In sy verslag oor die werksaamhede van 1909, maak ds. Jacobs melding van 'n kerkgebou wat hy laat oprig het.³⁵¹⁾ Dit blyk dat hy intussen op eie stoom gepoog het om grond in Comodoro Rivadavia te bekom. Hy het dan ook daarin geslaag en op 22 Julie 1908 is twee erwe amptelik deur die Kantoor van Lande aan hom toegeken.³⁵²⁾ Op een van hierdie erwe het hy vir homself 'n klein woonhuisie gebou.³⁵³⁾ Op die ander een het hy 'n gebou opgerig wat as kerkgebou moes diens doen. Die kerkraad erken in 'n skrywe aan die Saakgelastigde van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika dat: „daar de Kerkraad destyd tweedragtig was omtrent de plaats waar de Kerk zal geboud worden, is deze zaak,

349) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule 21 Desember 1907, Kwessie C.J.N. Visser/Ds. Jacobs.

350) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule 2 Nov. 1907.

351) Die Kerkbode, 18 Januarie 1910.

352) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.37 Deel II.

353) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1. Brief ongedateer aan die „Saakgelastigde der Ned. Geref. Kerk in Zuid-Afrika". Sien ook Conradie, F.D., a.w., p.47. Ook Die Kerkbode, 23 Maart 1911.

namelik het krygen van het grond en bouwen van huis en kerk door hem (ds. Jacobs) alleen ondernomen .."354)

Van hierdie kerkgebou wat hy laat oprig het, skryf ds. Jacobs dat dit: „een net zinkgebouw is, met ongeveer 150 zitplaatsen. Het zijn meestal vreemdelingen die mij geholpen hebben om sover te komen. Tot zoover kostte het gebouw, 3850 dollors of + £280".355) Die „vreemdelinge" wat hom gehelp het, is later deur die kerkraad aangedui as „protestante persone".356) Dit was 'n „halwe waarheid", skryf Conradie. Ook anders gesindes het vir die bou van die kerk bygedra, o.a. Argentynse firmas, van wie die eienaars Rooms was. Een Argentynse firma het 300 pesos gegee. Dan het „Lahusen en Cie.", 'n Duitse firma, 1300 pesos gegee en die „Coöperatiewe Welse Winkel" ook 300 pesos.357)

Hoewel hierdie erwe in Comodoro Rivadavia geleë was, skryf ds. Jacobs: „al te geschikt was de ligging wel niet voor een kerkplaats, want in de nabyheid is geen water. De naaste zuipplaats voor vee is drie uren er vandaan. Maar iets was toch beter dan niets".358) 'n Mens kan dus goed verstaan waarom die Boere, Comodoro Rivadavia die skeldnaam van „Vrek van Dors" gegee het.359)

Hierdie kerkgebou is egter nooit voltooi nie. Aan die einde van 1909 rapporteer ds. Jacobs dat hy ongeveer

354) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, Ongedateerde brief aan die „Zaakgelastigde der Ned.Geref.Kerk in Zuid-Afrika".

355) Die Kerkbode, 18 Januarie 1910.

356) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, Ongedateerde brief aan die „Zaakgelastigde der Ned.Geref.Kerk in Zuid-Afrika".

357) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.69.

358) Die Kerkbode, 18 Januarie 1910.

359) Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.6.

nog £100 kortkom om die gebou te voltooi.³⁶⁰⁾ Aan die einde van sy werksaamhede aldaar in 1910, moes hy nogeens rapporteer: „Dit gebou kan echter uit gebrek aan nog £100 niet worden voltooid”.³⁶¹⁾ Hy kon dus sedert 1909 geen verdere fondse vind om die kerkgebou te voltooi nie. Ons moet hierby in gedagte hou dat op die kerkraadsvergadering van Februarie 1908, dit geblyk het dat die kerkraad van + R800 verseker was, wat hulle kon aanwend vir die bou van 'n kerk.³⁶²⁾ Indien die kerkraad hierdie poging van ds. Jacobs gesteun het, kon die kerkgebou sonder moeite voltooi word. Maar, die kerkraad wou met hierdie poging van ds. Jacobs niks te make hê nie.³⁶³⁾ Die kerkraad het wel na grond gesoek en hulle wou ook 'n kerkgebou oprig, „maar die grond wat hulle gesoek, gevra en begeer het, was nie in Comodoro Rivadavia nie, maar in die kolonie, en in hul houding was daar 'n taamlike selfbelang gewees. Selfs by die eensame „Puerto Visser” wou hulle grond kry so was die hele kerkraad gekant teen ds. Jacobs toe hy in die Poort³⁶⁴⁾ wou grond kry vir kerkdoeleindes, kortweg, hulle het hom teëgewerk.”³⁶⁵⁾ En so het ds. Jacobs: „applikasie gemaak in sy naam, sonder hulp van enigaard deur die Gemeente”³⁶⁶⁾ en is die twee erwe aan hom toegeken waarop hy sy woon-

360) Die Kerkbode, 18 Januarie 1910.

361) Ibid., 23 Maart 1911.

362) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule 4 Febr.1908.

363) Ibid., Brief ongedateer aan „Zaakgelastigde der N.G. Kerk in Zuid-Afrika”.

364) Comodoro Rivadavia is so deur die Boere genoem.

365) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.68.

366) Ibid., p.70.

huisie, waarmee die „voorbeeldige Kerkraad hom ook nie mee gehelp het nie“³⁶⁷⁾ en die kerkgebou opgerig.

Toe ds. A.J. Jacobs in 1910 na Suid-Afrika terugkeer, het hy die huisie waarin hy gewoon het verhuur,³⁶⁸⁾ en met sy prokureur gereël dat beide erwe verkoop moes word en dat die geld aan die mense gegee moes word wat oorspronklik vir die oprigting van die kerkgebou bygedra het.³⁶⁹⁾

Dit was dus die toestand in 1910. Die Kerkraad was besig met pogings om grond te bekom iewers in die kolonie vir kerkdoeleindes. Ds. Jacobs aan die anderkant het reeds grond bekom in Comodoro Rivadavia en op die een erf 'n kerkgebou opgerig met die hulp en bystand van „vreemdelinge“. Met sy vertrek het hy egter opdrag gegee dat die erwe verkoop moes word.

6.3. 'n Nuwe wending

Nadat die Kerkraad „Acta van Dimissie“ op 15 Oktober 1910 aan ds. A.J. Jacobs gegee het, het daar byna 17 maande verloop voordat hulle weer vergader het.³⁷⁰⁾ Op hierdie vergadering bemerk ons dat sake wat betref die oprigting van 'n kerkgebou en die verkryging van grond vir die doel, 'n heeltemal ander wending begin neem. In die notule van hierdie vergadering, lees ons in art. 2: „Die zaak omtrent het kerkgrond in Comodoro Rivadavia word door al die brs.

367) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.70.

368) Ibid., p.66. Brief van ds. Jacobs aan Tj. van der Walt.

369) Ibid., p.66.

370) Ibid., G.80,1/1. Sien notuleboek. Die datum van die eerste vergadering na ds. Jacobs se vertrek is 28 Februarie 1912.

besproken".³⁷¹⁾ Ook kry brs. Bester en Yeats opdrag om uit te vind „op wiens naam de Kerk of liewer het eigendom waarop de kerk staat, is".³⁷²⁾ Voorts moet br. Tj. van der Walt met die heer M.M. Venter³⁷³⁾ onderhandel oor „het reparatie van kerkgebou in Comodoro".³⁷⁴⁾

Vir die eerste keer verneem ons nou dat die kerkraad melding maak van kerkgrond en erwe in Comodoro Rivadavia. Verder het die kerkraad besluit om 'n brief aan die saakgelastigde van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika te rig. In die brief skryf hulle dat hulle dit onder sy aandag wil bring „dat door ds. Jacobs twee erven voor kerk en school te Comodoro Rivadavia van het Gov. gekregen zijn, op een is door hem een klein woonhuisje gebouwd en op de ander een half klaar gebouw voor een kerk, laatstgenoemde door geld van verscheidene Protestanten personen gekollecteerd gebouwd over 2000 pesos. Daar de kerkraad destijdt tweedragtig was omtrent de plaats waar de kerk zal gebouwd worden, is deze zaak, namelijk het krijgen van het grond en bouwen van huis en kerk door hem (ds. Jacobs) alleen ondernomen en heeft hy een erf op zijn naam en de andere op naam van mevr. Jacobs voorlopig getransporteerd. Nu begeert de kerkraad dat de erven op de naam van de kerk in Zuid-Afrika of gemeente alhier getransporteerd zullen worden om de volgende redenen:

-
- 371) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1. Notule Kerkraadsvergadering 28 Februarie 1912.
372) Art. 4 van bogenoemde notule.
373) M.M. Venter was 'n lidmaat van die Geref. Kerk en was 'n vermoënde man. Hy het 'n besigheid in Comodoro Rivadavia gehad.
374) Art. 9 van bogenoemde notule.

1. Die erven zijn voor de Ned. Geref. Kerk of gemeente van Chubut van de Gov. gekregen en is er dus geen kans om weer andere erven voor dat doeleinden te verkrygen.
2. Het geld werd gekolleteerd en gegeven op voorwaarde dat een kerk zal opgericht worden op de erven van het Gov. gegeven.
3. Er is al reeds een begin gemaakt door een van ons ouderlingen en een vriend, lidmaat van de Geref. kerk die veel bydroeg om op nieuw te kolleteeren om het kerkgebouw klaar te maken (1500 pesos is nog nodig naar schatting).
4. Die gebouw staat daar als een baken voor Roomschen en ongeloovigen als het zoo blijft en vervalst, doch ter eere Gods en heil voor zielen als het op gebouwd wordt.
5. Allen die vroeger tegen het bouwen van een kerk te Comodoro Rivadavia waren nu ervoor zijn omreden van snelle toeneming, van de bevolking en verwachten wij een algemeene samewerking.
6. Hel geld werd gekolleteerd op voorwaarden dat de deuren van het kerkgebouw voor alle Protesstante leeraaren die hier moog komen om te werken open zullen zijn is het de begeerte van de kerkraad dat deze belofte altoos in aanmerking zal gehouden worden.

Ten slotte beveelt de kerkraad dat de kerk of Synode in Zuid-Afrika aan ds. Jacobs £300 sal betalen voor genoemde erven omdat de grond hoewel door de naam van de kerk te gebruiken nogtans door ds. Jacobs alhier verkregen is en de kosten (die egter zeer gering is) door hem betaald is en ook omdat ds. Jacobs naar schatting omtrent 1500 dollars betaal heeft voor het oprichten van het huis. Deze erven zijn nu egter veel waard daar zij een groote stuk grond beslaan"375)

375) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1. Ongedateerde brief aan die „Zaakgelastigde der Ned. Geref. Kerk van Zuid-Afrika".

Op hierdie brief het die kerkraad egter nooit antwoord ontvang nie.³⁷⁶⁾

Kon die kerkraad enige wettige of morele aanspraak op die grond maak? Die feite weerlê enige moontlike aanspraak van die kant van die kerkraad.

1. Die kerkraad was destyds teen die plan van ds. Jacobs. Hulle erken dit self in die skrywe aan die Saakgelastigde.
2. Van die kant van die kerkraad het daar geen finansiële bydrae gekom of vir die aankoop van die erwe of vir die oprigting van die kerkgebou nie. Selfs nie eers met die oprigting van sy woonhuis het hulle hom gehelp nie.⁽³⁷⁷⁾
3. Ds. Jacobs het in sy eie naam om die grond aansoek gedoen en dit was ook op sy naam geregistreer. Geen grond kan in naam van die kerk verkry word nie omdat die staat geen liggaam of vereniging erken wat nie geregistreer is nie. Die kerk was dus eenvoudig nie in staat om geregistreeerde eienaars te wees nie!⁽³⁷⁸⁾

Tog het die kerkraad nou sekere aansprake gemaak soos ons gesien het, en die een na die ander brief is in die verband na Suid-Afrika geskryf. Waarom het hierdie wending gekom t.o.v. die houding van die kerkraad oor 'n kerkgebou in Comodoro Rivadavia? In die eerste plek moet ons vermeld dat olie in die gebied ontdek is en dat die regering besluit het dat geen fiskale grond meer verkoop sal word nie en ook dat niemand meer eiendomsreg op plase kon verkry nie. Dit het seer seker invloed t.o.v. die houding van die kerkraad oor

-
- 376) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1, Brief van Kommissie Yeats en Van der Walt aan ds. Marchand, Conradie, a.w., p.64.
- 377) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, Ongedateerde brief van kerkraad aan Saakgelastigde v/d N.G. Kerk in Suid-Afrika.
- 378) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1, Conradie, F.D., a.w., p.69.

die saak uitgeoefen het.³⁷⁹⁾ In die tweede plek was daar „iets aan die lug". Ons moet in gedagte hou dat die Gereformeerdes hulle in die bedieningstyd van ds. Jacobs teruggetrek het, dat hulle nie by die N.G. Kerk wou aansluit nie en dat hulle pogings aangewend het om met die Gereformeerde gemeente van Buenos Aires in kombinasie te tree.³⁸⁰⁾

6.4. Van waar die nuwe houding?

In 1912 het die Gereformeerdes 'n uitnodiging aan ds. A.C. Sonneveldt gerig, om vir hulle Woord en Sakramente te kom bedien. Ds. Sonneveldt was destyds predikant van die Holl. Gereformeerde Kerk in Buenos Aires. Dit wil voorkom asof die Gereformeerdes met ds. Jacobs oor die kerkgebou wat hy destyds laat oprig het, begin onderhandel het, of wou onderhandel. Van die Gereformeerdes in Comodoro Rivadavia, o.a. M.M. Venter, was volkome op hoogte met die ontwikkelingsgeskiedenis van die totstandkoming van die kerkgebou in Comodoro Rivadavia. Ds. Jacobs verwys ook daarna in 'n brief wat hy in die tyd aan br. Tj. van der Walt geskryf het.³⁸¹⁾

Dat daar „iets in die lug" was blyk ook uit art. 9 van die kerkraadsvergadering van 28 Februarie 1912 waarop besluit is: „dat br. Van der Walt den heer M.M. Venter sien om met hem te onderhandelen omtrent het reparatie

-
- 379) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1, ds. J.J. Wasserfall en sy nuwe gemeente, deur 'n lidmaat, 25 Mei 1928, p.55. Sien ook Henning, P.H., a.w., p.248.
- 380) Die Kerkblad, 1 Julie 1907, 1 Jan.1908, 1 Maart 1908, 1 Julie, 1 Sept, 1 Okt. 1908 en 1 Des.1908. In 'n latere afdeling kom ons breedvoerig op die Geref. en hulle rol in die kerklike lewe in Argentinië terug.
- 381) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1, Conradie, F.D., a.w., p.67. Brief 24 Mei 1913 van ds. Jacobs aan Tj. van der Walt.

van kerkgebou in Comodoro". Dit blyk dus dat M.M. Venter wat 'n Gereformeerde was, 'n sekere „status" gehad het wanneer dit na die kerkgebou se kant toe gekom het. In die brief wat in opdrag van hierdie vergadering aan die Saakgelastigde van die N.G. Kerk in Suid-Afrika geskryf is, word dan ook verder vermeld dat „er al reeds een begin gemaakt is door een van ons ouderlingen en een vriend, lidmaat van de Geref. Kerk die veel bydroeg, om op nieuw te kollekteeren om het kerkgebouw klaar te maken".³⁸²⁾ Nou moet ons ook in gedagte hou dat op dieselfde vergadering besluit is:

„om br. C.J.N. Visser te gelasten om te onderhandelen met de Gereformeerde, Presbeteriaansche of Wesleyaansche Kerk in Buenos Aires ten einde 'n leraar te krij om ons te bezoeken en de Sacramenten te bedienen en dat zijn reeskosten en onkosten hier door de kerkraad betaald worden".³⁸³⁾

Die Gereformeerdes moes met die oog op die koms van ds. Sonneveldt vergaderruimte hê. Hierdie roeringe onder die Gereformeerdes het die kerkraad van die „gemeente Kolonia Boera" tot aksie aangespoor. Ook hulle moes vergaderruimte hê en indien hulle ook die dienste van ds. Sonneveldt bekom, kon hulle gesamentlik van die kerkgebou gebruik maak. In die berig dat 'n ouderling van die N.G. Kerk en 'n lidmaat van die Gereformeerde Kerk begin het om opnuut te kollekteer om die kerkgebou te voltooi, lê die kiem van toekomstige samewerking op kerklike gebied tussen die

382) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, Ongedateerde brief aan „Zaakgelastigde der N.G. Kerk in Z.A."

383) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule Kerkraadsvergadering 28 Februarie 1912.

Gereformeerdes en die N.G. Kerk reeds opgesluit. Ouderling Visser het dan ook in Buenos Aires in kontak gekom met ds. A.C. Sonneveldt en die versoek van die N.G. Kerkraad aan hom oorgedra.³⁸⁴⁾ En so skryf ds. Sonneveldt dan ook later dat: „Tot mij, als predikant der Geref. Kerk te Buenos Aires, kwam dan ook het verzoek in 1912, om, waar ik reeds door de Gereformeerden was uitgenoodigd tot een bezoek, ook voor de N.G. broeders en zusters de genademiddelen te bedienen".³⁸⁵⁾

Dit was die agtergrond vir die wending in die houding van die N.G. Kerkraad, die kerkraad van die „Gemeente Kolonia Boera", t.o.v. die kerkgebou wat deur ds. Jacobs in Comodoro Rivadavia opgerig was. Die Gereformeerdes was besig om in die kerklike lewe in Chubut prominenter na vore te tree daar die dienste van ds. A.C. Sonneveldt bekom was, al was dit maar net tydelik.³⁸⁶⁾ Die kerkgebou in Comodoro Rivadavia was in „gevaar", en kon oorgaan in die hande van die Gereformeerdes.³⁸⁷⁾ En nou kom die N.G. kerkraad skielik met aansprake en regte op die erwe en kerkgebou omdat „die erven zijn voor de Ned. Geref. Kerk of gemeente van Chubut van de Gov. gekregen"³⁸⁸⁾ Die kerkraad was destyds ook „tweedragtig" omtrent die plek waar die kerk gebou sou word en daarom het ds. Jacobs

384) Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.30.

385) G.K.A. - Buenos Aires, Brief van ds. A.C. Sonneveldt aan „den heer A. Rosing" - Kaapstad.

386) Sien Hoofstuk IV waar breedvoerig oor die Gereformeerdes in Argentinië gehandel word.

387) Sien by voetnoot

388) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, Ongedateerde brief aan „Zaakgelastigde der N.G. Kerk in Z.A."

as 'n tydelike maatreël die een erf op sy naam en die ander een op mev. Jacobs se naam getranspoteer.³⁸⁹⁾

Dit was o.a. van die argumente wat aangevoer is waarom die erwe nou op die naam van die kerk in Zuid-Afrika of gemeente alhier getranspoteer moet word. Ons het egter gesien dat daar meer agter hierdie aansprake gesit het, as maar net hierdie argumente.

6.5. In 'n doodloop straat

In die tussentyd het ds. A.C. Sonneveldt die dubbele uitnodiging aanvaar om die Gereformeerdes sowel as die N.G.-gemeente met Woord en Sakramente te kom bedien.³⁹⁰⁾ Die gevolg van hierdie eerste besoek van ds. Sonneveldt was dat daar 'n samewerking tussen die Gereformeerdes en N.G. Kerk in Chubut ontstaan het.³⁹¹⁾ Op die eerste gekombineerde kerkraadsvergadering wat gehou is deur 4 kerkraadslede van die N.G. Kerk en 4 kerkraadslede van die Gereformeerde Kerk³⁹²⁾, het die voorsitter na die doel van die vergadering gevra waarop daar geantwoord is „dat die vergadering besteld was ten einde de zaak van de Kerkgebouw te Comodoro Rivadavia te bespreken ook om de zaak van samewerking van de twee Gemeentes alhier te bespreken.”³⁹³⁾ Ons sien dus dat die geskil oor

389) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, ongedateerde brief aan „Zaakgelastigde der N.G. Kerk in Z.A.”

390) G.K.A. - Buenos Aires, „Kerkblad voor Zuid-Amerika”, Julie 1930, Jrg.4, no.41, p.6.

391) Ibid., p.7. 'n Gekombineerde Kerkraadsvergadering is op 1 Maart 1913 gehou deur 2 ouderlinge en 2 diakens v/d N.G. Kerk en 2 ouderlinge en 2 diakens van die Geref.Kerk. Sien notule van vergadering 1 Maart 1913, G.K.A. - Comodoro Rivadavia.

392) Die Geref.Kerk is in 1912 deur ds. Sonneveldt geïnstitueer - G.K.A. - Buenos Aires, Kerkblad voor Zuid-Amerika, Julie 1930.

393) G.K.A. - Com. Rivadavia - notule Gekombineerde Kerkraadsvergadering 1 Maart 1913, art. 1.

die erwe en die kerkgebou in Comodoro Rivadavia nou deur die „Gekombineerde kerkraadsvergadering“ voortgesit word. Die saak het intussen ook baie aktueel geword, want die doel van die vergadering word aangegee: „ten einde de zaak van de kerkgebouw te Comodoro Rivadavia te bespreken“. ³⁹⁴⁾ Die vraag ontstaan by 'n mens was die Gereformeerdes bewus dat die N.G. kerkraad aanspraak op die erwe gemaak het en reeds besig was om die erwe op naam van die „Gemeente Chubut“ ³⁹⁵⁾ getransporteer te kry? Indien die „Gekombineerde Kerkraad“ daarin sou slaag om die erwe te bekom, in wie se naam sou dit dan getransporteer word? Die kwessie word dus nou uiters gekompliseerd, wanneer die vergadering verder besluit: „dat de brs. T. van der Walt en C. Yeats zullen ageeren als een corresponderende kommissie om met ds. Jacobs te onderhandelen en bij de volgende vergadering of later verslag te geven.“ ³⁹⁶⁾

Interessant is dit ook om daarop te let dat die kommissie dieselfde is as die kommissie wat reeds deur die N.G. kerkraad benoem was op die kerkraadsvergadering van 28 Februarie 1912. Slegs die naam van

-
- 394) G.K.A. - Comodoro Rivadavia, notule 1/3/1913, art. 1.
 395) Opmerklik is dat die naam „Gemeente Kolonia Boera“ nou nie meer gebruik word nie en dat nooit weer v/d gemeente as die „Gemeente Kolonia Boera“ gepraat is nie.
 396) G.K.A. - Comodoro Rivadavia, notule 1 Maart 1913, art. 8.

C.J.N. Visser is nou uit die kommissie gelaat. Ons moet ook daarop let dat by die „Gekombineerde vergadering" daar 'n aksentsverskuiwing is t.o.v. die saak. In art. 7 van die notule lees ons: „De zaak van de erven van ds. Jacobs te Comodoro Rivadavia word toen behandeld".³⁹⁷⁾ (Ek onderstreep - F. de B.) Dit is 'n ander klank as wat op die vergadering van 28 Februarie 1912 gehoor is. Daar het ons verneem dat die erwe eintlik die eiendom van die N.G. Kerk is en as tydelike maatregel op die naam van ds. Jacobs en mev. Jacobs getranspoteer was.³⁹⁸⁾ Ons bemerk dus hier dat die „Gekombineerde vergadering" oënskynlik van die erkenning uitgaan dat ds. Jacobs die eienaar van die erwe is. Die Gereformeerde broeders was in elk geval deeglik hiervan bewus.³⁹⁹⁾ Maar wat sou die kommissie nou doen? Waaroor moet hulle met ds. Jacobs onderhandel? Wat was die mandaat van die kommissie? In die notule word niks vermeld nie. Dit spreek egter vanself dat as hulle met ds. Jacobs moet onderhandel, kan dit nie iets anders beteken as dat hulle moet poog om die grond van hom terug te koop en hom vir verbeterings moet uitbetaal nie. Maar wat doen die kommissie nou?

Op die gekombineerde kerkraadsvergadering van 10 April 1913, antwoord een van die kommissielede t.w. br. Tj. van der Walt, dat 'n brief aan ds. Jacobs geskryf was,

397) G.K.A. - Comodoro Rivadavia, notule 1 Maart 1913.

398) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, ongedateerde brief aan „Zaakgelastigde der N.G. Kerk in Z.A."

399) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.67, Brief van ds. Jacobs aan Tj. van der Walt.

maar dat nog geen antwoord ontvang is nie.⁴⁰⁰⁾ Op die volgende vergadering is daar egter 'n antwoord van ds. Jacobs voorgelees op die skrywe van die kommissie. Ons lees in die notule dat „er word vrij wat geredeneerd over deze brief en eindelijk besloten om hem voor het tegenwoordig geen antwoord op zijn brief te geven”.⁴⁰¹⁾ Wat het daar dan in die brief gestaan? Ons wil in die eerste plek die opmerking hier maak dat die brief aan ds. Jacobs gerig, slegs deur br. Tj. van der Walt onderteken was, want die brief van ds. Jacobs was aan br. Tj. van der Walt gerig en ds. Jacobs skryf ook: „Ik kan uw brief niet verstaan!”⁴⁰²⁾ Omdat die inhoud van die brief so belangrik is, gee ons die deel wat as antwoord op die brief van die kommissie dien, in sy geheel weer:

"Ik kan uw brief niet verstaan! De nieuwe Gereformeerde kerk van Comodoro Rivadavia zegt u, legt beslag op grond die mijn persoonlijk eigendom is en vraagt nu transport zonder om te zeggen hoeveel zij voor dien grond wil betalen? Ware die grond eigendom van de Ned. Ger. Kerk dan kan ik het niet eens verstaan want de Ned. Ger. Kerk zal niet maar zo alles opgeven aan het werk dat nu door de Christ. Geref. Kerk gedaan wordt — maar nu is het mijn persoonlijk eigendom. Mr. M.M. Venter weet zeer goed, dat die grond, na dat de Kerk mislukte, verkocht moest

400) G.K.A. - Comodoro Rivadavia, notule 10/4/1913.

401) Ibid., notule Gezamenlike Kerkraadsvergadering 13 Augustus 1913.

402) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80, 10/1, Conradie, F.D., a.w., p.67, Brief ds. A.J. Jacobs gedateer 24 Mei 1913 aan Tj. van der Walt. Dit blyk dat ds. Jacobs tot op hede nog geen vorige brief van 'n kommissie ontvang het nie.

worden, en dat de contributies dan restitueerd moest worden. Ik schrijf met dezen aan my prokureer in Buenos Aires dat hy een wakend oog houden en de nodige stappen neemt als het nodig moge zijn. 't Verwonder mij waarde vriend, dat u, u laat medeslepen door de Gereformeerde die nu willen asen op wat of ik of de Neder. Geref. Kerk heeft verricht. Wat mijn naam betreft, ik zal wel weten hoe die ten allen tijd te handhaven".⁴⁰³⁾

Uit die brief blyk dit duidelik dat ds. Jacobs onder 'n valse indruk gebring is. Daar word gepraat van die „nieuwe Gereformeerde Kerk van Comodoro Rivadavia". Ds. Jacobs koppel dit onmiddellik aan die Gereformeerdes, want hy skryf: „Mr. M.M. Venter (hy was 'n Gereformeerde) weet zeer goed dat die grond ... verkocht moest worden ..." en „'t verwonder mij ... dat u, u laat medeslepen door de Gereformeerde die nu willen asen op wat of ik of de Neder. Geref. Kerk heeft verricht".⁴⁰⁴⁾ Tweedens hou ds. Jacobs vol dat die grond sy persoonlike eiendom is. In die derde plek, as die „Gereformeerdes" die grond wil hê, kan hulle 'n aanbod daarvoor maak. In elk geval, hy sal dat sy prokureur 'n wakende oog hou en indien nodig, die nodige stappe doen.

Ons het reeds daarop gewys dat die kerkraad besluit het „om hem voor het tegenwoordig geen antwoord op

403) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.67. Brief gedateer 24 Mei 1913 van ds. Jacobs aan br. Tj. van der Walt.

404) Ibid.

zijn brief te geven".⁴⁰⁵⁾ Die kerkraad besluit ook verder dat die kommissie moet voortgaan om met die saak te handel en dat oud. C.J.N. Visser gevra moet word om by die owerheid in Buenos Aires ondersoek in te stel aan wie die eiendom gegee is waarop die kerkgebou staan. Ook moet br. Visser probeer uitvind wie die prokureur van ds. Jacobs is en wat die prys was wat vir die erf betaal is.⁴⁰⁶⁾

Die volgende wat die kommissie toe doen, was om weer aan ds. D.J. le R. Marchand te skrywe.⁴⁰⁷⁾ Blykbaar het hulle hulle lot by ds. Marchand oor die erwe in Comodoro Rivadavia bekla, en die aansprake en versoeke soos in die ongedateerde brief aan hom in opdrag van die kerkraadsvergadering van 28 Februarie 1912, herhaal.⁴⁰⁸⁾ Na aanleiding van die brief het ds. Marchand op sy beurt, aan ds. Jacobs geskrywe: „omtrent het kerkgebou en de grond".⁴⁰⁹⁾ Hy skryf dan aan die kerkraad dat ds. Jacobs volhou dat die erwe sy privaat eiendom is, dat hy huur daarvoor in en dat hy vir reparasies betaal. Hy berig verder dat ds. Jacobs sê dat hy self sake met die „Gereformeerde Commissie" sal reël.⁴¹⁰⁾ Ons bemerk uit die brief dat ds. Jacobs nog steeds onder 'n valse indruk

405) G.K.A. - Comodoro Rivadavia, notule 13/8/1913.

406) Ibid., art.2.

407) Die brief, gedateer 20 Sept. 1913, het ongelukkig verlore geraak. Die antwoord van ds. Marchand op die brief het egter bewaar gebly.

408) Sien aansprake en versoeke op bl.

409) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.62. Brief ds. Marchand aan den heeren Tj. van der Walt en Chas Yeats, 16 April 1914.

410) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.62.

verkeer t.o.v. wie nou eintlik agter die erwe in Comodoro Rivadavia aan is.

In tussen het ds. Jacobs toe 'n brief aan die „Gereformeerde Commissie" gerig wat ter tafel gekom het op die „Gesamentlike Kerkraadsvergadering" van 28 Maart 1914. In die brief het hy voorgestel dat beide erwe vir 5000 pesos elk gekoop kan word en dat die bydraes aan die persone wat oorspronklik tot die oprigting van die kerkgebou bygedra het, terug gegee moet word, of anders kan die erf waarop die kerkgebou staan, vir 3000 pesos gekoop word.⁴¹¹⁾ Die gedagte was blykbaar dat indien die erf vir 3000 pesos gekoop word, 2000 pesos nogtans aan die oorspronklike donateurs terugbetaal moet word.

Hierdie voorstel is op advies van ds. Sonneveldt wat vir die eerste keer nou as voorsitter opgetree het, nie aanvaar nie. Sy gedagte was dat daar deegliker ondersoek na die „titels" van genoemde erwe ingestel word.⁴¹²⁾ Op dieselfde vergadering is nog verdere besluite geneem wat almal sentreer rondom die vraag: aan wie behoort die eiendom nou eintlik?⁴¹³⁾ In 1916 bemerk ons egter dat die kerkraad uiteindelik i.v.m. die saak gekaputileer het toe br. Tj. van der Walt versoek is om aan ds. Jacobs te skryf en aan hom te vra of hy die erf waarop die kerkgebou staan, nie wil verkoop nie en of hy gewillig sal wees om die koopsom in paaie te ontvang.⁴¹⁴⁾ Gedurende die

411) G.K.A. - Comodoro Rivadavia, notule 28 Maart 1914, art. 1.

412) Ibid., art. 2.

413) Ibid., art. 3 - 5.

414) Ibid., art. 1.

periode van samewerking is nooit deur ds. Jacobs op die versoek geantwoord nie.⁴¹⁵⁾ Dus is ds. Jacobs uiteindelik as eienaar erken. Na die samewerking het die Ned. Geref. Kerk die saak weer opgeneem. In 1929 is deur middel van 'n onderhoud met die hoof van die Kantoor van Lande in Buenos Aires vasgestel dat die twee erwe wel die eiendom van ds. Jacobs was. Die wenk is toe aan die Ned. Geref. Gemeente gegee dat hulle moet probeer om die een erf van ds. Jacobs te koop. Dit het in 1931 gebeur. Die koopsom is betaal en transport van die eiendom is ontvang.⁴¹⁶⁾

Die kern van die kerkbou en grondkwessie word deur Conradie soos volg gesien: „As die kerkraad ds. Jacobs meer Christelik behandel het, kon hulle die saak maklik gereël het, maar in plaas daarvan het hulle onder die leiding van die „Cornwallers" sy bediening net so onuithoudelik gemaak as hulle kon, die natuurlike gevolg was dat ds. Jacobs nie die minste toegeneendheid had vir hulle nie — daar is die „Kern" van die grondkwessie".⁴¹⁷⁾

7. Ds. Jacobs stuit voor probleme

In sy rapport skryf ds. Lückhoff: „die bediening van ds. Jacobs was g'n bed van rose nie, en onder die las van grote teleurstelling en moedeloosheid, is hy naar Afrika teruggekeer".⁴¹⁸⁾

415) Die samewerking tussen die twee kerke het in 1925 tot 'n einde gekom.

416) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w. Deel II, p.37, 1935.

417) Ibid., p.69, 70.

418) Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.24.

Van die staanspoor af het dit geblyk dat onweerswolke hulle verskyning gemaak het. Dit is opmerklik dat die eerste gemeentevergadering sonder die sing van 'n Psalm of 'n dankgebed afgesluit is.⁴¹⁹⁾ Conradie sê, hulle kon eintlik net met gebed afsluit nie, want „die boel was warm”.⁴²⁰⁾ Ds. Jacobs wat baie min die sluier oor probleme gelig het waarby hyself betrokke was, skryf egter:

„De moeilijkheden waarmee wij te kampten hadden waren van twee klassen, die welke vermeden en die welke niet vermeden hadden kunnen worden. Onder de eerste tellen wij het bouwen van de kerk onder de tweede tellen wij de verdeeldheid op godsdienstig gebied”.⁴²¹⁾

7.1. Die verdeeldheid op godsdienstige gebied

Dat die verdeeldheid op godsdienstige gebied sy arbeid aldaar bemoeilik het, kan nie ontken word nie. Om steeds bewus te wees daarvan dat jy nie welkom is by 'n deel van die gemeenskap nie, is seer seker nie aangenaam nie. In sy rapport aan die Sinode van 1909, vermeld die kommissie vir Hulpbehoewende gemeentes dat die verhouding wat daar tussen die Gereformeerdes en ds. Jacobs bestaan, 'n ongewenste verhouding is.⁴²²⁾ Ds. Jacobs kon geen invloed op die Gereformeerdes uitoefen nie. Sommige wou selfs nie hulle kinders deur hom laat doop het nie.⁴²³⁾ In die hoofstuk oor

419) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1. Gemeentevergadering, 4 Februarie 1907.

420) Ibid., G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.76.

421) Die Kerkbode, 30 Maart 1911.

422) Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.26.

423) Het Kerkblad, 1 Januarie 1908, Brief 6 Oktober 1907 van Fac et Spera.

„Die Gereformeerdes in Patagonië“, kom ons op die verhouding terug. Ons stip dit slegs hier aan om aan te toon met watter probleme ds. Jacobs alles te kampe gehad het. Van die Gereformeerdes wat by die gemeentevergadering op 14 Februarie 1907 teenwoordig was, het net twee by die N.G. Kerk aangesluit, t.w. P.H. Henning en Tj. van der Walt.⁴²⁴⁾ En nou is dit baie interessant, Conradie noem dit merkwaardig: „dat die twee kerkraadslede by uitstek feitlik die enigste twee ouderlinge was die getrou by die sy van die jonge Leraar gestaan't in weerwil van alle moeilikhede, wrywinge en skerp opposisie deur die stigters van die Cornwall Gemeente!“⁴²⁵⁾ Maar wat was dan al die wrywinge en skerp opposisie waarvan daar melding gemaak word?

'n Onverklaarbare antagonisme openbaar hom teen ds. Jacobs gedurende sy verblyf aldaar, nie net van die kant van sekere Gereformeerdes nie, maar ook van baie van die N.G.-lidmate, ja selfs van die kant van die kerkraad. Of die oorsaak hiervan in sy persoonlikheid geleë was, is baie moeilik aan te toon. Hy word wel daarvan beskuldig dat hy geen mensekennis gehad het nie en dat hy onervare was.⁴²⁶⁾ Daar is ook beweer dat hy nie taktvol en simpatiek was nie, dat hy somtyds eiesinnig was.⁴²⁷⁾ Gegewens in die verband ontbreek byna geheel en al.

Dat daar knelpunte was wat spanning veroorsaak het, en waartoe die kerkraad veel kon bydra om dit te verlig, is

424) Het Kerkblad, 1 Januarie 1908, Brief 6 Okt. 1907.

425) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.43.

426) Ibid., G.80,1/1, Ongedateerde brief aan die „Zaak-gelastigde der N.G. Kerk in Zuid-Afrika“.

427) Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.28. Ook N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1, Conradie, F.D., a.w., p.83.

nie weg te redeneer nie. Die kerkraad het egter in die opsig sy taak, gruwelik versaak.

7.2. Ds. Jacobs se huisvesting

Ons dink in die eerste plek aan die huisvesting van ds. Jacobs. Aanvanklik het hy by C.J.N. Visser tuisgegaan.⁴²⁸⁾ Nadat ds. Jacobs trouplanne gekry het, het hy sy intrek by sy aanstaande skoonvader, ouderling P.H. Henning, geneem.⁴²⁹⁾ Deur die kerkraad is toe besluit om br. Henning 60 pesos per maand vir die losies van ds. Jacobs te betaal.⁴³⁰⁾ Op 15 Mei 1907 is ds. Jacobs getroud met Magdalena Elizabeth Henning, die dogter van ouderling P.H. Henning.⁴³¹⁾ Die kerkraad se verantwoordelikheid het nou seer seker groter teenoor ds. Jacobs geword. Die vraag is net, of hulle hulle verantwoordelikheid besef en nagekom het? Dit blyk op die vergadering van 2 November 1907 dat die kerkraad reeds 3 maande agterstallig is met betaling vir die losies van ds. Jacobs. Die teenwoordige kerkraadslede is toe versoek om aan die kerkraad 180 pesos voor te skiet om sodoende die losies van ds. Jacobs by br. Henning te betaal.⁴³²⁾ Ons bemerk ook dat die toelaag nie sedert sy troue verhoog is nie.

In die tyd skryf hy aan die Moderatuur dat dit vir sy werk noodsaaklik is, dat hy in die stad Comodoro Rivadavia sal moet gaan woon. En daar die stadslewe duurder is, sal hulle daaraan moet dink om sy toelaag te verhoog.⁴³³⁾ Dat dit die volle waarheid was kan ons nie

428) n Dominé, a.w., p.273.

429) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule 13 Apr.1907.

430) Ibid.

431) Ibid., G.80,3/3 - Huweliksregister.

432) Ibid., G.80,1/1, notule 2 November 1907.

433) Die Kerkbode, November 1907, p.628.

aanvaar nie. Die Boerekolonie was noord van Comodoro Rivadavia geleë. Hy sou nou sy woning in Comodoro Rivadavia hê: „wat geheel buite die boerekolonie gelege is, en had dus nie dikwels in aanraking met sy gemeente kon kom nie”.⁴³⁴⁾ Die waarheid was, dat hy nie maar op die nek van sy skoonvader wou bly lê nie en daar hy nie ’n plaas kon bekom nie, was dit die enigste uitweg om na die dorp uit te wyk en daar om ’n erf aansoek te doen. Hy het dan ook aansoek om twee erwe gedoen wat aan hom toegeken is.⁴³⁵⁾ Op die een erf het hy toe vir hom ’n klein huisie opgerig. Die verkryging van hierdie erwe en die bou van die huisie is geheel en al deur hom alleen onderneem.⁴³⁶⁾

In Desember 1907 het ds. Jacobs blykbaar al in Comodoro Rivadavia gewoon.⁴³⁷⁾ Die kerkraad het hom dus glad nie gehelp met die bou van die huisie nie. Op eie stoom moes hy maar sorg wat eie huisvesting betref. Die ergste van alles is, dat nadat ds. Jacobs terug is na Suid-Afrika, die kerkraad aanspraak op hierdie erwe gemaak het. Die kerkraad vra dat die Sinode in Suid-Afrika aan ds. Jacobs £300 (± R600) vir die erwe moet betaal „omdat de grond hoewel door de naam van

434) Die Staatsbiblioteek, Pretoria, „De Volkstem”, 17 September 1912, p.3. „Boer in „Argentinië”, deur Dirk Boshoff.

435) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., Deel II, p.37. Dit is op 22 Julie 1908 aan hom toegeken.

436) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, Ongedateerde brief aan die „Zaakgelastigde der N.G. Kerk in Z.A.”

437) Ibid., notule 21 Desember 1907, art. 6. Daar is besluit „dat de vervoer van Predikant van het Poort Comodoro Rivadavia na het Grand Canajadon voor 10 pesos per dag zal betaal worden door het kerkraad”. Uit die besluit blyk dit dus dat hy reeds in Comodoro Rivadavia gewoon het.

de kerk te gebruik en nogtans deur ds. Jacobs alhier verkregen is, en die koste (die egter zeer gering is) deur hem betaal is en ook omdat ds. Jacobs naarschatting omtrent 1500 pesos betaal heeft voor het oprichten van het huis".⁴³⁸⁾ Hulle maak die Saakgelastigde daarop attent dat die Sinode maar met gerustheid die £300 kan betaal want „deze erven zijn nu egter veel waard“⁴³⁹⁾ Hierdie handelswyse van die kerkraad kan moeilik begryp word. Die kerkraad het hulle verantwoordelikheid teenoor die predikant met betrekking tot sy verblyf nie na behore nagekom nie en nou kom hulle waarlikwaar nog en eis die erwe op wat hy op eie stoom bekom het.

Dat sy huisvesting wrywing en spanning te weeggebring het en dat sy ampswerk baie hierdeur bemoeilik is, is dus 'n onweerlegbare feit.

7.3. Ds. Jacobs se vervoer

Met sy verskuiwing na Comodoro Rivadavia, het hy aan die Moderatuur geskryf en gevra of dit nie moontlik is dat hy van 'n rytuig voorsien kon word nie.⁴⁴⁰⁾ Die vervoer van die predikant was ook die oorsaak van „verdere twis“ en „kwessies“.⁴⁴¹⁾ Conradie beweer dat: „die vervoer van die leraar onder die gemeente om sy dienste waar te neem was verwaarloos en geen voorsiening is gemaak nie, dit was nie voor in September 1908 dat die kerkraad vir die eerste keer opdrag gegee het om te kollekteer vir perde vir kerkdiens doeleinde“.⁴⁴²⁾

438) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, Ongedateerde brief aan die „Zaakgelastigde der N.G. Kerk in Z.A.“

439) Ibid.

440) Die Kerkbode, 28 November 1907, p.628.

441) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.49.

442) Ibid., p.79, 80.

Die rede hiervoor was heelwaarskynlik dat ds. Jacobs met drie perde daar aangekom het.⁴⁴³⁾ Daar is in elk geval besluit „dat de vervoer van predikant van het Poort Comodoro Rivadavia na het Grand Canajadon voor 10 pesos per dag zal betaald worden door het kerkraad”.⁴⁴⁴⁾ Of dit 'n vergoeding was omdat hy van sy eie vervoer gebruik gemaak het is nie heeltemal duidelik nie. Dit blyk egter dat ds. Jacobs aan die begin van 1908, nie meer 'n perd besit het nie. Op die kerkraadsvergadering van 4 Februarie 1908 is daar gerapporteer dat ds. Jacobs volgens afspraak nie 'n diens op Salamanca gehou het nie. Br. Myburgh het aan die vergadering meegedeel dat hy wel 'n perd vir ds. Jacobs gestuur het, maar dat ds. Jacobs geweier het om te gaan omdat dit nie 'n kar was nie.⁴⁴⁵⁾ Ds. Jacobs het later 'n nadere verduideliking gegee waarom hy nie in Salamanca gaan preek het nie: „omdat hy niet Juf. Jacobs alleen kon laat staan”.⁴⁴⁶⁾ Indien die kerkraad 'n kar tot sy beskikking gestel het, kon „Juf. Jacobs” saamgery het. Om 'n vrou destyds alleen te laat, was waarlik 'n risiko.⁴⁴⁷⁾

Dit was eers op die vergadering van 12 September 1908 dat die kerkraad sy dringende aandag aan die saak gegee het, toe daar besluit is dat die diakens moet rondgaan en kollekteer vir die aankoop van twee perde vir kerk-

443) 'n Dominé, a.w., p.

444) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule 21 Des.1907.

445) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1.

446) Ibid., notule 21 Maart 1908.

447) 'n Dominé, a.w., p.275.

like doeleindes.⁴⁴⁸⁾ Vir Conradie was dit: „'n raaisel waarom die heer Visser, die ouderling was en soos hy pas in Afrika selfs laat publiseer het, hier 26,000 skape had, maar nog baie ander vee ook, dit nie 'n eer beskou het om die gemeente 'n paar perde present te gee nie! Maar waarom sou hy die aanstootlike predikant se lewe maklik maak!“⁴⁴⁹⁾

Van sy werksaamhede in die jaar 1908 rapporteer ds. Jacobs dat: „die perde bezweken voordat die helfte van die kolonie deurgereis was! Elders in dieselfde rapport berig hy dat „een van de perden bezweek en het ander werd steeksch“. Eindelik het hy in Wyk III aangekom maar „de paarde leidende“.⁴⁵⁰⁾ Of die kerkraad hierdie perde vervang het, word nêrens vermeld nie. So moes ds. Jacobs sukkel om sy werk gedoen te kry.

Conradie vermeld egter dat: „die gebeurtenisse wat plaasgevind het in die daëlikse lewe, het baie meer bygedra as wat voorkom in die notule om ds. Jacobs se verblyf hier onuithoubaar te maak, en hom so ver gedrywe om te vra vir herroeping deur die Sinode ...“⁴⁵¹⁾

So vermeld hy ook nog die volgende i.v.m. die vervoer van ds. Jacobs:

„Ds. Jacobs het in 1908 persoonlik by my woning gekom op sy huisbesoeking langs die Chico⁴⁵²⁾ stoksalië alleen te perd! So moes hy rond sukkel. 'n Ander keer (dis volgens informasie van een van die ouderlinge) had hy steeks perde in 'n kar, deur die kerkraad ver-

448) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule 12/9/1908,

449) Ibid., G.80,10/1. Conradie, F.D., art. 2. a.w., p.80.

450) Die Kerkbode, 22 Julie 1909, p.345.

451) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.72.

452) Die Chico is 'n rivier.

skaf, en moes die nag deurbring in Canadon de Boer op die grond van C.J.N. Visser, met mev. Jacobs en hul suigeling. Die volgende môre moes hy leagues⁽⁴⁵³⁾ ver ry op een van die karperde, op komberse om hulp te kry by die heer Trichard! Op 'n ander keer was hy by 'n vergadering — ek meen dit was 'n debatsvereniging — na die vergadering het die mans hulle perde gaan haal, 'n afstand van die huis in die vlei, en die predikant sy perd daar laat bly! Toe ds. Jacobs na sy perd verneem sê een van die persone „Hier in die land is elkeen sy eie peon".⁴⁵⁴⁾ En dit was een van die kerkraadslede. Dit is my ook meegedeel deur 'n ander kerkraads lid. Ek noem hierdie gebeurtenisse op om aan te toon die gedragslyn van die kerkraadslede".⁴⁵⁵⁾ Ons wil ook hier verwys na die troue van ds. Jacobs op 15 Mei 1907.⁴⁵⁶⁾ Op sy troue was die kerkraad nie te goed verteenwoordig nie. Slegs twee ouderlinge, t.w. Tj. van der Walt en P.H. Henning het die huweliksbevestiging bygewoon. „Die inkom van die plaas, so skryf Conradie, was treurig, die grootste gesukkel denkbaar!"⁴⁵⁷⁾ Blykbaar was dit 'n gesukkelry met steeks perde.⁴⁵⁸⁾ Hierdie optrede en handelwyse was geheel en al nie in ooreenstemming met die destyds bestaande Afrikaanse tradisie t.o.v. respekbetoning aan predikante nie.

453) 'n Leage word gewoonlik gestel op 5 kilometer.

454) peon = kneg.

455) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.78.

456) Ibid., G.80,3/3, Huweliksregister.

457) Ibid., G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.77.

458) Ibid. Conradie vra: „Waar was die ryk ouderling Visser met sy spog perde?

7.4. Minagting en hooghartige optrede

Op die kerkraadsvergadering in Maart 1909, het daar 'n voorstel gedien om twee vergaderings gedurende die jaar in Comodoro Rivadavia te hou. 'n Amendement wat op hierdie voorstel ingedien is, het gelui: „dat onze kerkraadsvergaderinge zoo zal blijven als het is". Die amendement is met meerderheid van stemme aangenem.⁴⁵⁹⁾ Ons moet in gedagte hou dat ds. Jacobs geen rytuig besit het noe. Hy het probleme ondervind om sy vrou alleen tuis te laat,⁴⁶⁰⁾ en daarby hou die kerkraad nou vol dat al die kerkraadsvergaderings in die kolonie gehou moet word. Dit wil werklik voorkom asof die kerkraad daarop uit was om dit met sy besluite vir die predikant so ongerieflik te maak as maar moontlik kan.

Wat ons opval wanneer ons die notule lees van die vergadering waarop ds. Jacobs voor stok gekry is omdat hy nie 'n diens op Salamanca en Chico gehou het nie, is dat die saak oënskynlik afgehandel was en die kerkraad later in die vergadering weer daarop terugkom. In art. 1 lees ons dat die verklaring van die kommissie, wat ondersoek na die saak moes instel, asook die verklaring van ds. Jacobs aanvaar is. In art. 2 word daar dan verder gehandel oor periodieke aftrede. In art. 3 kom die kerkraad nou terug op die saak wat in art. 1 reeds afgehandel was en dan lees ons: „Voorgesteld en aangenomen door br. Visser gestic. door br. Myburgh, de kerkraad betreurde het voorval dat geen kerk by

⁴⁵⁹⁾ N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule Maart 1909.

⁴⁶⁰⁾ Ibid., notule 21 Maart 1908.

Salamanca gehoude was op de eerste Zondag in Februarie 1908 hopende dat zooits niet weer voorval".⁴⁶¹⁾ Dit is asof hulle die dominee maar net nie wil los nie, soos 'n klomp kuikens wat die siek kuiken maar aanhou pik.

Ons moet egter nie vergeet, dat agter hierdie besluit die „kwessie van br. Visser teen die br. Ds. Jacobs“⁴⁶²⁾ gelê het nie. Wat hierdie kwessie was, is volgens die notule vir ons 'n Chinese raaisel. In die notule staan slegs: „Kwessie. Ds. Jacobs: Ek sal duidelik maken nl. br. Visser heeft niet gezeg, dat ds. Vorster heeft niet kennis gegeven het, maar gezeg heeft, dat wij geen kennis word gegeven van de stichting van de gemeente van Cornwall“.⁴⁶³⁾ Dit was blykbaar gewigtig genoeg om die predikant voor die kerkraad te sleep. Wat egter vasstaan, is dat ds. Jacobs: „die geldigheid en selfstandigheid van die stigting deur 'n Gereformeerde predikant“⁴⁶⁴⁾ van 'n gemeente met Ned. Geref. lidmate totaal ontken het!“. En dat Visser beter kontak met ds. L.P. Vorster gehad het as met ds. Jacobs bewys o.a. die feit dat hy na die vertrek van ds. Jacobs, aan ds. L.P. Vorster geskryf het om raad en hulp met betrekking tot geestelike bediening aldaar.⁴⁶⁵⁾ Conradie beweer dan ook dat „die stigting van die naamlose of baster gemeente sonder verband indirek die grondoorzaak was van die driejarige twis en vyandskap tussen

461) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule 21/3/1908.

462) Ibid., notule 21 Desember 1907.

463) Ibid., notule 21 Desember 1907.

464) Hier word verwys na die stigting van die „Gemeente Chubut“ op 13 September 1904 deur ds. L.P. Vorster, aanboord van die S.S. Cornwall.

465) Die Kerkblad, 20 Maart 1928, ds. L.P. Vorster, „Die Afrikaners in Argentinië“.

ds. Jacobs en C.J.N. Visser C.S. wat ds. Jacobs genoodsaak het om in Maart 1910 die Moderatuur van die N.G. Kerk Suid-Afrika te versoek om hom te herroep ..."466)

Hierdie verskilpunt tussen ds. Jacobs en C.J.N. Visser het l.g se optrede teenoor ds. Jacobs deurgaans bepaal.

So was daar „'n minagting en hooghandige optreding teenoor ds. Jacobs. Die manne die ongetwyfeld vir die kerk baie kon gedoen het, was onverskillig en byna vyandig teen die predikant. Hulle het nie die opoffering van ds. Jacobs gewaardeer nie en onder die aanvoering van die Voorman van die immigrante het hulle ds. Jacobs se lewe hier alles behalwe aangenaam gemaak ..."467)

Na die stryd rondom die kerkgebou en die grond in Comodoro Rivadavia, verwys ons nie nou weer nie.468)

Dat dit vir ds. Jacobs 'n saak was wat baie probleme meegebring het, noem hy self.469)

T.o.v. die verkryging van hierdie erwe en die bou van die kerk, het hy geheel en al alleen gestaan. Die kerkraad of die gemeente het nooit 'n helpende hand na ds. Jacobs uitgesteek in hierdie saak nie.470)

7.5. Ds. Jacobs se finansiële versorging

As die kerkraad so traag was t.o.v. die voorsiening van huisvesting en vervoer vir die predikant

-
- 466) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.18, Deel II.
- 467) Ibid., p.79.
- 468) Sien p. Ds. Jacobs en die kerkbou-kwessie.
- 469) Die Kerkbode, 30 Maart 1911.
- 470) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, Ongedateerde brief aan die „Zaakgelastigde der N.G. Kerk in Zuid-Afrika".

wonder 'n mens hoe dit met sy finansiële versorging gesteld was. Dit blyk dat ds. Jacobs R200 aan traktement per jaar van die „Kommissie vir Hulpbehoewende Gemeentes" ontvang het.⁴⁷¹⁾ Dat die kerkraad van die „Gemeente Kolonia Boera" 'n verantwoordelikheid gehad het t.o.v. die traktering van ds. Jacobs, is wis en seker. Die redakteur van „Die Kerkbode" het dan ook nie daaraan getwyfel dat die uitgewekenes na Argentinië self iets sal bydra vir die predikant se lewensonderhoud nie.⁴⁷²⁾ In sy vergadering van 13 April 1907, het die kerkraad ook rondom die saak stilgestaan. Ons lees dat die kerkraad besluit het „dat 100 pesos⁴⁷³⁾ elke 3 maande als vrije gif aan ds. Jacobs tydens sy verblyf alhier" (blykbaar gegee sal word).⁴⁷⁴⁾ In Suid-Afrikaanse geld dus + R20. By die notule van die kerkraad gehou op 2 November 1907, staan daar 'n kanttekening in potlood: „Bedanken van predikant voor 100 vrije gift".⁴⁷⁵⁾ Wat die motief van ds. Jacobs was dat hy die 100 pesos nie wou aanneem nie, kan 'n mens maar net raai. Hierdie aantekening is gemaak teenoor die artikel waarin daar besluit was om die kwessie van die vervoer van die predikant by die volgende vergadering te bespreek. Was dit omdat die kerkraad nie tot 'n besluit kon kom oor sy vervoer nie dat hy nou ook besluit het om nie die 100 pesos as vrye gif te aanvaar nie?

471) Die Kerkbode, 10 Desember 1908.

472) Ibid., 19 April 1906, p.193.

473) 1 peso = 20 Suid-Afrikaanse sent - Die Kerkbode, 18 Januarie 1910.

474) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule 13/4/1907, art. 8.

475) Ibid., notule 2 November 1907.

In dieselfde tyd het hy egter 'n brief aan die Moderatuur geskryf waarin hy hulle meedeel dat dit noodsaaklik is dat hy in die stad Comodoro Rivadavia moet woon en daar die stadselewe duurder is, sal hulle sy toelaag moet verhoog.⁴⁷⁶⁾ Dit is baie duidelik dat ds. Jacobs besig was om hom geheel en al van die kerkraad van die „Gemeente Kolonia Boera" los te maak. Hy wou in niks van hulle afhanklik wees nie, want by die geleentheid het hy ook 'n rytuig van die kerk in Suid-Afrika gevra. Die dinge het net spanning veroorsaak en dit wou hy vermy. In 1908 verneem ons egter weer dat 'n som van 40 pesos aan hom betaal sal word.⁴⁷⁷⁾ Waarvoor dit was, weet ons nie.

7.6. Ds. Jacobs aangekla

Nie lank voor die vertrek van ds. Jacobs, is daar 'n klag by die kerkraad teen hom ingedien. Dit was afkomstig van 'n sekere br. Viviers wat gekla het „dat de predikant weigerde z'n kinders aan te nemen en dat hy verzoekt de Eerw. kerkraad den predikant te verplichten! z'n kinders zonder getuig-skriften aan te nemen ..."⁴⁷⁸⁾ Dit blyk dat die predikant getuig-skrifte van alle kandidate gevra het al eer hy hulle „aangeneem" het. Waar hy nie getuigskrifte kon kry nie, het hy egter voortgegaan en die kinders nogtans „aangeneem". In dié geval het hy nou egter, volgens die heer Viviers, geweier om sy kinders sonder getuig-skrifte tot die „aanneming" toe te laat. Die saak is

476) Die Kerkbode, 28 November 1907, p.628.

477) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule 4 Februarie 1908, art. 3.

478) Ibid., notule 23 April 1910, art. 4.

toe verwys na 'n kommissie bestaande uit twee ouderlinge t.w. oud. C.J.N. Visser en C.P.H. Myburgh en een diaken t.w. br. Cook. "Indie teenwoordigheid van die kommissie moes ds. Jacobs en br. Viviers „de zaak uit de wêreld maken. Dit zal (d.v.l. de 17de Mei plaatz hebben".⁴⁷⁹⁾

So sien ons word die predikant weer eens onderwerp aan die oordeel van die nou reeds so bekende twee ouderlinge C.J.N. Visser en C.P.H. Myburgh. In die argiewe is hoegenaamd niks te vinde in verband met die uitslag van hierdie aangeleentheid nie. Ds. Jacobs het teen hierdie tyd seker reeds besluit om na Suid-Afrika terug te keer. Wanneer ons hom nou weer ontmoet, dan is dit by die vergadering van 15 Oktober 1910 waar hy sy „Akte van Dimissie" ontvang.

Conradie beweer: „dat sake 'n ander loop sou geneem het, as die kerkraad onder die leiding van die Cornwall ouderlinge Visser-Myburgh, 'n ander houding ingeneem het — dis seker en ongetwyfeld".⁴⁸⁰⁾ Van 'n gebrek aan entoesiasme kon ds. Jacobs nie beskuldig word nie, maar dinge het gou begin skeef loop. Nogtans het hy getrou sy werk gedoen. Om min of meer 'n besef te kry van wat ds. Jacobs onder uiters moeilike omstandighede, ja selfs teenstand verrig het, wil ons daarop wys dat die gemeente uit 201 belydende lidmate bestaan het,⁴⁸¹⁾ dat hy 42 lidmate „aangeneem" het,⁴⁸²⁾ dat hy 17 huwelike voltrek het,⁴⁸³⁾ dat hy

479) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule 23/4/1910,

480) Ibid., G.80,10/1. Conradie, F.D., art. 4. a.w., p.83.

481) Ibid., G.80,3/2, Lidmaatregister Chubut.

482) Ibid., G.80,3/2.

483) Ibid., G.80,3/3.

100 kinders gedoop het,⁴⁸⁴⁾ dat hy 13 kerkraadsvergaderings gehou het en 3 gemeentevergaderings,⁴⁸⁵⁾ maar „het later jare, soos ons in eg Afrikaans sê, „stank vir dank" gekry".⁴⁸⁶⁾

Ons verwys dan hier na wat van ds. Jacobs aan die Saak-gelastigde van die N.G. Kerk in Suid-Afrika geskryf is: nl. „dat er geen geestelike en stoffelike bloei in die gemeente onder die bediening van ds. Jacobs was nie", dat hy die lidmaatregisters nie aangevul het nadat hy jongeliede „aangeneem" en „voorgestel" het nie.⁴⁸⁷⁾ Hulle was verder baie ontevrede omdat ds. Jacobs volgens hulle die toestande in hulle kolonie en gemeente „zeer overdrijvend duister en scheef voorgesteld" het.⁴⁸⁸⁾

Om sy probleme mee af te sluit, wil ons ten laaste nog daarop wys dat ds. Jacobs nieteenstaande sy moeilikhede in die gemeente, ook nog met die gereg gebots het. 'n Argentynse kind het blykbaar ds. Jacobs se huis se ruite stukkend gegooi. Ds. Jacobs het die seun in die hande gekry en hom so 'n bietjie geskud, maar nie geslaan of beseer nie.⁴⁸⁹⁾ Die volgende wat gebeur, is dat daar aan sy deur geklop word. Niks-vermoedend gaan ds. Jacobs na buite. Toe hy die deur oopmaak, word hy onmiddellik deur twee persone met die vuus toegetakel. Die een was die dorp se apteker en die ander een was aan hom onbekend. Hy kon hom nie na

484) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,3/1.

485) Ibid., G.80,1/1.

486) Ibid., G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.45.

487) Ibid., G.80,1/1, Ongedateerde brief aan „Zaak-gelastigde der N.G. Kerk in Zuid-Afrika".

488) Ibid., G.80,1/1, Sien bovermelde brief aan „Zaakgelastigde".

489) Ibid., G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.79.

behore verdedig nie, aangesien hy sy manel aangehad het, na hy pas 'n paartjie getrou het. Ds. Jacobs het in die huis terug gespring, sy pistool van die muur afgehaal waar dit gehand het, weer na buite gegaan, die oorgehaalde pistool onder die neus van die apteker gedruk en gesê dat indien hy een beweging sou maak, hy hom sou skiet. Hierop het die twee hulle uit die voete gemaak. Nadat hy die pistool gebêre het, het hy na die polisie-kantoor begin aanstap. Op pad daarheen het hulle hom weer voorgekeer, seker gemaak dat hy geen wapens gehad het nie, hom toe elkeen aan 'n arm gevat en na die polisiekantoor gebring. Dit het toe geblyk dat een van sy aanranders, 'n konstabel was. Die hoof van die polisie wat blykbaar vooraf van die geweldadige aanranding geweet het, was gereed om die gebeure in die register vir kriminele misdade neer te skryf. Daarna het hy hom in een van die donkerste selle laat opsluit. Hoe lank hy in die sel opgesluit was, weet ons nie, maar toe hy voorkom moes hy verneem dat die beskuldiging teen hom was dat hy gedreig het om 'n polisieman te skiet. Die regter het gou die hele affêre deurgrond en toe probeer maak of dit maar net 'n grap was. Hoe ernstig ds. Jacobs ook al oor die saak was, hy moes dit maar net daar laat.⁴⁹⁰⁾

Ook in hierdie saak het die dominee geen ondersteuning en hulp van sy mede-Afrikaners ontvang nie.⁴⁹¹⁾

Ongetwyfeld, ds. Jacobs „het in geen bed van rose te lande gekom nie”.⁴⁹²⁾

490) 'n Dominé, a.w., p.291, 292.

491) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.79.

492) Ibid., p.45.

8. Ds. Jacobs word teruggeroep en die werk
word deur die N.G. Kerk gestaak

Aanvanklik is daar besluit om ds. Jacobs net vir 'n jaar na Argentinië te stuur.⁴⁹³⁾ Op die eerste „voorlopige“ kerkraadsvergadering is daar egter besluit om die Moderatuur van die N.G. Kerk in Suid-Afrika te vra om verlenging van die verblyf van ds. Jacobs.⁴⁹⁴⁾ Een jaar sou geldverspilling wees, het die kerkraad geredeneer.⁴⁹⁵⁾ Op die vergadering van 21 Desember 1907, het die kerkraad berig ontvang dat hulle versoek deur die Moderatuur bewillig is.⁴⁹⁶⁾ Vir hoe lank dit verleng is, is nie aan ons bekend nie. In elk geval, „in twee briewe van ds. Jacobs, 23 Maart 1910, waarin hy handelde over de toestanden aldaar, verzocht hij de Commissie hem terug te roepen“.⁴⁹⁷⁾ Wat het ds. Jacobs laat besluit om na Suid-Afrika terug te keer? Ds. Lückhoff skryf in sy rapport dat hy „onder die las van grote teleurstelling en moedeloosheid“ na Suid-Afrika teruggekeer het.⁴⁹⁸⁾ Ons wil eintlik hier volstaan met wat onder „Ds. Jacobs stuit voor probleme“ gesê is. Die teenstand, ja selfs vyandigheid wat hy van die kant van die kerkraad ondervind het, moes hom tot die besef gebring het dat dit „sinneloos“ is om nog verder daar te bly. Hierdie twiste het voortge-

493) Die Kerkbode, 26 April 1906, „Blikken in het Rond“

494) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule 14/2/1907,

495) Die Kerkbode, 23 Maart 1911. art. 2.

496) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule 21/12/1907.

497) N.G.K.A. - Kaapstad, Handeling der 23ste Vergadering van de Synode der N.G. Kerk in Zuid-Afrika, Kaapstad, 14 Oktober 1915 e.v.d.

498) Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.24.

spruit, so het ons gesien, uit die verskil van mening met betrekking tot die stigting van die „Gemeente Chubut" aan boord van die Cornwall op 13 September 1903. Indirek, sê Conradie, „was die stigting van 'n naamlose of baster gemeente sonder verband die grond-oorsaak van die driejarige twis en vyandskap tussen ds. Jacobs en C.J.N. Visser C.S., wat ds. Jacobs ge-noodsaak het om in Maart 1910 die Moderatuur van die N.G. Kerk Suid-Afrika te versoek om hom te herroep ⁴⁹⁹⁾

8.1. Ds. Jacobs onvergenoegd

Van die begin van sy bediening aldaar, het ds. Jacobs baie klem gelê op die noodsaaklikheid van 'n kerkgebou op 'n sentrale plek. ⁵⁰⁰⁾ Rondom die ontwikkeling van hierdie gedagte, het daar later baie twis en bitterheid ontstaan. In die lig van baie faktore, was die aandrang op 'n kerkgebou op 'n sentrale plek soos Comodoro Rivadavia aan die begin van die kerklike ontwikkeling aldaar, nie 'n baie praktiese gedagte nie. Later het dit geblyk dat 'n kerkgebou te Comodoro Rivadavia tog wel die regte stap sou wees. ⁵⁰¹⁾

8.1.1. Die kerkgebou misluk

Die teleurstelling wat ds. Jacobs in hierdie opsig gehad het, het hom inderdaad 'n diep teleurge-stelde man gemaak en hom tot die besef laat kom dat sy werk aldaar geen doel dien nie. Hy skryf: „Voor den Afrikaner althans zijn kerk en kerkgebouw onaf-

499) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.18, Deel II.

500) Sien „Ds. Jacobs en die kerkbou-kwessie".

501) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, Ongedateerde brief aan „Zaakgelastigde der N.G. Kerk in Z.A."

scheidelijk en kerkgaan onmogelijk zonder de gewijde plaats".⁵⁰²⁾ Daarom skryf hy ook: „Dit zijn geen sameenkomsten waar er gepreek word tot de leden van een huisgezin. Beide spreker en hoorders gevoelen dat er geen verzadiging is waar men niet met de feestvierende menigte naar het Godshuis opgaan".⁵⁰³⁾ Dit was natuurlik 'n naïwe opvatting van ds. Jacobs. Hy het hom so blind gestaar teen die oprigting van 'n kerkgebou, dat, toe dit nie verwesentlik kon word nie, dit vir hom daarop neergekom het dat sy rondgaan in die kolonie eintlik tydmors is. Om van plaas tot plaas te reis en Nagmaal selfs buite te bedien, sê hy, stig nie.⁵⁰⁴⁾ Hy en ook baie ander „denken verlangend terug naar deze gezegende sameenkomsten, wetende dat we ze hier niet spoedig of nooit zullen hebben".⁵⁰⁵⁾

Bo en behalwe dat die kerkraad niks aan die saak gedoen het om hierin verandering te bring nie, was die „correspondentie die men over de zaak met de Commissie in Kaapstad dreef ook tevergeefs".⁵⁰⁶⁾ Dit moes hom die gevoel gegee het dat hy geheel en al alleen staan. Waarom sou hy dan verder voortgaan?

8.1.2. Behoeftte aan Kollegiale kontak

As beginner was dit seker ook geweldig neerdrukkend dat daar geen ander kollegas was by wie hy nou en dan kers kon gaan opsteek nie, by wie hy kon

502) Die Kerkbode, 23 Maart 1911.

503) Ibid., 18 Januarie 1910, Sien ook Die Kerkbode, 5 Mei 1910.

504) Ibid., 22 Julie 1909, p.345.

505) Ibid., 18 Januarie 1910. Hy verwys hier na 'n verskeidenheid sameenkomste, soos wat dit in S.A. in die kerklike lewe aangetref word.

506) Ibid., 23 Maart 1911.

gaan aanklop om raad en advies nie. Hy skryf dan ook: „nooit zag ek egter in 4 jaar 'n ander leeraar of zending".⁵⁰⁷⁾ Uit die verband waarin hy dit vermeld, kan bemark word dat hy moeg is hiervoor, dat hy verlang om ook met ander kollegas gemeenskaplike probleme te bespreek. Dat dit 'n oorweging was waarom hy die Modetratuur versoek het om hom terug te roep, was seer sekerlik so, al was dit miskien 'n ondergeskikte oorweging.

8.1.3. Te veel vir sy kragte

Dan was daar ook 'n ander faktor wat ons in gedagte moet hou, en dit is dat geen vlees en bloed met so 'n taak kan volhou sonder om liggaamlik en geestelik daardeur afgetakel te word nie. Hy skryf dan ook: „die reise bring uitputting en onvergenoegdheid mee". Hy het in die jaar 1909 meer as 943 myl gery en het maar agt buitedienste gehou. Die laaste reis skryf hy het op 13 Desember geëindig en het twee maande en drie dae geduur. Tussen die derde en vierde diens het hy twaalf dae gery, en 6 nagte agtereën buite geslaap, voordat hy weer by 'n boereplaas uitgekom het.⁵⁰⁸⁾ Die werk was te veel vir sy kragte.⁵⁰⁹⁾

8.1.4. 'n Prakties onmoontlike taak

Hy het ook geleidelik tot die oortuiging gekom dat geestelike werk onder die mense nie prakties moontlik en uitvoerbaar is nie. Die kinders kon nie by Sondagskole en dagskole uitkom nie.⁵¹⁰⁾ Dis onmoont-

507) Die Kerkbode, 23 Maart 1911.

508) Ibid., 18 Januarie 1910.

509) Die Staatsbiblioteek, Pretoria. Die Boer in Argentinië, deur Dirk Boshoff in „De Volkstem", 17 September 1912, p.3.

510) Ibid., 30 Maart 1911.

lik om krankes te besoek en gestorwenes selfs 'n behoorlike begrafnis te gee. Daar kon nie bidure of ander samekomste gehou word nie.⁵¹¹⁾ Die kerkraadslede kon ook nie vir vergaderings bymekaar gekry word nie.⁵¹²⁾ Die invloed van die omgewing is ook magtiger as die pogings wat aangewend word tot opbouing van die gemeente.⁵¹³⁾ Ja, tot selfs die klimaat maak dit onmoontlik om met die geestelike werk voort te gaan.⁵¹⁴⁾ In die winter kom die werk feitlik tot stilstand.⁵¹⁵⁾ Dit alles laat ds. Jacobs uitroep: „Och! dit is een kafferleven”.⁵¹⁶⁾ En so het ds. Jacobs die kommissie vir Hulpbehoewende Gemeentes versoek om hom terug te roep.

In 'n persoonlike skrywe van ds. Jacobs aan die Saakgelastigde van die N.G. Kerk in Suid-Afrika, ds. D. Marchand, het hy die omstandighede aldaar uiters donker geskilder. Dit het die vraag laat ontstaan: „of het niet tijd is om ds. Jacobs terug te roepen en pogingen aan te wend om de nog overblijvende Afrikaanders te bewegen tot hun Vaderland terug te keeren”.⁵¹⁷⁾ Hulle sou graag iemand daarheen wou stuur om die werk te gaan ondersoek en rapport uit te bring, maar „wegens gebrek aan fondsen moesten wij het plan laten varen”⁵¹⁸⁾

511) Die Kerkbode, 18 Jan. 1910, Ook Die Kerkbode, 30 Maart 1911.

512) Ibid., 5 Mei 1910.

513) Ibid., 30 Maart 1911.

514) Ibid., 5 Mei 1910.

515) Ibid., 4 Julie 1907, p.343.

516) Ibid., 5 Mei 1910.

517) Ibid.

518) Handelingte der 22ste Verg. van die Synode der N.G. Kerk in Z.A. gehouden te Kaapstad, 1909, 14de Sitting IV Het werk van ds. A.J. Jacobs.

8.2. Ds. Jacobs versoek om teruggeroep te word

Intussen het ds. Jacobs dan ook die versoek tot die Kommissie vir Hulpbehoewende Gemeentes gerig om hom terug te roep en na rype oorweging is daar deur die Kommissie besluit om aan sy versoek te voldoen.⁵¹⁹⁾

Op 15 Oktober 1910 het ds. Jacobs sy „Acta van Dimissie” van die kerkraad ontvang.⁵²⁰⁾ Interessant is egter om te vermeld dat daar op die kerkraadsvergadering slegs 5 kerkraadslede teenwoordig was. Die ouderlinge C.J.N. Visser en C. Myburgh was sonder verskoning afwesig. Nadat br. Yeats dit onder die aandag van die kerkraad gebring het: „dat de kerkraad bedankt de leeraar, ds. Jacobs, voor de diensten bewezen ...” het hulle aan hom ’n geskenk van 86 pesos oorhandig.⁵²¹⁾ Dit was ongeveer £7 sterling gewees.⁵²²⁾ Die geld was spesiaal vir die bou van ’n kerk ingesamel.⁵²³⁾ Dit was ook al wat oorgebly het nadat die broeders kerkraadslede terugbetaal is vir die geld wat hulle aan die kerkraad voorgeskiet het om die losies van ds. Jacobs by br. P.H. Henning te betaal.⁵²⁴⁾

Op 16 November 1910 het ds. Jacobs met sy vrou en twee kinders, Roca en Michiel Adrian,⁵²⁵⁾ vanaf Comodoro

519) Handelingte der 23ste Verg. van de Synode der N.G. Kerk in Z.A., Kaapstad, 15/10/1915 e.v.d.

520) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule kerkraadsvergadering 15 Oktober 1910.

521) Ibid., 15 Oktober 1910.

522) Ibid., G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.81.

523) Ibid., G.80,1/1, notule 15 Oktober 1910.

524) Sien kerkraadsnotule 2 November 1907. Op die vergadering is die kerkraadslede versoek om die kerkraad 180 pesos voor te skiet vir die delging van die losies van ds. Jacobs by br. Henning.

525) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,3/1.

Rivadavia vertrek. Op 31 Desember 1910 is hulle vanaf Buenos Aires na London waar hulle op 25 Januarie 1911 aangekom het. Na 'n maand se verblyf in London het hulle veilig op 7 Maart 1911 in Kaapstad aangekom, na byna 5 jaar se verblyf in Argentinië.⁵²⁶⁾

8.3. Die werk word gestaak

Nadat die Kommissie vir Hulpbehoewende Gemeentes op 9 Maart 1911 'n onderhoud met ds. Jacobs gehad het en verslag van sy werksaamhede en toestande aldaar aangehoor het, het die Kommissie besluit om geen arbeider weer daarheen te stuur nie.⁵²⁷⁾ Ds. Lückhoff skryf dat die rapport wat ds. Jacobs by sy terugkoms aan die Kommissie vir Hulpbehoewende Gemeentes voorgelê het, in sulke donker trekke geskilder was en dat die vooruitsigte van die landsverhuisers so treurig voorgehou was, dat die Kommissie in sy verleentheid maar besluit het om die werk te laat vaar.⁵²⁸⁾ Op 'n fyn manier laat ds. Lückhoff egter die klem val op die mededeling van ds. Jacobs dat die boere besig is om hulle plase te ontruim en van plan is om na Suid-Afrika terug te keer, om daardeur te probeer aantoon dat dit deurslaggewend was vir die besluit van die Kommissie om die werksaamhede aldaar te staak. Hy stel dit so asof ds. Jacobs alle klem hierop laat val het en dat hy oortuig was dat die Boere uit hulle grond sou raak en noodwendig na Suid-Afrika sou moes terugkeer. Maar sê ds. Lückhoff: „ds. Jacobs het ongelukkig die bal misge-

526) Die Kerkbode, 9 Maart 1911.

527) N.G.K.A. - Kaapstad, Handelingte der 23ste Vergadering v/d Synode der N.G. Kerk in Z.A. - Kaapstad, 14/10/1915 e.v.d., 32ste Sitting Verslag van Commissie.

528) Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.25.

slaan in sy verwagting en voorspelling. Die skadelike proses het 'n end gekry en die boere het in die land gebly. Wat hy egter toegegee het as moontlik, maar heeltemal onwaarskynlik, is juis wat gebeur het".⁵²⁹⁾ Die feit dat die N.G. Kerk nie weer iemand na Argentinië gestuur het nie, is volgens Lückhoff dus a.g.v. die mistasting van ds. Jacobs t.o.v. die situasie aldaar.

8.3.1. Die ware feite

Maar wat het ds. Jacobs in sy verslag gesê? Aleer hy by die vermelding gekom het van die boere wat besig is om hulle plase te ontruim, het hy by die belangrike vraag stilgestaan of die Kaapse Kerk die werk aldaar moet voortsit. Hy stel dit, dat hy met opset in die rapport die moeilikhede, versoeke, gebreke, ens. geskilder het en so die skadukant van die werk geteken het:

„Des te meer sal de kerk de noodzaakelijkheid van arbeid aan onze uitgewekene geloofsgenooten erkennen, want men verzorgt de zieken en niet de gezonden. Onder de uitgewekenen zijn er goede vrome mensen die hoewel niet zonder fouten nochtans begeeren om in de schoot van de Moederkerk te blijven en hun kinderen in het geloof der vaderen op te voeden. Deze lieden zijn over de toekomst bekommerd, vooral met het oog op de mogelijke staking van het werk".⁵³⁰⁾

Ds. Jacobs het dus met 'n beroep op die Skrif gepleit dat die N.G. Kerk die werk moes voortsit onder die uitgewekenes na Argentinië. Eers hierna het hy mel-

529) Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.25.

530) Die Kerkbode, 30 Maart 1911.

ding gemaak van die boere wat besig is om hulle plase te ontruim. Dit sal die werk bemoeilik, het hy gesê, maar dit moet die kerk nie laat afskrik om 'n arbeider daarheen te stuur nie. Dit sal en kan nog lank neem voordat die land verlaat is. En, het hy voortgegaan — „als die tije beter word blij daar gewis 'n nedersetting van boere agter, sterk genoeg om het de moeite waard te maken een leeraar erheen te zenden en te bearbeiden".⁵³¹⁾

Ds. Lückhoff wou dus met hierdie voorstelling van sake die roepingsversaking van die Kaapse N.G. Kerk, van hom af weg projekteer want die werklikheid was wel anders. Iemand moes die skuld kry want: „vir veertien lange jare, 1911 tot 1925, het die Moederkerk sy uitgewekenes in die verre Chubut aan hul lot oorgelaat, en was hy tevrede om nooit naar hulle toestande navraag te doen nie!"⁵³²⁾ En hierdie optrede so het Conradie geskryf, was 'n „skandvlek" op die Ned. Geref. Kerk van die Kaap Kolonie ..."⁵³³⁾ Inderdaad, hierdie optrede van die Kaapse N.G. Kerk kan moeilik begryp word. Tog was daar sekere sake wat 'n rol gespeel het t.o.v. hierdie houding van die kerk.

8.3.2. 'n Gebrek aan fondse

In die rapport van die Kommissie vir Hulpbehoewende Gemeentes wat voor die Sinode van 1909 gedien het, verneem ons dat as gevolg van gebrek aan fondse, hulle die plan laat vaar het om iemand daarheen te

531) Die Kerkbode, 30 Maart 1911.

532) Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.27.

533) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80, 10/1. Conradie, F.D., a.w., p.44 Deel II.

stuur om ondersoek in te stel en rapport uit te bring. Ons verneem ook verder dat die spesiale bydraes vir die werk sedert die laaste sinode slegs £18 6s. was.⁵³⁴⁾ Dit blyk dus dat a.g.v. 'n gebrek aan fondse, die werk begin skipbreuk ly het. Wat in 1909 geblyk het, het spoedig werklikheid geword. Ds. Lückhoff maak dan ook later die erkenning: „die oproep van die Kommissie vir bydrae het misluk, daar was geen genoegsame belangstelling by die gemeentes nie. Weens gebrek aan fondse is die werk onder die uitgewekenes gestaak!“⁵³⁵⁾ Die gebrek aan fondse was dus 'n faktor waarom die Kommissie vir Hulpbehoewende Gemeentes besluit het om die arbeid daar te staak. Tot en met die terugroeping van ds. Jacobs het die arbeid aldaar reeds £1256-3-10 gekos.⁵³⁶⁾

8.3.3. Kritiek ontlok

Hierdie erkenning waarom die werk gestaak is, het kritiek van verskillende kante uitgelok. 'n Kommissie om ondersoek ter plaatse in te stel, so is geskryf, sou die regte stap in die regte rigting wees. Dan sou die waarheid aan die lig gekom het „maar daar was gebrek aan fondse, soos gewoonlik die ekskuus was, buite en behalwe waar dit barbare geld buite die grense van die N.G. Kerk, wanneer daar altyd duisende van ponde gevind word — maar vir eie ras, eie landsgenote, eie lede en lidmate, is daar altyd die laakbare verskoning „gebrek aan fondse" waardeur die Afrikanerdom

534) Handeling van die 22ste Vergadering van die Synode der N.G. Kerk in Zuid-Afrika - Kaapstad 1909, Veertiende Sitting IV : Het werk van ds. A.J. Jacobs.

535) Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.27.

536) Sien verslae van Kommissie vir Hulpbehoewende Gemeentes aan Sinodes van 1909 en 1915.

geestelik te gronde gaan en die naturelle - en barbaarse rasse verhef word Waar is daar 'n grijntjie van verdediging vir die skatrijk Moederkerk? een dag sal God verantwoording eis van die bo mate bevoorregte Ned. Geref. Kerk vir die verwaarloosde siele aan sy sorg deur die Koning van alle kerke toevertrou .."⁵³⁷⁾ Maar nie net uit Argentinië is stemme van kritiek verneem nie. Ook in Suid-Afrika self het daar stemme opgegaan. In „Die Brandwag" van 1 Mei 1915 het die redakteur 'n artikel oor die Afrikaners in Argentinië, wat in „De Heraut", 'n Hollandse kerklike blad, weergegegee was. Die redakteur verklaar dat hy dit gedoen het „om die mededeling dat Afrikaners uit Holland en Amerika gehelp word, dat ons hier in Suid-Afrika blykbaar te swak is om ons mede-Afrikaners daar oorkant behoorlik te voorsien van 'n predikant. Naar die binneland van Afrika, ja seker, om daarheen Afrikaners te stuur om 'n vrij twijfelagtige sendingswerk te verrig, het ons geld genoeg voor, maar blykbaar nie als dit daarop aan kom om mense van ons eie ras te steun nie. Ons moet nou nie weer die fout van die Voortrek herhaal nie, toen min van ons toenertijdse geestelike leiders die moed gehad het om die Afrikaner die wildernis in te volg".⁵³⁸⁾

Tog het die N.G. Kerk hierdie kritiek lydelik aangehoor. Bo en behalwe hierdie stemme was daar uit Argentinië self, ook ander smeekstemme. In opdrag van die kerkraadsvergadering van 28 Februarie 1912, skryf drie broeders t.w. C.J.N. Visser, Tj. van der

537) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.46 Deel II.

538) Ferdinand Postma - Biblioteek, Die Brandwag, 1 Mei 1915, Van die Editeur.

Walt en C. Yeats 'n brief aan die Saakgelastigde van die N.G. Kerk in Suid-Afrika. In die brief vermeld hulle: „dat kerkraad en gemeente zeer begeerig zijn om weer een leraar en herder te hebben en verzoekt beleefdlik en dringend dat de Eerw. Synode ons helpen dat hier ruim 700 zielen zijn dat het tot opbreking van de kolonie en gemeente nog niet gekomen is en wij geloven dat wat trek aangaat over en weer van hier naar Zuid-Afrika van jaar tot jaar zal plaats vinden zooals nog ieder jaar het geval was. Zoo zijn weder eenige maanden geleden twee families bestaande uit twaalf personen aangekomen, en gedurende deze winter worden er nog eenige families verwacht, daartegen zijn hier families die willen terug als zij met voordeel kunnen uitverkopen. De kerkraad hoopt en vertrouwt dat haar beleefd en dringend versoek door Gods genade ten uitvoer zal gebracht worden, en belooft jaarliks de som van 1200 pesos, d.i. iets over £100 te betalen tot onderhoud van leeraar intuschen zal de Kerk doen wat zij kunnen om een Protestante leeraar van Buenos Aires te krijgen om dienst te houden en Sacramenten te bedienen, doch selfs indien wij daarin slagen zijn er vele moeilijkheden aan verbonden ten grootste omdat die personen niet ons taal kennen ..”⁵³⁹⁾ Op hierdie brief het hulle nooit eers 'n antwoord uit Suid-Afrika ontvang nie. Op 20 September 1913, het bogenoemde persone andermaal aan ds. D. Marchand, Saakgelastigde van die N.G. Kerk in Suid-Afrika

539) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, Ongedateerde brief aan „Saakgelastigde der N.G. Kerk in Zuid-Afrika”.

geskryf.⁵⁴⁰⁾ Die inhoud van hierdie brief het vir ons verlore gegaan. Die antwoord van ds. Marchand daarop het egter vir ons behoue gebly. Ons word egter nie veel daaruit wys nie en ds. Marchand is kort en saaklik.⁵⁴¹⁾ Wat vir ons van belang is, is dat hulle behoeftes en geestelike nood by verskillende geleenthede aan die N.G. Kerk bekend gemaak is. Maar wat ons egter verwonder is dat die N.G. Kerk nie 'n vinger verroer het om in hulle behoeftes te voorsien nie, nieteenstaande die feit dat hulle ± R200 aangebied het vir die „salaris" van 'n predikant.

Op 26 Julie 1914, is daar weer 'n brief in die verband aan ds. Marchand geskrywe. Dit het as antwoord op sy brief van 16 April 1914 gedien. Hier moet ons egter noem dat daar toe reeds op samewerking tussen die twee gemeentes nl. die Gereformeerde Kerk en die Ned. Gereformeerde kerk besluit was, en dat daar ook reeds besluit was om ds. Sonneveldt as predikant vir beide die Gereformeerdes en die N.G.-lidmate te beroep.⁵⁴²⁾ In die brief aan ds. Marchand, word daar egter niks genoem nie, slegs verwykend gepraat van die N.G. Kerk wat nie antwoord op hulle briewe nie en dat die N.G. Kerk nie omgee dat wat in haar naam gedoen is, verval nie. Hulle

540) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80, 10/1. Conradie, F.D., a.w., p.64, Brief aan ds. Marchand, 26 Julie 1914.

541) Ibid., p.62, 63. Brief ds. D. Marchand aan Tj. van der Walt en C. Yeats, 16 April 1914.

542) Op 1 Maart 1913 is daar tot samewerking besluit en op 14 Mei 1914 is daar besluit om ds. Sonneveldt te beroep, Sien G.K.A. - Comodoro Rivadavia, notule 1 Maart 1913 en 14 Mei 1914.

wys nogeens daarop dat die toestand in die kolonie en gemeente deur ds Jacobs „overdreven, verdraaid en onjuist voorgesteld is anders kan het niet zijn want waarom dan na zooveel opofferingen een gemeente met een bloeiende toestand, en ruim 500 zielen telt zomaar zoo weggegooid en verlaten".⁵⁴³⁾ Ook na hierdie brief was daar geen reaksie van die kant van die N.G. Kerk nie. Dit bly vir ons 'n onverklaarbare raaisel, te meer nadat die saak ook in die openbare pers aangeroger was. Nadat Dirk Boshoff in 'n artikel op die geestelike toestand van die mense gewys het en op die gevare wat hulle bedreig, sê hy dat hy gemeen het: „dat dit sij plig was te wijs op die gevaar waarin ons mense verkeer, van steeds lager en lager te val als daar nie 'n hand uitgestrek word om hulle te help, en die hand moet deur hulle broers in Suid-Afrika uitgestrek word. Als ik dit wel het, sit die mense daar vandag geheel sonder 'n predikant of iemand anders om hulle die regte weg te wijs Als men nou denk dat daar sowat 500 siele nou somaar aan hulle lot oorgelaat is, in 'n wilde woestekomgewing, tussen mense waarvan die meerderheid geen geloof het en die owerige aan de Roomse Katolieke Kerk behoort, en wat oor algemeen, baie laag staan op sedelike gebied, en onse mense moreel aan hande en voete geboeid hou, als men nou denk dat dit die arme mense totaal ontbreek aan die nodige kragte om hulle te red uit die gevaar waarin hulle verkeer, dan moet hulle

543) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.64, 65. Brief van Tj. van der Walt en Chas Yeats aan ds. D. Marchand, gedateer 26 Julie 1914.

toestand daar voorseker bij ieder weldenkende Afrika-
ner 'n sekere mate van besorgheid opwek. En deur in
die hoofstuk op hulle toestand te wijs, is dit juis
die doel van die skrywer te trag die aandag van die
Kerk viral te vestig op die gevaar waarin die mense
verkeer."⁵⁴⁴⁾

Van alle kante af is die geestelike toestand en die
gehare wat die mense bedreig het, dus onder die aandag
van die N.G. Kerk gebring. Die N.G. Kerk het egter by
sy besluit gehou om nie weer 'n arbeider daarheen te
stuur nie. Hierdeur het die N.G. Kerk van die Kaap
Kolonie, geweldige verwyte vir hom op die hals gehaal.
Verwyte soos: „dat die Moederkerk byna krimineel nala-
tig en onverskillig was", en „dat dit 'n onuitdelgbare
klat op ons Kerk is, wat die kerk nog sal moet ver-
antwoorde!"⁵⁴⁵⁾ Waarom was dit so 'n onverskillige
daad? is geskryf. En dit was in die oë van baie die
ergste wat kon gebeur. „Hierdeur is aan die Gerefor-
meerdes die ope deur gebied om in te kom"⁵⁴⁶⁾

8.4. 'n Moontlike verklaring

Die enigste vermoede waarom die N.G. Kerk nie
weer besluit het om 'n arbeider daarheen te stuur nie,
kan hierin geleë wees „dat hulle aan die Gereformeer-
des die ope deur wou bied om in te kom".

Die N.G. Kerk van die Kaap Kolonie was deeglik bewus
van die ongewenste verhouding wat daar tussen die
Gereformeerdes en die N.G. Kerk bestaan het. Op die

544) „De Volkstem", 17 September 1912, p.3, Boshoff
Dirk, De Boer in Argentinië.

545) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D.,
a.w., p.20, Deel II.

546) Ibid.

Sinode van 1909, het die Kommissie vir Hulpbehoewende Gemeentes gerapporteer:

„uit rapporten in onze handen blijkt het dat er van onze kerk 146 ledematen zijn en van de Gereformeerde kerk 84. Van laatstgenoemden zijn 34 tot onze kerk overgekomen, doch de overigen schijnen geen begeerte te hebben om zich van den arbeid van ds. Jacobs te bedienen en de verhouding die er bestaat is eene ongewenschte u Kommissie had in den zin een schrijven aan de Geref. Kerk te richten haar vragende hare leden aldaar aan te raden zich onder de bearbeiding van onse leraar te stellen. Doch wegens de belangrijkheid der zaak, wil zij liever dat zoodanig schrijven indien nodig geoordeeld, van wege de Sinode selve geschiede" ⁵⁴⁷⁾ Die Sinode het egter nie oor die aanbeveling van die Kommissie gehandel en hom daaroor uitgespreek nie, maar slegs besluit: „om deze zaak (die bearbeiding van die Afrikaners in Argentinië), in hande van de Kommissie voor het Hulpbehoewende Gemeenten fonds te laten". ⁵⁴⁸⁾ Van die brief het daar dus niks gekom nie en die ongewenste verhouding het maar voortgeduur.

Intussen is daar reeds om 'n „verstandhouding" tussen die twee kerke gepleit:

„wij zouden zoover willen gaan om te zeggen dat indien de meerderheid aldaar den dienst der Geref. Kerk begeert, wij het werk in haar handen behooren te geven ..

547) Handeling van die 22ste Vergadering van die Synode der N.G. Kerk in Zuid-Afrika - Kaapstad 1909, Veertiende Sitting IV „Het werk van ds. A.J. Jacobs".

548) Ibid.

wil de Geref. Kerk in de geestelike behoeften dezer uitgewekenen voorzien, laat men dan tot een verstandhouding komen⁵⁴⁹⁾ Tot 'n verstandhouding is daar egter ook nie gekom nie.

Die N.G. Kerk in Suid-Afrika was bewus daarvan dat die Gereformeerdes in Chubut, by die Gereformeerde gemeente van Buenos Aires aangesluit het en dat hulle net gewag het dat Buenos Aires 'n predikant moes kry aangesien hulle begerig was om dan ook deur hom bedien te word.⁵⁵⁰⁾ In Desember 1910, het Buenos Aires 'n vaste predikant gekry in die persoon van ds. A.C. Sonneveldt. Onderhandelings sou dus dadelik met hom aangeknoop word van die kant van die Gereformeerdes, wat dan ook inderdaad in die loop van 1911 gebeur het.⁵⁵¹⁾

Op 28 Februarie 1912, besluit die N.G. kerkraad van die „Gemeente Kolonia Boera", om aan C.J.N. Visser opdrag te gee om in Buenos Aires te onderhandel met òf die Gereformeerde, Presbyteriaanse òf Wesleyaanse kerk in Buenos Aires ten einde 'n leraar te kry om hulle te kom besoek.⁵⁵²⁾ C.J.N. Visser was op die stadium reeds bewus daarvan dat ds. A.C. Sonneveldt predikant van die Geref. gemeente Buenos Aires was en die waarskynlikste sou wees dat hy ook met hom in verbinding sou probeer kom. Dit het dan ook gebeur.⁵⁵³⁾ Dat hulle sy dienste bekom het, is nooit amptelik aan die

549) Die Kerkbode, 10 Desember 1908, p.638.

550) Ibid.

551) G.K.A. - Buenos Aires, skrywe van ds. Sonneveldt aan den heer A. Rosing - Kaapstad, 20 Jan.1932. In die skrywe maak hy melding dat hy reeds aan die begin van 1912 besluit het om op versoek, na die Gereformeerdes in Chubut te gaan.

552) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule kerkraadsvergadering 28 Februarie 1912, art. 8.

553) Lückhoff, A.D., ds. a.w., p.30.

N.G. Kerk berig nie, maar uit persoonlike skrywes was die mense in Suid-Afrika volkome op hoogte met gebeure in Argentinië.

Die Kommissie wat egter met ds. Jacobs oor die kerkerf moes onderhandel, het aan hom geskryf dat:

„de nieuwe Gereformeerde kerk van Comodoro Rivadavia" besig is om beslag op sy erwe te lê. Ds. Jacobs skryf dat hy dit nie kan verstaan nie want selfs die N.G. kerk „zal niet maar zo alles opgeven aan het werk dat nu door de Christelijke Geref. Kerk gedaan word ..."⁵⁵⁴⁾

Dit was dus nou in Suid-Afrika bekend dat die Christelike Gereformeerde kerk van Nederland onder Boere in Argentinië werk.⁵⁵⁵⁾ Was dit die rede waarom die N.G. Kerk in Suid-Afrika, nieteenstaande al die kritiek wat hy deur sy besluit ontlok het, nie weer 'n arbeider na Argentinië gestuur het nie?

Die „samewerking" het blykbaar algemene tevredenheid ontlok en daardeur is die wrywing op kerklike gebied tussen die Gereformeerdes en die N.G.-lidmate dus nou ook uitgeskakel. Was dit deur die verwagting dat die samewerking 'n sukses sou wees en dat daardeur die twee kerkgroepe nader aan mekaar sou beweeg en een kerk sou vorm in 'n Suid-Amerikaanse kerkverband, dat die N.G. kerk van die Kaap Kolonie nie weer 'n arbeider na Argentinië gestuur het nie? Het hulle hierin 'n oplossing gesien vir die verdeeldheid op kerklike

554) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.67, Brief van ds. A.J. Jacobs, 24 Mei 1913 aan Tj. van der Walt.

555) Sien ook „Die Brandwag" 1 Mei 1915. Die artikel maak bekend dat die Boere in Chubut ds. A.C. Sonneveldt beroep het.

gebied onder die Afrikaners in Argentinië? Dit bly 'n ope vraag. Indien dit hulle uitgangspunt was, kon hulle dit ook nie sonder meer verkondig nie, want dit sou ook weer kritiek ontlok en opnuut die kerklike verdeeldheid in Argentinië aanwakker. Daarom was die beste beleid om maar liewers te swyg. Hoe dit ook al sy, die band met die Afrikaners in Argentinië is deur die N.G. Kerk verbreek en die hand van hulp is teruggetrek. Die Afrikaners sal voortaan op kerklike gebied aan hulle self oorgelaat wees.

8.5. Samevattende gedagtes

Die sending van ds. Jacobs het op 'n mislukking uitgeloop. Dit blyk in die eerste plek dat ds. Jacobs nie die regte persoon was om die werk daar te verrig nie. Dirk Boshoff skryf later dat dit miskien beter is as hulle sonder 'n predikant is „dan iemand daar te hê voor wie hulle geen respek het nie, wat hulle nie kon lei nie, en hulle volstrek nie verstaan nie. So iemand doet meer kwaad dan goed”.⁵⁵⁶⁾ Na sy vertrek skrywe die kerkraad aan die Moederkerk dat indien hulle weer 'n leraar stuur, „als het eenigsins moegelyk is, dat de leeraar ook ervarendheid en menschen kennis bezit. Met spijt moet de kerkraad erkennen dat er geen geestelike en stoffelike bloei in die gemeente onder de bediening van ds. Jacobs was”.⁵⁵⁷⁾ Die kerkraad en gemeente was met betrekking tot die mislukking van die

556) „De Volkstem”, 17 September 1912, „Die Boer in Argentinië”, deur Dirk Boshoff.

557) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, ongedateerde brief aan die „Zaakgelastigde der N.G. Kerk in Zuid-Afrika”.

geestelike arbeid aldaar, nie vry te spreek nie. Dat hulle 'n groot aandeel daaraan gehad het, is nie weg te redeneer nie.

Die feit dat ds. Jacobs die klem van die staanspoor af so op 'n kerkgebou op 'n sentrale plek laat val het en Comodoro Rivadavia daarvoor uitgekies het, was 'n verkeerde aanvangspunt vir sy werk. Hy moes met wyksdienste volhard het totdat omstandighede vir die bou van 'n kerk self 'n sentrale plek uitgewys het. Hierdeur sou hy vir hom baie verdriet en ellende bespaar het en die goeie gesindheid van baie miskien behou het.

Die N.G. kerk kon uit Suid-Afrika slegs maar die „salaris" van ds. Jacobs aanstuur. Ons weet ook nie van meer wat deur die Moederkerk gedoen is nie. Uit die notules van die „Gemeente Kolonia Boera", blyk dit dat daar nooit enige korrespondensie van die N.G. kerk uit Suid-Afrika ontvang is nie, behalwe die toestemming wat op hulle versoek ontvang is om te sê dat ds. Jacobs wel langer as een jaar daar kon bly. Die geweldige afstand tussen Suid-Afrika en Argentinië, was natuurlik 'n geweldige probleem wat nouer kontak tussen die kerke baie bemoeilik het. Korrespondensie het soms maande geneem om sy bestemming te bereik.

Wat die verhouding tussen die Gereformeerdes en die N.G. Kerk betref, wil dit blyk dat die Gereformeerdes in hulle siening van kerklike aangeleenthede onder die Afrikaners in Argentinië, tog reg was nou dat die N.G. Kerk in Suid-Afrika die band gebreek, en die hand van hulp teruggetrek het.

Indien „een selfstandige kerk" in 1907 gestig was, kon die gemeente reeds in verband getree het met die Gereformeerde gemeentes van Buenos Aires en Tres Arroyos waar daar nou reeds Gereformeerde gemeentes was. Om in kerkverband met Buenos Aires en Tres Arroyos te staan, sou in elk geval minder praktiese probleme opgelewer het as om met die N.G. Kerk in Suid-Afrika te „affilieer".

Die feit dat die N.G. Kerk nie weer 'n arbeider na Argentinië gestuur het nie, het 'n nuwe periode in die geskiedenis van die Afrikaners in Argentinië ingelui, nl. die periode van samewerking tussen die twee kerke.

